# TAALGENOOT

*TAALGENOOT* IS DEUR DIE SA PUBLIKASIEFORUM AS DIE BESTE INTERNE TYDSKRIF VIR 2020 AANGEWYS.



ATKV

SOMER **2021**



via.
DStv-kanaal 147
Herman se mikro-geheime
Kosverrassings VIA Herman se mikrogolf
Woensdae 17:00
viatv.co.za
VIATV
viatv
Fotograaf: Michael le Grange

# INHOUD


5 **REDAKTEURSBRIEF**
Noodsaak word 'n 'smaaklike' dryfveer

6 **STANDPUNT**
2021: 'n Jaar van hoop

7 **MARITA VAN DER VYVER**
Spoke se waarder waarheid

8 **SOPHIA KAPP**
Die stilte waarin stories leef

9 **JACO VAN SCHALKWYK**
Die romantiek van verleiding

14 **VLOEK EN DIG**
Al vloekende, al digtende

18 **SKATEISTAN**
Skaatsplank word hul veilige plek

22 **RYAN PEDRO**
Laat die laaities lees

24 **MEERTALIGHEID**
'Poliglot' is nie 'n vloekwoord nie

27 **'N WEGBREEKJAAR**
Die leerkurwe van grootword

33 **TIENERTONEEL**
Wanneer tieners superhelde word

36 **TAALTEGNOLOGIE**
Hallo, app! Koebaai, woordeboek

39 **COVID-19 EN KINDERS**
Gesoek: Gogga maak vir 'baba' báng

42 **OORDE**
'n Goue week van pret en plesier


46 **TARRYN WYNGAARD**
Die harmonie ... van uit ritme wees

52 **COMRADES**
'n Viering van kameraderie

58 **ALABAMA**
Daar kom (en gaan) die Alabama

62 **PIONIERSKOOLTUIN**
'n Tuin vir al die sintuie

66 **DIE DROOGTE**
Deel jou môres




# INHOUD


**70 SOSIALE DILEMMA**
Anti-sosialemedia

**73 BULL RUN**
Op die vlakte van sand kraai Panslaner II koning

**78 ATKV-TAKKE**
Taknuus in beeld

**82 DIGTERS**
Stil, almal, daar gaan 'n digter verby

**85 BUITELUGKUNS**
Die skeppingsdrang in elke druppel en vlokkie

**89 E-KERK**
En nou, broers en susters … Die E-vangelie

**92 TROULA GOOSEN**
G'n raaisel oor wat háár eerste liefde is

**94 WOORDVEERTJIES**
'n Veertjie vir dié wenwoorde

**96 TOORBOS**
Met 'n rolprentkamera in die toorwoud

**100 SAKKIE KOTZE**
Onblusbare kultuurliefde

**102 WESENS**
'n VVV op my Karoo-stoep

**104 KOOS KOMBUIS**
Om weer van nul af te tel

**105 FOURIE ROSSOUW**
Om te doop met oorgawe

**106 BLOKRAAI**
Voltooi en wen!







REDAKTEUR Johan Jack Smith
ASSISTENTREDAKTEUR Reza Clifford
PRODUKSIEREDAKTEUR Martie Swart
UITLEGKUNSTENAAR Marelise Scholtz
TAALVERSORGING Marli Swanepoel, Jacques Liebenberg

INTEKENARE Lillian Meyer 011 919 9112 of LillianM@atkv.org.za of Taalgenoot@atkv.org.za
BEMARKING & ADVERTENSIES
Johan Jack Smith: JohanS@atkv.org.za
Reza Clifford: Rezav@atkv.org.za

TAALGENOOT
Vir redaksionele of advertensienavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel.: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0208
Vrybelnommer: 0800 00 2209
E-pos: JohanS@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

ATKV-HOOFKANTOOR
Vir adresveranderings of ledenavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel.: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0205
Vrybelnommer: 0800 00 2209
E-pos: atkv@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

BUFFELSPOORT Die Oordbestuurder, Privaatsak X222, Mooinooi 0325.
Tel.: 014 572 1000 • Faks: 014 572 1010.
E-pos: buffelspoort@atkv.org.za

DRAKENSVILLE Die Oordbestuurder, Posbus 53, Jagersrust 3354.
Tel.: 036 438 6287 • Faks: 036 438 6524.
E-pos: drakensville@atkv.org.za

EILAND SPA
Tel: 015 386 8000 • Faks: 015 386 8032
E-pos: eilandspa@atkv.org.za

GOUDINI SPA Die Oordbestuurder, Posbus 47, Rawsonvile 6845.
Tel.: 023 349 8100 • Faks: 023 344 3158.
E-pos: goudini@atkv.org.za

HARTENBOS Die Oordbestuurder, Posbus 3, Hartenbos 6520.
Tel.: 044 601 7200/19/21 • Faks: 044 695 0770
E-pos: hartenbos@atkv.org.za

KLEIN-KARIBA Die Oordbestuurder, Posbus 150, Warmbad 0480.
Tel.: 014 736 9800 • Faks: 014 736 3457. E-pos: kariba@atkv.org.za

NATALIA Die Oordbestuurder, Posbus 11, Winkelspruit 4145.
Tel: 031 916 4545/6 • Faks: 031 916 2212.
E-pos: natalia@atkv.org.za

Besprekings vir enige van die ATKV-oorde kan ook weeksdae vanaf 08:00 tot 17:00 by die sentrale besprekingsnommer op hoofkantoor 011 919 9076 of 011 919 9058 gemaak word

*Alle foto's soos in die tydskrif gebruik verkry vanaf Adobe Stock tensy anders aangedui.



TG word uitgegee deur die ATKV, Posbus 4586, Randburg 2125. Die menings uitgespreek in TG weerspieël nie noodwendig die amptelike standpunt van die ATKV nie. Geen deel van die inhoud mag sonder die toestemming van die redakteur elders gebruik word nie. Alle medewerkers, fotograwe en kunstenaars doen afstand van hul outeursreg sodra 'n bydrae in TG gepubliseer is. TG neem nie aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkeur van die taal van adverteerders of advertensies nie. Die menings en standpunte uitgespreek deur lesers, skrywers en kunstenaars in TG is nie noodwendig die standpunt van die ATKV nie.



# NOODSAAK WORD 'N 'SMAAKLIKE' DRYFVEER

**DEUR**
**JOHAN JACK SMITH**

Ek is 'n roetinemens. 'n Gewoontedier. Ek het dit weer agtergekom tydens ons afdeling se jaarafsluiting. Sien, ek hou maar van wat ek ken as dit by kos kom. Bobotie en rys, 'n lekker kerrie, pap en wors en 'n hamburger. Sekere souse is integraal – ek eet nie kerrie sonder blatjang nie, ook nie vis sonder mayonnaise en skyfies sonder tamatiesous nie. Dit is so erg, die een keer toe my ma my bord kerrie voor my neersit en daar nie blatjang is nie, sit ek die bord terug in die louoond en ry summier supermark toe om blatjang te koop.

Maar terug by die ete. Die redaksie dink dit toe goed om by 'n eksotiese Chinese restaurant in Linden te gaan eet. Ek hou nogal van soesji, ek moet bieg, maar die ander goed – soos *broth* wat smaak na skottelgoedwater met 'n stuk drywende, opgekookte, bleek vleis – nee, man, ek is seker die land se swakste koshuise het al beter kos voorgesit. Om nie eens te praat van die spierwit *dim sum*-gebroedsel met die vleisie wat skugter in die middel wegkruip nie. Name soos *chashao*, *har gow* (wat my te veel laat dink het aan *hair grow*) en *shao mai* op die spyskaart het my effe ongemaklik gestem. En dan is daar natuurlik die spookstories van Dalmatiese honde se vleis wat as voorkeurkos in sekere lande in die Ooste beskou word.

Ek kan net nie die 101 hondjies in die kinderstorie bybring as iets wat aan my opgedis word nie.

In elk geval, ek volg toe my kollegas se advies (en die eienaar s'n wat maar 'n bietjie moerig gelyk het toe ek my neus optrek vir haar spyskaart) en bestel hoender-*potstickers* (in olie gebraai, natuurlik) en *shaved beef in plum chilli sauce* as hoofgereg. Ek het maar my vurk opgetel – my hande is jare al te oud om iets soos eetstokkies te bemeester – en begin versigtig eet.

Ek was aangenaam verras. Dit was geurig en vullend. En al was dit dalk 'n bietjie aan die duur kant, het ek net weer besef – daar is altyd plek vir nuwe dinge. Soos my trippie na die Bull Run (sien bl. 73), wat al was wat ek nodig gehad het om hierdie blêrrie jaar 'n bietjie in te kleur. Dit was lekker om weer saam met ou vriende te kuier wat vir jou grappies lag wat jou vrou gewoonlik dink is bar of kinderagtig.

Iemand het eendag gesê: "Probeer net een keer 'n maand wegkom, al is dit net buite jou poskode. Dit gee jou nuwe perspektief." Slaap in 'n ander bed. Gesels met die *locals*. Vergeet van die huis.

In 'n mate is dit ook die geval met die nuwe *Taalgenoot*. Die tydskrif is nou al 'n wyle beskikbaar in digitale formaat, maar in hierdie uitgawe val ons fokus op die digitale aspekte en minder op die gedrukte weergawe. Verandering. Maar, weet jy, dis lekker.

As daar een ding is wat dié jaar ons geleer het, is dit om verandering te omarm. Ons gaan steeds ons beste doen om die beste inhoud te lewer, net in 'n nuwe baadjie.

Namens die *Taalgenoot*-span – geniet die feestyd en bly veilig. Rus lekker. Ek dink ons almal het dit nodig. Probeer iets nuut.

Maak net seker die Dalmatiese hondjies bly op jou televisieskerm. **T**

STANDPUNT



# 2021: 'N JAAR VAN HOOP

**SONÉL BRITS**
**BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE ATKV-MSW**

*Hoop skyn op sy helderste wanneer die nag op sy donkerste is.*
*Hoop motiveer wanneer ontmoediging ons pad kruis.*
*Hoop soek antwoorde wanneer niemand meer praat nie.*
*Hoop reik na antwoorde wanneer niemand vra nie.*
*Hoop hou aan op pad na die oorwinning wanneer niemand wen nie.*

– John C. Maxwell

Ons staan aan die einde van 2020. Ek dink nie enigeen kon voorsien dat ons ooit hier sou uitkom nie. Dit het soms gevoel ons gaan nooit hierdie berg se kruin bereik nie, maar ons hét.

Daar is baie om voor dankbaar te wees. Ons moet vir mekaar sê dit was 'n uitdagende jaar. Dit het baie aanpassings geverg; om dinge nuut te bedink en te innoveer. Dit was ook 'n wonderlike tyd, ten spyte van uitdagings wat ons nooit kon voorsien toe 2020 begin het nie.

Dit is ook die jaar waarin ons die 90ste bestaansjaar van die ATKV sou gedenk en wat ons heeltemal anders sien ontvou het. Een van die groot mylpale in 2020 was dat ons vinnig na digitale platforms moes beweeg. Projekte is met groot sukses daarop aangebied. Ja, ons het hard gewerk en is dankbaar vir wat ons daaruit kon leer en bereik.

Die ATKV-takke het vanjaar ongelooflike werk gedoen om hul gemeenskappe te steun. Ons neem met trots kennis daarvan en wil vir elkeen van hulle baie dankie sê vir hul bydrae en dat hulle hul weg oopgesien het om te midde van uitdagings steeds die gemeenskap te dien.

Die ATKV staan bekend as 'n doen-organisasie en die ATKV-takke het dit nogmaals bevestig.

Aan die ATKV-personeel en aan die ATKV-direksies wil ek 'n baie spesiale woord van dank rig. Vir ses maande was die ATKV-oorde gesluit. Dit het 'n groot finansiële impak gehad. Daar is van personeel verwag om baie meer te gee en meer te doen. Ons moes ook tot siens sê aan sommige kollegas. My wens vir hulle is 'n baie mooi en goeie toekoms.

Ek is baie dankbaar om aan die einde van hierdie jaar te kan sê ons het die organisasie verantwoordelik bestuur en ons gaan 'n pragtige 2021 tegemoet. Dit is 'n jaar van hoop. Dis 'n jaar van dankbaar wees en bou op 'n platform wat al 90 jaar staan.

Die ATKV het nog altyd danksy sy lede bestaan. En dit bly vir ons 'n riem onder die hart dat ons lojale steun regdeur hierdie moeilike tyd geniet het. Lede het hul weg oopgesien om te sê: "Ons sal ekstra bydra; ons sal ander planne maak. Is julle nog aan die gang? Is alles nog in orde?"

Daarvoor wil ons 'n baie spesiale woord van dank rig.

Die ATKV wens 'n ieder en 'n elk 'n pragtige 2021 toe. Mag dit 'n geseënde Kerstyd wees. Wees veilig wanneer julle reis. Mag elkeen God se liefde ervaar. En mag dit wees dat ons mekaar in 2021 van aangesig tot aangesig ontmoet. **T**



# SPOKE SE WAARDER WAARHEID

**DEUR**
**MARITA VAN DER VYVER**

my oupa Corrie Swart het met woorde gewerk. Nee, hy was nie 'n skrywer nie; hy het met ánder mense se woorde gewerk, maar hy was ook nie 'n redigeerder of 'n uitgewer of 'n boekhandelaar nie. Hy het sy loopbaan begin as posbode, iemand wat ander mense se persoonlikste woorde aan hul geliefdes besorg.

Soos enige storieverteller wat sy sout werd is, het oupa Corrie nie toegelaat dat te veel feite 'n goeie storie bederf nie. Toe ek klein was, het hy gereeld naweke saam met ons op Franskraal gekuier, en nooit sonder sy visstok nie. Wat my veral beïndruk het, was die stories wat hy langs die viswater vertel het. Veral die spookstories. Soos sy vissersvoorsate het Oupa in spoke en voorbodes en allerlei bonatuurlike verskynsels geglo.

Die storie wat ek die beste onthou, gaan oor 'n groepie vissermanne wat een nag in 'n grot aan die kus van Valsbaai moes deurbring nadat die hooggety hulle daar vasgekeer het. Ek verbeel my graag dit was die grot op Koeëlbaai se strandjie, waar ek in my studentejare vele genotvolle ure saam met nie-sober vriende omgekuier het.

Maar ek het nooit daar oornag nie. Oupa se spookstorie het te stewig in my geheue vasgehaak.

Volgens Oupa het die vissers 'n vuurtjie aan die gang gekry om hulle warm te hou en elke keer wanneer die kole begin doodgaan, het hulle iemand uit die see hoor naderkom. Nes hulle aan die slaap raak en die vlamme kwyn, hoor hulle hom weer. Sjloep, sjloep, sjloep deur die vlak water.

Ná 'n ruk was een van die vissers so desperaat om 'n bietjie slaap te kry dat hy 'n gloeiende stomp na die spook gegooi het. Die stomp het dwarsdeur die gedaante getrek en al sissende in die water geland.

Daarna was die spook blykbaar die duiwel in en die vissers kon die res van die nag nie 'n oog toemaak nie. Selfs terwyl die vuur nog gebrand het, het hulle hom gehoor. Sjloep, sjloep, sjloep …

Vandag vermoed ek alles wat ek as skrywer van die kuns van storievertel geleer het, het by oupa Corrie se spookstories begin.

Maar dit was nie "liegstories" nie, dit was bloot 'n ander soort waarheid. 'n Waarder waarheid, dink ek deesdae; die soort wat jy net in fiksie kan vind.

My oupa se vertellings het my gehelp om op 'n jong ouderdom reeds te besef die stories wat onderwysers vir ons op skool vertel, en dominees in die kerk, nie noodwendig die "heilige" waarheid is nie. Dat geskiedenisboeke en selfs heilige boeke op verskillende maniere vertolk kan word – eintlik maar nes die persoonlike stories in die briewe wat my posbode-oupa so getrou van huis na huis gedra het. **T**

RUBRIEK



# DIE STILTE WAARIN STORIES STERF

**DEUR SOPHIA KAPP**

2020 was nie 'n goeie jaar vir introverte nie. Ons het verwag die ander klomp gaan swaarkry – die ekstroverte; die mense wat hul energie van ander mense kry; die luidrugtiges, die kletsers, die kuiergatte.

Ons het vir die nuusberigte gewag waarin hulle, masker in die een hand en 'n brandende fakkel in die ander, opruk na die Uniegebou of die parlement. Toe nie.

Die ding met ekstroverte is hulle weet hoe om in hul "mensbehoefte" te voorsien. Mense wat mense nodig het, hét mense. Die ekstroverte in my vriendekring het die inperking nie net oorleef nie, hulle het geblom.

Hulle het 'n kring geskep in die kompleks of in die buurt wat versigtig met die buitewêreld omgegaan het, maar steeds kom braai of kom koffie drink of kom verjaardag hou het.

Introverte versamel nie mense nie, hulle versamel goed. Teepotte. Boeke. Herinneringe. *Baked beans*. Introverte nooi nie, hulle wag om genooi te word. Introverte trek nie laer nie, hulle trek terug.

Kontak met hul huismense is moeilik, want ná dekades saam met die introvert het dié geleer om in hul kamer en ook in hul eie kop te leef.

Telefone werk nie, want introverte sê óf ja en nee óf vertel te lank aan 'n storie. Introverte skarrel 'n halfuur lank om hul rekenaar voor 'n wit muur te kry voordat hulle skype en op Zoom is die introverte die klomp wat met die kamera áf deelneem.

Vir 'n introvert-woordsmid soos ek is die afsondering nie net 'n uitdaging nie, dis 'n ramp. 'n Mens sou dink dié tyd het juis die geleentheid gebied om onbelemmer te kan skryf.

Maar stilte is nie 'n omgewing waarin woorde gedy nie. Stilte is geslote. Stilte is steriel. Stilte is dood.

En aan die einde van dié dooie jaar verloor ek my pa. Dis 'n simpel woord, daardie "verloor". Hy is nie weg nie, hy is dood. Soos in stil, vir altyd. Die laaste skakel met my kinderjare, met my gesin en my familie, met die Vrystaat waarin ek my laaste storie kon laat afspeel, met my eie verlede. Met my eie storie. Al wat ek van hom oorhou is sy boeke. Hy was ook 'n introvert.

Op 'n dooie van dooie oggende dwaal ek deur die huis en ek haal lukraak een van sy boeke van 'n rak af. *Met die aarde praat* lê in my hande. Dit was een van sy gunstelinge. Voorin is daar 'n boodskappie van prof. T.T. aan my pa.

Ek slaan dit oop en sonder dat ek dit beplan het, spring die woorde van die vergeelde bladsy:

*Die kosbaarste dinge swyg*
*in hulle verloop*

Dit troos. En dit seën. Ek vind uit hierdie woorde – wat ek nie geskryf het nie; wat ek nie versamel het nie; wat nie weer deur hul skrywer of ontvanger gelees sal word nie – kan steeds weergalm. En ek weet: Iewers sal die stilte einde kry. Die afsondering sal einde kry.

Ek sal weer genooi word en ek sal deel wees van die laer. Ek sal weer kan zoom met die kamera áán en ek sal weer in die nag sug en die lig aanskakel en die karakters toelaat om vir my hul storie te vertel. En tot dan sal ek dankbaar wees vir die "kosbaarste kosbaarhede" wat ek nie verloor het nie:

*asemhaal*
*die son se straal,*
*die klop van die gemoed en die wil*
*en die pols van die dink en die geruis van die geloof*

JACO VAN SCHALKWYK

# DIE ROMANTIEK VAN VERLEIDING

Sy skilderye kom soms hiperrealisties voor – of jy na 'n foto kyk. Maar moenie 'n fout maak nie; wat dié skilder jou gee is sý voorstelling (met verskuilde boodskappe) van die 'werklikheid' ...




*BNI 2014/07/01 14:40 & RTM 2014/04/08 13:45 (Das kriegst was du gibst), 2015, olie op Belgiese linne (152 cm x 304 cm, diptiek).*



*Links na regs: Arcadia I tot III, 2016, olie op Belgiese linne (ses panele, 175 x 130 cm elk).*

"Aanvanklik was ek sensitief as mense my sou vra of ek van foto's af werk," sê Jaco van Schalkwyk, die Johannesburgse skilder wat in besonder bekend is om sy groot, monochrome doeke van landskappe, veral van woudtonele.

Dié sensitiwiteit spruit uit die aanname dat fotografie eintlik die plaasvervanger sou wees vir figuratiewe skilderkuns. Iets van: Waarom 'n prentjie skilder as jy 'n foto daarvan kan neem?

Dit is 'n aanname wat skilders wat realisties werk dikwels teëkom; 'n aanname wat steun op die voorveronderstelling dat skilderkuns 'n vorm van dokumentasie of nabootsing is. Wat 'n besonder eng siening is.

"Ek dink die skilder stel net soos die fotograaf 'n alternatiewe realiteit voor," sê Jaco. 'n Realiteit wat tot stand kom nie uit versinde of herhaalde vorms nie, maar uit die vasvang van kragte. Kuns gaan oor sensasies, het die Franse filosoof Gilles Deleuze immers benadruk; in die eerste plek is kuns nie figuratief nie.

Met honderde selfoonkameraskote van 'n toneel tot sy beskikking gee Jaco stelselmatig gestalte aan 'n toneel of voorwerp, met die uitdaging om dit "lewensgetrou" aan te bied; deeglik bewus daarvan dat dit 'n "vals" voorstelling van die werklikheid is.



*Jaco van Schalkwyk in sy ateljee in Johannesburg. Foto deur Johan Myburg.*

"Net soos reklame of enige visuele beelde waarmee ons konstant in die media en in sosiale media gebombardeer word, word daar met skilderkuns ook 'n sekere boodskap of idee oorgedra aan die toeskouer om hom of haar te beïnvloed, te oortuig of te verlei. Net soos prosa of digkuns is visuele beelde 'n vorm van kommunikasie," sê hy.



*Links na regs: Arcadia IV tot VI, 2016, olie op Belgiese linne (ses panele, 175 x 130 cm elk).*



*RTM 2014/05/24 20:05, 2015, olie op Belgiese linne (152 cm x 152 cm), 'n skildery wat deel was van die Eden-uitstalling.*

**"DAAR IS BAIE 'KRAGTE' IN VISUELE VOORSTELLINGS EN EK WIL DIE TOESKOUER NIE NOODWENDIG MISLEI NIE, MAAR EK WIL HÊ HY OF SY MOET WEET WAT EK VOORSTEL IS MÝ SPESIFIEKE WERKLIKHEID."**

# KRAGTE EN TEENWIGTE

"Daar is baie 'kragte' in visuele voorstellings en ek wil die toeskouer nie noodwendig mislei nie, maar ek wil hê hy of sy moet weet [dit] wat ek voorstel is mý spesifieke werklikheid."

Dit is trouens 'n mite, voer Deleuze aan in sy 1981-boek, vertaal as *Francis Bacon: The Logic of Sensation*, dat die skilder voor 'n wit doek begin.

Daar is 'n magdom voorwerpe in die ateljee, en nog meer in die skilder se kop. Jaco se werkplek bevestig dié veronderstelling. En hy hou ook 'n digitale joernaal by met onder meer verwysings na reise wat hy onderneem en boeke wat hy gelees het.


"Ek sou my werk as 'dubbelsinnig' beskryf," sê hy. "Daar is gewis 'n verwysing na romantiek en die blote skoonheid van die natuur, maar terselfdertyd is daar die onheilspellende teenwoordigheid van gevaar of 'n vernietigende krag. Dit is hoe ek die natuur ervaar en ek stel belang in die verhouding tussen die mens en natuur wat meestal 'onstuimig' is."

Dié spanning manifesteer ook in die manier waarop Jaco die tweedimensionele vlak van die skilderdoek probeer "verskuif" deur die invoeg van driedimensionele voorwerpe en/of installasies.

"Ek gebruik selfs foto's as objekte en rangskik dit of dit 'n stillewe is; ek gebruik gefrommelde foto's wat ek weer afneem en dan skilder, kompleet met skadu's, om realiteit na te boots.

"Hiermee maak ek natuurlik 'n konseptuele stelling verwysende na die valse realiteit waarmee ons onsself omring – die 'virtuele werklikheid'."

In *Eden*, Jaco se solo-uitstalling van 2015,



*RTM 2014/05/24 20:05, 2015, olie op Belgiese linne (152 cm x 152 cm), 'n skildery wat deel was van die Eden-uitstalling.*

**MET DIE ROMANTIEK WAT DIE IDEE VAN DIE NATUUR AS TOEVLUG ÉN DROOM PROBEER AANGRYP, WYS JACO IN SY WERK OP DIE FEIT DAT DIE NATUUR DEUR DIE MENS VERNIETIG WORD EN NIE MEER DIE PARADYS KÁN WEES NIE.**

het hy vooropgestelde idees van die paradys bevraagteken; onder meer die ideaal dat die paradys gevind kan word in die skoonheid van die "eksotiese landskap".

In die uitstallings *Arcadia* (2016) en *Nemora* (2018) het hy die aandag gevestig op die groei en verval van natuurlike voorwerpe; ook die mens, wat uiteindelik bewus moet wees dat hy of sy ook eendag gaan sterf.

Met die romantiek wat die idee van die natuur as toevlug én droom probeer aangryp, wys Jaco in sy werk op die feit dat die natuur deur die mens vernietig word en nie meer die paradys kán wees nie.

## 'N LEWE UIT KUNS

Jaco het tussen skeppende mense grootgeword en sy ouers het hom aangemoedig om kuns- en musiekles te neem. "Ek kan onthou, met ons eerste besoek aan die Krugerwildtuin het my ma my 'n tekenboek en potlood in my hand gestop en gesê ek moet al die diere teken wat ek sien. Ek het nou nog dié boekie."

Op hoërskool het hy kuns as vak geneem en tot sy voordeel het die klem op tekenkuns geval. Dit was veral die ou Nederlandse meesters wat sy aandag getrek het en hy wou opsluit soos Rembrandt en Vermeer kon skilder.

"Ek onthou ek was gefrustreerd dat ons nie regtig met olieverf kon werk nie, omdat dit te lank vat om droog te word. Ek het dus vir my 'n boek met olieverftegnieke in die Benoni-biblioteek uitgeneem en myself in dié medium leer skilder."

Sy onderwerpe was hoofsaaklik wilde en plaasdiere (veral Nguni-beeste), blootstelling wat gespruit het uit besoeke aan sy oupa se plaas naby Carolina in Mpumalanga. Later het portretstudies deel van sy oeuvre geword.

"Ná skool wou ek kuns gaan studeer, maar almal, ook die kunsonderwyseres, het my raad gegee om eerder iets te doen waarmee ek geld kon verdien. Dit is nie altyd maklik nie, maar ek kry dit nou al vir 17 jaar reg om as heeltydse visuele kunstenaar te werk."

In 2003 het Jaco die Pretoriase kunstenaar Marie Breedt ontmoet wat as 't ware sy talent ontdek en hom genooi het om as haar assistent werk. Eindelik het sy ook mentor en agent geword. "Dit was 'n wonderlike leerskool om tien jaar lank in die ateljee van 'n gevestigde skilder te werk en terselfdertyd by Unisa vir 'n graad in te skryf."

In 2012 het hy sy eerste solo-uitstalling, *Just a Matter of Time*, aangebied en die volgende jaar is hy as 'n merietepryswenner in die Absa L'Atelier-kunskompetisie aangewys.

"Dit bly vir my 'n uitdaging om iets lewensgetrou voor te stel," sê Jaco; "om 'n glas of refleksie te laat lyk of dit werklik voor jou is en daarom is my realisme seker 'n tipe trompe-l'oeil met 'n sterk klem op tegniek. Ek is wel deeglik bewus daarvan dat dit 'n valse voorstelling van die werklikheid is, maar ek stel meer belang in die verleidingsaspek agter die 'realisme' of die konseptuele betekenis agter alles." **T**

**DEUR JOHAN MYBURG**

Besoek die webwerf www.jacovanschalkwyk.co.za.

# AL VLOEKENDE, AL DIGTENDE

Afrikaans skrik nie vir swets nie. Maar hoort vloekwoorde en kruhede in die digkuns, waar woorde fyn gekeur en ekonomies ingespan word?

'n Joernalis weet hy betree 'n mynveld wanneer huiwering en stilswye 'n versoek om kommentaar begroet. Die eerste respondente vir dié artikel het weggeskram. Sommige het nooit geantwoord nie.

Die vraag was: Wat dink jy van kruheid en vloekwoorde in Afrikaanse gedigte? Al daai f-, p- en k-woorde.

Word dit misbruik vir die skokwaarde daarvan; om lesers uit 'n gemaksone te ruk oor ongemaklike realiteite? In fiksie en drama word kragwoorde algemeen aanvaar, maar vir vele lesers is die digkuns iets verhewe en selfs heilig. Voorts dikteer die bedenking dat (wit) Afrikaanses maar aartskonserwatief en religieus preuts bly.

Een kenner wou liewer niks oor die onderwerp kwytraak in dié radikaal politiek korrekte tye nie.

Om Antjie Krog se p-woorde te kritiseer kan 'n teenklag van seksisme ontlok; om te wys op Nathan Trantraal se rowwe taalgebruik kan as rassisme gesien word.

Laasgenoemde, wie se bundel *Oolog* vanjaar verskyn het, is verwonderd oor dié sensitiwiteit. "Dit verbaas my altyd dat mense geskok kan word deur vloekwoorde, veral in 'n land met so 'n wrede geskiedenis soos Suid-Afrika," sê hy. "Ek vloek nie om die leser te skok nie, ek skryf nie om die leser te skok nie. Wat ek altyd probeer doen is om my eie ervarings op 'n eerlike manier uit te druk. As dit jou skok, sê dit meer oor jou as oor my. Dit sê vir my dat jy nie weet hoe die meeste mense in ons land leef nie."

Hennie Meyer, wie se debuutbundel, *Winkel van wanklanke*, vanjaar deur Protea Boekhuis uitgegee is, sê weer: "Ja, 'n mens wil die leser wakker skok om bewus te raak van 'n kwessie, maar die uitdaging is om so kreatief te werk te gaan dat jy nie 'n vloek- of skelwoord gebruik nie, maar dat die woord in 'n gedig gesuggereer word. 'n Klinkende voorbeeld daarvan is die gedig van Breyten Breytenbach 'om te vermy soos die pes'." *(Sien kassie.)*

## UIT DIE VOLKSMOND



Antjie *('n Vry vrou)* stel dit pront: "Ek is altyd 'n bietjie verbaas as mense vrae oor vloek vra, of nog frons daaroor. Miskien val hul samelewings uit die wolke; miskien lewe hulle in ander tale, kyk ander programme, lees ander boeke. Sedert die weermag duisende en duisende jong manne opgeroep en deur middel van Afrikaanse vloekery geïntimideer en paraat gemaak is, druis Afrikaans om ons heen in 'n magtige vloekrivier.

"Die gedig van Tony Hoagland kom by my op waarin hy sê 'dickhead' was vir hom so lieflik dom en demokraties soos 'n hamer: 'an object you could pick up in your hand / and swing / saying *dickhead* this and *dickhead* that / a song that meant the world / was yours at least / to bang on like a garbage can, / and knowing it, and having that / beautiful ugliness always / cocked and loaded in my mind, / protected me and calmed me like a psalm.'

"Ons vloek so dat ons eintlik beny word daaroor en talle van die Suid-Afrikaanse tale ons vloekwoorde oorneem – van gatvol tot f*kk*l.

"Nog altyd het elke generasie digters, van oom Lokomotief tot vandag se *rappers*, opnuut aanspraak gemaak dat hulle skryf soos 'die mense praat'; dat jou gedigte uit 'n voormalige keurslyf breek. So, waarom op aarde sal 'n vloekende samelewing nie stem kry in die poësie nie? Ons skryf so vloekende, want ons leef so vloekende."

## ONGEFILTERD

"Wanneer taboewoorde herhaaldelik gebruik word, verloor hulle baie gou hul skokeffek," sê die digter en vertaler Daniel Hugo. "Die digter ondermyn inderwaarheid sy of haar taal. By die soveelste f*k, p**s en p**l sug die leser verveeld. Dit skep 'n nuwe retoriek; dit maak clichés van kragwoorde."

"Kruheid en vloekwoorde kry



## "IN DIGKUNS IS ELKE WOORD 'N KRAGWOORD, DAAROM IS DIT NIE VIR BLOUROKKE EN BLEEKSIELE NIE. DIT VERG MOED."

'n bad rap,"sê Churchil Naudé. "Die titel van my digbundel *Drol innie drinkwater* was eintlik nie my idee nie. Daniel Hugo het dit aanbeveel. Dit is 'n lyn uit een van die gedigte in die bundel en dis perfek. Ek kan nie wát ek wil sê en hóé ek dit wil sê, deur filters sit net omdat iemand êrens 'n poep daaroor gaan kry nie. Dis nie kuns nie en 'n digbundel is ook nie 'n radiostasie wat doef-doef, poef-poef speel nie: 'Kom ons sing vir hulle wat hulle wil hoor, want ons wil niemand ontstel nie.'

"As ek gedigte skryf, dink ek nie oor wie dit gaan lees nie, want die gedig lei my na waar hy wil gaan. Dis soos om 'n wag-'n-bietjie-boom te vra: 'Hoekom is jy dan nie 'n olyfboom nie?'"

Daniel beskryf Churchil as 'n kletsrymer. "Sy taalgebruik word in 'n groot mate deur die aard van die genre bepaal: sosiale kommentaar wat nie doekies omdraai nie."

## UITGEWERS IS NIE SEDE-BEWAKERS

"Poësie is taal in die hoogste versnelling," sê Deborah Steinmair, uitgewer by Protea Boekhuis. "Dis die konsentraat, die bitter droesems van woorde. Dit kan nie aan bande gelê word nie. In digkuns is elke woord 'n kragwoord, daarom is dit nie vir blourokke en bleeksiele nie. Dit verg moed. Daarom gaan ek nooit digters aan bande lê met voorskrifte van fatsoenlikheid nie.

"Protea Boekhuis skrik ook nie vir knope en swetswoorde nie. Ons is nie sedebewakers nie. Ons bemarkers vertel my wel dat boekwinkels soms noem dat vloekwoorde in byvoorbeeld Marita van der Vyver se boeke hul ouer lesers afskrik. Gelukkig of ongelukkig skrik digkuns as genre in elk geval die grootste deel van die leserspubliek af. Dit bring 'n sekere vryheid mee: die vryheid van die verstoteling en veroordeelde."

"Ons sal nie sensuur wil toepas nie," sê Carolyn Meads van NB Uitgewers. "In die geval van Nathan Trantraal is die gebruik van vloekwoorde uiters gepas, nie net omdat dit getrou is aan die digter se stem en die milieu waaroor hy skryf nie, maar ook omdat dit bydra tot

sy deurlopende vermenging van 'hoë' en 'lae' kultuur – 'n onderskeid wat reeds deur die postmodernisme ongedaan gemaak is. In sy digkuns vind 'n mens nie net verwysings na klassieke literatuur nie, maar ook populêre flieks, musiek en *comics*. Sy digkuns is ryk aan intertekste wat betekenis oproep.

"By Kwela word digters en akademici as keurders ingespan en ons laat minstens twee verslae oor 'n digbundel skryf," sê Carolyn. "Die norm is gehaltepoësie en ek dink nie dis iets wat verander het nie. Dit sluit in ekonomiese en kreatiewe woordgebruik wat diepte van betekenis oproep en die leser nuut oor bestaande verskynsels laat dink.

"Terloops, vloekwoorde of kru taal kom lankal in die digkuns voor. Vergelyk Peter Blum se 'woknakwyf' [1956] en Breyten Breytenbach se 'laat die sluwe bitter eende op my graf kak / in die reën' [1964]."

## DIE JUISSTE WOORD

"Ek dink skryfwerk vereis die juisste woord en poësie soveel te meer, deels vanweë woordekonomie," sê Johan Myburg, ontvanger van vanjaar se Hertzogprys vir *Uittogboek.*

"Die juisste woord is, soos ek dit sien, die woord wat kwalik vervangbaar is, wat 'n spesifieke lading dek en wat reg op die tong lê. Terugkykend ná baie jare kan 'n mens seker anders voel oor 'n spesifieke woord, gewoon omdat alles tentatief en tydgebonde is.

"Swets – ek weet nie of ek vloekgerig is nie – is deel van 'n woordeskat en ek sou nie huiwer om 'n woord uit daardie 'register' te gebruik as dit die juisste woord is nie. Daar is al gesê dat ek gebruik maak van 'n 'laefrekwensie-woordeskat'. Ek sien dit nie só nie. Ek wil graag woorde gebruik wat die juiste én die juisste is. Of dit nou argaïsmes, leenwoorde, kragwoorde of anglisismes is." **T**

**DEUR SCHALK SCHOOMBIE**
**ILLUSTRASIES: LOUIS VAN DEN HEEVER**

## vermy soos 'n pes

kameraad: bly
buite bereik as jy kan
van die k-woord:
die kode vir kadders
en ander kaddas
wat praak en preel in die klei
van ons kasionele
kakhuis vir knopkoppe
of kwaak in die kotsbakke
wat deurgaan vir koerante

ons is immers ammel kens-
eners kleinserig vir koord en akkoord.

verwys na die kataklisme
van koringkrieke in die kantien
wat elke koning of kwien wil kraai
om op die kassie te kwapperjol
indien jy dit op die krop wil hê
of nie anders kan nie

of die karadys van kapers en
katlagters
veral die kasarm vet katte gevoer
op coke en koek-sistas
en die kadawers van ons koorvaders

wees bly daar is nog
koekemakrankas
om gesoek te word

boegoe en khoikhoikooigoed
vir die pluk in die klowe
boerkies vir katang of vang met kettings
bakvissies en broe's vir bokjol en kapzella
bergies en koueboud kiep onder die brue

noem die kransformeerde makoeloe
president
'n koespoes as dit moet
verwys na klote en klonte en kie.
en die konstitusie bekook deur
kaputalistiese
kaapteins van die kapaatsoekers
en kosters

maar hou kop-onder-die-kombers
verby die kalamiteit van kobbejane
en hoes-koes bo die wind
van windgatte aan bewind

en kyk veral uit vir die kawoord
se doodskoot
(*Ons Klyntji,* 2019)

"Breytenbach lewer hier kritiek op die sensuur wat toegepas word in die gebruikmaking van die k-woord in hedendaagse literatuur." – Hennie Meyer



Enos Rankwe is een van die mentors by Skateistan wat die jong klomp leer skaatsplank ry.

# SKAATSPLANK WORD HUL VEILIGE PLEK

Wat begin het met drie skaatsplanke in Afganistan het gegroei tot 'n suksesvolle internasionale organisasie wat minder bevoorregte kinders deur skaatsplankry en opvoedkundige hulp bemagtig ...





Michael Nduwa het as groentjie hier begin skaatsplank, deesdae is hy n mentor by skatistan.


Hy staan met sy oë vasgenael op die staalreling. Hy verstel sy valmhelm; haal diep asem. Sit sy een voet op die skaatsplank en skop vas met die ander. Vir 'n paar oomblikke hang die mannetjie in die lug voordat hy met die skaatsplank oor die reling skuur. Hy kom netjies te lande en sy oë glinster. Dan glimlag hy breed, terwyl die ander vir hom fluit en hande klap.

Die 15-jarige Siyethemba Matshalilanga lyk ingenome met homself op dié skaatsbaan, wat knus tussen die wolkekrabbers van die Johannesburgse middestad en in die skadu van die Ponte-toring in Doornfontein staan. Hier by die organisasie sonder winsbejag Skateistan word jongmense soos hy bemagtig deur skaatsplankry.

"Ek is al sedert 2014 hier," sê Siyethemba. "Ek kon glad nie skaatsplankry nie. Ek bly hier naby en was maar verveeld, en toe hoor ek van my vriende het



Aswyne Dames in aksie. Skateistan bied vir hom 'n uitlaatklep. Hy het as skoolseun hier begin skaatsplankry.



Skateistan het ook 'n eksklusiewe program vir meisies.

by Skateistan aangesluit. Behalwe dat ek 'n nuwe vaardigheid aangeleer het en iets doen wat ek geniet, word ek ook hier gehelp met my huiswerk en skooltake. Ek het toegang tot 'n rekenaar en internet – iets wat ek nie by die huis het nie. My punte het baie verbeter vandat ek hier aangesluit het."

Siyethemba is een van 'n paar honderd kinders wat Skateistan as 'n heenkome sien en waar hulle hul lyf na hartelus Tony Hawk kan hou.

## Van Kaboel na Johannesburg

Skateistan vind sy oorsprong in die oorloggeteisterde Afganistan. Die Australiese navorser en skaatsplankryer Oliver Percovich het in 2007 met drie skaatsplanke na dié land gereis. Hy het sy planke aan 'n paar kinders geleen en gou besef die aktiwiteit doen hulle sommer baie goed.

In 2009 stig hy Kateistan en daardie jaar word tot 120 kinders touwys gemaak. Nog 'n skool is sedertdien in dié land geopen en daar is ook een in Kambodja.

Die skool in Johannesburg is amptelik in 2016 geopen en einste Hawk, dalk die invloedrykste én rykste skaatsplankryer ter wêreld, het die openingseremonie bygewoon. Volgens Mbali Mthethwa, bestuurder by Skateistan Johannesburg,

is die skool en gepaardgaande akademiese programme ontwikkel om aan kinders 'n veilige hawe te bied in 'n stad waar dit soms maar gevaarlik vir hulle is.

"Daar is baie van ons kinders wat uit arm en gebroke huishoudings kom. Hierdie is 'n ruimte waar hulle kan ontwikkel, belangrike lewenslesse leer en boonop pret kan hê," sê sy.

Die programme word vyf dae 'n week aangebied en meer as 900 kinders kom klop elke maand daar aan. Amper die helfte van hulle is meisies.

"Ons het dae waar ons net meisies leer skaatsplank ry," sê Mbali. "Dit is om hulle ook 'n veilige ruimte te gee om te leer en te ontwikkel. Ons wil juis hê die meisies moet bemagtig voel en dat hulle nie minderwaardig moet voel teenoor die seuns nie."

Hulle neem kinders in van vyf tot 18 jaar en daar is uiteenlopende programme waarby die kinders inskakel. Volgens Mbali volg hulle in 'n mate die skoolkurrikulum en die kinders leer onder meer van die heelal en die natuur. "Ons het tutors hier wat enigiets van wetenskap tot Afrikaans en Engels aanbied."

Daar is selfs 'n "huiswerksentrum", waar die kinders kan aanklop vir hulp wanneer hulle met hul huiswerk sukkel. "Baie van hulle sit alleen by die huis terwyl hul ouers werk en dan is daar geen volwassene wat hulle kan help met die huiswerk nie."

Eintlik, sê sy, is hul doel met die programme om van die kinders kritiese denkers te maak. "Die skoolstelsel faal baie keer die kinders. Ons probeer 'n vangnet vir hulle wees."

## Van groentjie tot mentor

Benewens dat daar op skoolwerk gefokus word, leer die kinders ook deur pret. Hulle leer skaak speel en in die nasorgsentrum kan die kleuters met blokkies speel en verf, terwyl die ouer kinders *ollies* en *kickflips* oefen.


Die skool se mentors staan die skoolverlaters by en gee leiding wanneer toekomsplanne beraam word. Van die kinders word uiteindelik ook jeugwerkers.

Een van hulle is die 20-jarige Michael Nduwa, wat vier jaar gelede nog 'n leerling was. Hy is besig om die jongklomp van empatie en ubuntu te vertel. "Hierdie is 'n veilige ruimte waar elke kind hom- of haarself moet kan uitdruk en waar hy of sy selfvertroue kan leer. Dit is een van die belangrikste dinge wat ek geleer het: Om myself en ander lief te hê."

Al kon die skool weer sy werksaamhede hervat, moes Mbali en haar span groot uitdagings tydens die inperking te bowe kom. "Ons was vir ses maande gesluit waarin die kinders by hul huis moes sit en nie gestimuleer is nie," sê sy. Hulle het oor WhatsApp les gegee en al hul finansiering gekanaliseer om na die kinders en hul huishouding te kan omsien. "Ons het kospakkies opgemaak en gehelp waar ons kan om hulle en hul gesin by te staan."

Álmal is bly dat hulle weer na normaal kon terugkeer, sê Mbali. "Daar is niks so bevredigend as om te sien hoe 'n kind groei nie, of om te sien hoe vasberade hulle is om 'n toertjie te leer, en die blydskap op hul gesig as hulle daardie *ollie* of *grind* regkry." **T**

**DEUR JACQUES MYBURGH**
**FOTO'S: ANDRE BADENHORST**





Die organisasie het 'n naskoolsentrum waar kinders toegang tot rekenaars en die internet kan kry. Hier is ook ander aktiwiteite soos skaak wat hulle kan leer speel.



# LAAT DIE LAAITIES LEES

Hy is deel van 'n nuwe geslag digters wat ánderster leefwêrelde oopskryf en nie skrik vir temas soos ras, klas en identiteit nie ...

dis 'n koel weeksdag in Gordonsbaai en, soos dit dikwels maar die geval is in dié kusdorp aan Valsbaai, waai die wind. Dit skeel die mense skynbaar min, want Kusweg is lekker bedrywig. Ryan Pedro sit en teug aan 'n beker koffie by een van die vele koffiewinkels in dié straat. Die see verskaf die agtergrond.

"Mense dink ek het Gordonsbaai toe getrek oor Ingrid Jonker," sê dié jong skrywer al laggende. "Jy weet, om nader aan haar te wees, maar dis nie waar nie.

"Gordonsbaai is sedert my studentedae my *safe haven*. Ek het as student graag na Bikini Beach Books gekom en vir ure hier rondgekrap en vir my *partner*, Suzanne, gesê eendag trek ons hierheen. Ons het 'n hond met die naam Onyx, en 'n huisie in 'n stil doodloopstraat, met *weird* bure."

Die huis is vol boeke, vertel hy. Iets wat hom aan sy pa herinner.

"My pa was 'n Afrikaans-onderwyser by 'n hoërskool. Hy het taal en kultuur aan die Universiteit van Wes-Kaapland studeer. My vroegste *literary training* kom van my pa. My pa het my lewenslesse geleer deur boeke. Sy ma bly op Kakamas.

"Hy het altyd vir my die *classics* gegee om te lees. Kannemeyer, Opperman, Van Wyk Louw, Sylvia Plath, Hemingway ... T.S. Eliot se *The Waste Land* toe ek 14 was. Die meeste van die boeke het toe nog nie vir my sin gemaak nie, maar teen die tyd dat ek op universiteit was, het ek reeds omtrent al die boeke gelees waarna daar in klasse verwys is."

## Ryan en die hondjies

Ryan het Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch (US) studeer. Hy is besig met sy meestersgraad in dié vakgebied en is 'n tutor. Hy help ook skryf aan die draaiboek van die plaaslike TV-sepie *Suidooster*.

"Ek het aanvanklik begin gedigte skryf om meisies te *impress*," sê hy. Dis einste manier waarop hy Suzaan se hart gewen het, las hy by. Hulle het ontmoet in die Afrikaans-Nederlandsklas. Ryan se lag is aansteeklik; die diep-uit-jou-maag-soort.

"Die eerste keer dat ek die digbundel *Chokers en survivors* van Nathan Trantraal opgetel het, is die eerste keer dat ek begin dink het ek kan 'n boek skryf wat iets vir iemand beteken. Ek kyk op na skrywers soos Trantraal en Ronelda Kamfer – skrywers wat skryf van die ruimtes wat ek ken.

"Hierdie digbundel het beslis *prematurely* gebeur," vertel hy oor sy debuutbundel, *Pienk ceramic-hondjies*, wat onlangs uitgereik is – en hy is skaars 27 jaar oud. "Ek het gereken ek gaan so in my laat dertigs publiseer as ek gelukkig is, maar nadat van my gedigte in *Nuwe stemme 6* gepubliseer is, het dinge vlamgevat."

*Nuwe stemme 6*, die 2018-bundel waarin opkomende digters se werk gepubliseer is, was die keerpunt. Dit was Alfred Schaffer, 'n Nederlandse digter en dosent aan die US, wat hom aangemoedig het om van sy gedigte vir oorweging te stuur.

"*Pienk ceramic-hondjies* het baie meer biografies uitgekom as wat ek aanvanklik beplan het," sê hy. "Die hondjies is iets wat ek in elke *coloured* huis gesien het, hierdie *weird* honde. Ek het op 'n jong ouderdom fanaties geraak oor mense se vertoonkaste, alles wat daarin is. Die kristal-ornamente, die eendjies, bootjies, teelepels, foto's ..."

'n Hooftema is die kwessie van bruin manlikheid, sê hy, "'n portret van hoe ek dit *observe* het as 'n laaitie". *"Coloured masculinity* word telkens uitgebeeld as die tipiese *gangster* – *loud* en gevaarlik, terwyl ander fasette, soos broosheid, nie dikwels ondersoek word nie."

## Die ou in die hoek

Ryan beskryf hom as 'n introvert. "*Poetry* gee my 'n manier om my stem te laat hoor. Ek is die stil een in die hoek wat wegkruip agter 'n boek en *observe*. In die bundel kan 'n mens dit ook sien; die sprekers is altyd langs die kantlyn, *looking in*.

"Ek het in Kakamas grootgeword – 'n konserwatiewe en eng dorpie. Ons was een van die eerste *coloured* gesinne wat in die *white suburbs* ingetrek het. Ek was *actually* die eerste *coloured* laaitie wat in die kleuterskool op die dorp ingeskryf is. Ek was maar 'n *loner*. *Coloured* kind in 'n *white suburb*, verwyderd van die *coloured community*. Pas nie in by een van die ruimtes nie."

Sy digbundel bestaan uit twee afdelings, "A" en "B". Die eerste speel af in Kakamas en die tweede aan die Weskus, waar hy gebore is. "Ek het my *childhood* deurgebring in albei hierdie ruimtes, maar nooit gevoel ek hoort in enige ruimte nie."

Een koffie word twee. Die wind het nog nie gaan lê nie.

"Daar is hierdie dominante narratief in letterkunde wat *coloured*-wees assosieer met gedigte oor geweld, armoede, die *Cape Flats* en *gangs*. Ek wou wys daar is ander narratiewe ook. Ek het nie geskryf om ingesluit te word in enige letterkundegemeenskap nie, ek het nie geskryf vir die respek of die *accolades* nie.

"Ek wou 'n boek skryf vir *coloured* laaities wat by 'n eerstejaarklas vir Afrikaanse letterkunde instap en hul *poetry syllabus* oopmaak en voel hulle kan *relate*."

Hy vroetel met 'n ring aan sy vinger, sy pa se trouring. Dié is is in 2010 aan 'n hartkwaal dood. *Pienk ceramic-hondjies* is onder meer aan hom opgedra.

"Dit maak my kwaad dat hy nie hierdie saam met my kan *experience* nie, want hy is die een persoon met wie ek hierdie bundel regtig kon deel.

"Weet jy, ek skryf die grootste deel van my *education* en *upbringing* toe aan my ouers, aan ons voorhuis, nie skool nie. By die skool het ek geleer om somme te doen, om vas te skryf. My ouers het my van jongs af verryk as mens en ons gelos om te wees wie ons is. En die een ding waarvan ek seker is, is dat ek altyd gaan skryf. Ek sien myself niks anders doen nie." **T**

**DEUR MARLI VAN EEDEN**
**FOTO'S: SUZANNE KOEN**



# 'POLIGLOT' IS NIE 'N VLOEKWOORD NIE

Dis geen verrassing dat meertaligheid voordelig is nie, maar het jy geweet dit het ook 'n groot impak op jou brein?

Die meeste Afrikaans-sprekendes kan redelik goed Engels praat; van die gelukkiges onder ons kan nog een van ons landstale praat; en dan is daar diegene wat sommer 'n paar tale kan besig.

Twee navorsers aan die Northwestern-universiteit in Amerika, proff. Sayuri Hayakawa en Viorica Marian, het die impak van meertaligheid op die brein ondersoek. Hulle het gevind dit hou verreikende gevolge vir breinfunksies in en van kognitiewe beheer tot spraakverwerking word beïnvloed.

As 'n mens verskeie tale aanleer en dit voortdurend oefen, vind daar selfs strukturele veranderings in die brein plaas.

## 'N 'FIKSER' BREIN

Dr. Vincent DeLuca, navorsingsgenoot aan die Universiteit van Birmingham in Engeland, sê daar is al bewys wanneer jy 'n tweede taal aanleer en gereeld gebruik, word dit saam met jou moedertaal in jou brein "geaktiveer".

Wanneer jy wil kommunikeer moet jou brein een taal kies en die ander een onderdruk. Dit is nie 'n sommerso takie nie en

die brein moet aanpas om dit te kan bemeester. Volgens DeLuca vind daar veranderings in die grootte of vorm van sekere dele van die brein plaas, asook in die "paadjies" wat hulle verbind. "Hierdie aanpassings vind gewoonlik in dié breingedeeltes en paadjies plaas wat vir ander belangrike kognitiewe prosesse gebruik word, soos jou geheue en aandagbeheer."

Die manier waarop jy taal gebruik, het ook 'n invloed op jou brein. Praat jy byvoorbeeld Engels net wanneer jy 'n regeringsdepartement of 'n diensverskaffer bel of gebruik jy die taal gereeld? Navorsers wat gekyk het na hoe lank iemand al meer as een taal praat, hoe gereeld hulle dit praat en hoeveel keer hulle tussen die tale wissel, het gevind hierdie ervarings het 'n impak op die brein se werking, sê DeLuca.

"As jy nog 'n taal aanleer of as jy twee tale gereeld gebruik, vind daar veranderings in die prefrontale korteks plaas. As jy egter al lank tweetalig is, word ander breingedeeltes aangepas soos die serebellum en basale ganglia."

Prof. Christos Pliatsikas, 'n dosent in kognitiewe sielkunde aan die Universiteit van Kent in Engeland, sê mense wat hul hele lewe lank meer as een taal praat, het beter kognitiewe vaardighede.

"Meertaligheid beïnvloed die struktuur van die brein, insluitende die wit- en die grysstof. Die volume van die grysstof word met die leer en verwerking van taal verbind. Die brein is dus in staat om self te herskik om nog 'n taal by te leer, maar kan steeds tussen tale wissel. Die brein moet al hierdie inligting suksesvol hanteer en daarom word die paadjies van witstof, wat inligting herlei, ook doeltreffender."

Die witstof werk doeltreffender wanneer dit meer isolering kry en dié isolering staan bekend as miëlien, wat die oordrag van inligting versnel. By meertaliges is die miëlien glo dikker. Pliatsikas glo 'n mens moet ál die tale wat jy ken voortdurend praat en lees sodat daardie aangepaste breinstruktuur behoue bly. >

**"DIE MANIER WAAROP JY TAAL GEBRUIK, HET OOK 'N INVLOED OP JOU BREIN. PRAAT JY BYVOORBEELD ENGELS NET WANNEER JY 'N REGERINGSDEPARTEMENT OF 'N DIENSVERSKAFFER BEL?"**

# HET JY GEWEET?

Engels het die meeste woorde – meer as **250 000**.

Daar word elke **98** minute 'n nuwe woord geskep.

**DAAR IS MEER MENSE TER WÊRELD WAT ENGELS AS TWEEDE TAAL PRAAT AS ENGELSSPREKENDE MOEDERTAALSPREKERS. ENGELS IS IN MEER AS 50 LANDE DIE HOOFTAAL.**

Papoea-Nieu-Guinee het die meeste tale – amper **850**.

'n **Poliglot** is iemand wat baie tale kan praat.

**DIE BYBEL IS DIE BOEK WAT AL DIE MEESTE VERTAAL IS – IN MEER AS 2 400 TALE.**

Die oudste tale is

**Sanskrit**
**Sumeries**
**Hebreeus** en
**Baskies**.

Ziad Fazah van Libanon pryk in die *Guinness World Records* omdat hy glo 59 wêreldtale kan praat. Hy is egter op TV getoets en dit het nie so goed gegaan nie. Kardinaal Giuseppe Caspar Mezzofanti, wat in 1774 gebore is, kon glo ongeveer 30 tale praat en het nog 40 bestudeer.

Mandaryns is die taal wat deur die meeste mense gepraat word. Daar is nagenoeg

**900 miljoen**

moedertaalsprekers.

**Suid-Afrika**

is ook in die rekordboeke, want ons is die land met die meeste amptelike landstale.

## Dié Duitser hou van Afrikaans

As daar nou 'n man is wat glo dat taal jou lewe verryk, is dit **Alexander Mickel** van Duitsland wat homself leer Afrikaans praat het nadat hy twee Afrikaanssprekendes ontmoet het.

Hy praat Duits, Engels en Afrikaans en het op skool Frans geneem. Hy kan ook Nederlands en Vlaams lees.

"Afrikaans is vir my 'n besonderse taal," sê Alexander. "Aan die een kant is daar al die voordele wat die taal my bied, soos om Nederlands en Vlaams beter te verstaan, en aan die ander kant is dit die interaksie met al die mense wat ek op Facebook en in Suid-Afrika leer ken het.

"Hulle is trots Afrikaans en hulle waardeer dit so baie dat iemand hul taal bemeester."



## Praat een taal op 'n slag

**Sophia Kapp,** skrywer en senior taalraadgewer by VivA, sê in Suid-Afrika is die praat van meer as een taal gewoon noodsaaklik.

"Omdat ons so 'n veeltalige en multikulturele samelewing is, is dit nie moontlik om met net een taal oor die weg te kom nie. En dit is veral in hierdie land 'n teken van respek en aanvaarding as mens probeer om 'n basiese gesprek in 'n inheemse taal te voer.

"Ek was gelukkig om in 'n huis groot te word waar taalvaardigheid en keurige taalgebruik deurlopend beklemtoon is. Ek het met Engels as 'n sterk tweede taal grootgeword en het geleer dat 'n mens albei tale so korrek moontlik praat. As jy byvoorbeeld Afrikaans informeel praat, praat jy steeds Afrikaans, jy maak nie 'n taalsop waarin albei tale verdrink nie."



*Foto van Sophia: Albert Bredenhann van PixelPro*

## ATKV EN MEERTALIGHEID

**Afrikaans is uit 'n meertalige (Nederlands, Khoisan, Maleisies, Portugees, Nguni-tale, Sotho-tale) samelewing gebore. Die ATKV leef meertaligheid op verskeie maniere uit, onder meer die deur projek Afrikaans vir Almal wat in Soweto ontstaan het. T**

**Meer inligting by www.atkv.org.za.**

**DEUR ZERELDA ESTERHUIZEN**

# DIE LEERKURWE VAN GROOTWORD



'n Wegbreekjaar of vrywilligerwerk is ideaal as jy 'n bietjie jou vlerke wil sprei voordat jy die grootmenslewe aandurf.


Vir Lizette Odendaal, projekorganiseerder van die ATKV-Postmatriekprogram, het daar 'n hele klomp uitdagings in 2020 gewag. Die grootste hiervan was die Covid-19-pandemie. Daar was 17 jongmense wat ingeskryf het vir 2020 se Postmatriekprogram. Die ATKV-Postmatriek is 'n program vol avontuur en uitdagings wat jongmense jaar ná jaar vir die grootmenswêreld voorberei.

"Met die staat van inperking wat op 26 Maart deur pres. Cyril Ramaphosa aangekondig is, moes ons

vinnig plan maak," sê Lizette. "Deel van die program is akademiese kursusse wat die studente moet aflê en ons het dinge rondgeskuif dat elke student by sy woonplek met hierdie kursusse kon voortgaan. Toe daar uiteindelik na vlak 3 van die inperking beweeg is, kon ons die studente almal by ATKV-Drakensville huisves en al ons aanbieders het daarheen gereis om met die jongmense te gesels. Dit het van 2 Julie gebeur.

"Die oord was nog gesluit vir vakansiegangers en die isolasie het gehelp om ons studente veilig te hou. Ons het ook al die ander veiligheidsmaatreëls getref: veilige afstand, die dra van maskers en gereelde sanitering. Ons was dankbaar dat die ouers ook almal bereid was dat daar geskuif word aan die program, en uiteindelik is die enigste ding wat hierdie groep verloor het drie paspoortstempels. Ons reis met elke Postmatriekgroep na Botswana, Lesotho en Mosambiek, maar hierdie jaar was dit nie moontlik nie. Dieselfde aktiwiteite is binne die grense van Suid-Afrika aangebied, en hulle het dus steeds daardie voordele geniet."

Van die 17 Postmatrieks wat in 2020 ingeskryf het, het 16 die kursus in November suksesvol voltooi. Die "Posties", soos hulle hulself noem, gesels vol entoesiasme oor die jaar wat verby is. Almal is dit eens: Hierdie was 'n jaar vol uitdagings, maar elke oomblik en elke uitdaging was die moeite werd.





Die Moholoholo-wildrehabilitasiesentrum naby Hoedspruit se vrywilligerprogram lok jaarliks talle jongmense.



Die Posties van 2020 geniet die mooi uitsig oor die ravyn by Oribi Gorge.

## JONGMENSE WAT HIER AS SKOOLKINDERS AANGEKOM HET, HET AS GROOTMENSE WEGGESTAP. HULLE IS DAAGLIKS GEKONFRONTEER MET DINGE WAT BUITE HUL GEMAKSONE VAL.


As deel van Kaapsehoop Horse Trails se vrywilligerprogram maak jy eerstehands kennis met perde.

Chanelda Smit, wat in 2019 aan die Hoërskool Hans Moore in Benoni gematrikuleer het, sê 2020 was 'n jaar waarin sy baie gegroei het. "Ons is in verskeie moeilike situasies geplaas en telkens moes jy vir jouself besluit of jy sterk genoeg is om deur die uitdaging te kom. Voorheen sou ek sommer gou opgegee het, maar in die ATKV se Postmatriekjaar het ek geleer om weer te probeer en nie sommer net tou op te gooi nie."

Een van die uitdagings het vereis dat hulle in spanne van drie binne 24 uur om die Sterkfonteindam stap. Aanvanklik was haar groep laaste, maar tog was hulle die eerste span by die eindpunt.

Een van die jaarlikse uitdagings is 'n fietstoer in Lesotho. Vanjaar, terwyl die klomp langs die oorsprong van die Tugelarivier in die Drakensberge gestap het, is daar besluit om 'n fietstoer te organiseer wat sou strek van die oorsprong van die rivier tot waar dit in die see uitmond.

Lizette sê hierdie was 'n uitstekende idee. "Dit was 'n hele nuwe ervaring, want dit was 'n ander omgewing. Die landskap het die hele tyd verander en ons is met hierdie fietstoer byna deur ses verskillende wêrelde. Een van die kursusse wat die Posties doen, is die aanleer van basiese Zoeloe en met die fietstoer kon hulle dit prakties toepas. Die vriendelike mense het langs die paaie gestaan en waai en gesels en ons kinders kon hulle groet. Almal het vertel watter lekker ervaring dit was."

Victor Basson van Randfontein wat in 2019 aan die Hoërskool Riebeeckrand gematrikuleer het, sê die een ding wat hy in 2020 geleer het, is dat 'n mens se limiet baie hoër is as wat jy dink. "Dit help nie om te gaan lê nie. Jy moet eerder kyk hoe jy die situasie gaan aanpak sodat dit vir jou kan werk. 'n Mens mag nie toelaat dat negatiewe emosies jou inperk nie. Uit elkeen van die verskillende uitdagings het 'n mens iets anders geleer. My raad vir enigeen wat wil inskryf, is om dit met 'n oop gemoed te doen en te kyk wat hulle alles hieruit kan leer. Dit was ook 'n goeie leerkurwe om te sien hoe die organiseerders van ons Postmatriekjaar die nodige aanpassings gemaak het sodat ons steeds alles kon meemaak."

Ongeag die veranderings was 2020 se program besonder suksesvol, sê Lizette. "Dit was goed om te sien dat ons die nodige resultate verkry. Jongmense wat hier as skoolkinders aangekom het, het as grootmense weggestap. Hulle is daagliks gekonfronteer met dinge wat buite hul gemaksone val. Aan die begin van sommige kursusse is daar altyd dié wat jou skeef aankyk, maar wanneer hulle leer om vas te byt en die kursus voltooi, doen dit soveel vir so 'n jongmens se selfvertroue. Die emosionele groei wat plaasvind, is een van die grootste pluspunte van ons Postmatriekjaar.



Tyd vir die Posties om asem te haal by Spioenkopdam tydens die uitdagende fietstoer van 2020.

"Die uitdaging van Covid-19 en die impak daarvan op die verloop van ons jaar het uiteindelik 'n positiewe resultaat gehad. Ons moes leer om die negatiewe in iets positiefs om te draai. Die groep het 'n wonderlike band met mekaar gevorm. Ek dink in 12 jaar is dit die groep wat die 'naaste' aan mekaar gekom het. Ons is baie tevrede."

Daar is nog geleentheid tot 15 Januarie om in te skryf vir 2021 se ATKV-Postmatriekprogram.

### WAT IS ATKV-POSTMATRIEK?

ATKV-Postmatriek is 'n tien maande lange, gestruktureerde oorbruggingsprogram waarin die jongmense tussen 30 en 35 verskillende kursusse deurloop. Benewens die persoonlikheidsontwikkeling en die wye verskeidenheid akademiese kursusse waaruit elkeen sy eie keuse kan maak, is daar ook avontuurgeleenthede, dinge wat bloot vir die pret gedoen word en dan word daar ook op vaardighede gefokus wat jou straatslim maak. Besoek www.atkvpostmatriek.co.za of stuur 'n e-pos na lizetteo@atkv.org.za.

## VRYWILLIGER-PROGRAMME KAN BAIE VERRYKEND WEES

"Vrywilliger-toerisme" is 'n heerlike gonswoord wat mense anders na vrywilligerwerk laat kyk. Dit vorm deel van verantwoordelike of alternatiewe toerisme, wat wêreldwyd aan die toeneem is, en is 'n kombinasie van vrywilligerwerk en vakansie. Suid-Afrika, as 'n ontwikkelende land, bied heelwat geleenthede aan oorsese toeriste om hier te kom help. Dit wissel van werk by kinderhuise en plattelandse skole tot rehabilitasiesentrums vir wilde diere.

Die vrywilliger betaal in die meeste gevalle 'n eenmalige bedrag om hierdie ervaring te kan meemaak en dit verskil van plek tot plek en geleentheid tot geleentheid.

## VAKANSIEWERK VIR 'N GOEIE DOEL

Die Moholoholowild-rehabilitasiesentrum naby Hoedspruit bied al sedert 1998 'n program vir vrywilligers aan. Moholoholo is 'n hawe vir wilde diere wat wees gelaat, beseer of vergif is. Enigiets van leeus, luiperds, hiënas en tierboskatte tot aas- en ander voëlspesies word daar gehelp.

**"MY RAAD VIR ENIGEEN WAT WIL INSKRYF, IS OM DIT MET 'N OOP GEMOED TE DOEN EN TE KYK WAT HULLE ALLES HIERUIT KAN LEER."**

Brian Jones, bestuurder, staan al sedert die rehabilitasiesentrum se stigting in 1991 aan die stuur van sake. "In 2019 het meer as 1 000 aasvoëls weens vergifting gevrek; ongeveer 50% van die Krugerwildtuin se aasvoëls," sê hy.

"Suid-Afrika, nes die res van Afrika, is besig om in 'n skrikwekkende tempo sy wilde diere te verloor. Ons het dus in 1998 begin om vrywilligers te nooi om hier te kom werk sodat hulle meer kan leer van die omgewing. Hier sien hulle prakties hoe afhanklik die omgewing van ons is en dat ons daarom verantwoordelikheid vir hul beskerming moet aanvaar.

"Die vrywilligers help met die skoonmaak van hokke, voer en versorging en is verantwoordelik vir sommige van die diere, wie se lewe dan van hul sorg afhang. Daar kan dus nie brouwerk gedoen word nie," sê Brian. Sommige van sy oudvrywilligers het veearts geword of werk in die wildtuin.

Vrywilligerwerk van 'n ander aard is die geleentheid om by Kaapsehoop Horse Trails hand te gaan bysit. Hulle bied slaapplek, die geleentheid om op perdritte en staptogte te gaan en is geleë in 'n besonder mooi omgewing. Die driemanskap wat daar sorg dat dinge vlot verloop, is Leon Smith, Christo Germishuys en Mariska Redelinghuys. Mariska hanteer al die besprekings en sy vertel hulle is al vyf jaar besig met die vrywilligervakansiewerk.

"Ons kry veral baie studente, meestal meisies, van die Europese lande en veral Duitsland. Die ouderdom wissel tussen 19 en 23. Ons verwelkom natuurlik enige tyd Suid-Afrikaanse jongmense. Die geld wat die studente vir die kursus betaal, sorg vir reis en verblyf en al die etes. Die jongmense help dan om die perde te voer, te sorg dat die saals en tooms skoongemaak en geolie word en ander noodsaaklike werk.

"Daar is gelukkig ook tyd vir lekker dinge soos swem in die bergstroom en hulle kan ook ander toere in die omgewing reël waarvoor hulle self moet betaal, soos 'n besoek aan die Krugerwildtuin."

Hierdie vakansiewerk kan regdeur die jaar, uitsluitende Kerstyd, gedoen word en duur gewoonlik twee weke. Daar is van die jong vroue wat jaar ná jaar terugkeer. Mariska sê dis veral goed om te sien hoeveel baat hulle by die projek vind.

Baie kom met sakkevol emosionele bagasie aan wat hulle uiteindelik daar kan agterlaat. **T**

**DEUR ALITA STEENKAMP**

## Maak kontak:

**Kaapsehoop Horse Trails:**
Besoek https://www.horsevolunteers.co.za/ of stuur 'n e-pos na volunteer@horsevolunteers.co.za.

**Moholoholo:**
Besoek https://www.moholoholo.co.za/facility/student-program/ of stuur 'n e-pos na students@moholoholo.co.za.

## Nog nuttige webblaaie:

https://www.volunteerworld.com/en/volunteer-abroad/south-africa
https://www.lovevolunteers.org/destinations/volunteer-south-africa
https://www.goodhopevolunteers.com/volunteer-projects-in-south-africa.html
https://www.viavolunteers.com/
https://www.worktravelsa.org/


KAN JY DIT GLO?
Alles op een plek vir net **R99** per maand.
NETWERK 24+
NETWERK24
Cele is bly man in Oos-Kaapse bylmoord is vas
Bulle-triomf sal 'geskenk' op verjaardag wees...
Veldwagter in Krugerwildtuin vas oor dagga-smokk...
Mensejag in Limpopo ná vermeende polisi...
KYK: TV-aanbieder Roxy Burger deel 1ste gesinsfoto's
NUUS
SEPIES
PODSENDINGS
ONTLEDINGS
SPORT
SAKE
LUISTERBOEKE
GET IT ON Google Play
Download on the App Store
EXPLORE IT ON AppGallery
HUAWEI

# WANNEER TIENERS SUPERHELDE WORD

ATKV-Tienertoneel, in die formaat soos ons dit ken, kon nie vanjaar gebeur nie. Maar al was teaters leeg, was daar geen keer aan die jong deelnemers om hul talent digitaal ten toon te stel nie!



Staan opsy Superman, Wonder Woman en kie, "om 'n akteur of aktrise te wees, is soos om 'n *super power* te hê".

Hierdie woorde van Merwe van Gent (18) van die Hoërskool Wesvalia in Klerksdorp en die derdeplekwenner, som die ATKV-Tienertoneelkompetisie 2020 in 'n neutedop op.

223 dapper tieners het in een van die uitdagendste jare in wêreldgeskiedenis pen en papier opgeneem, voor die kamer ingeskuif, 'n monoloog opgevoer en met durf, moed en talent die beoordelaars se emosies in die palm van hul hand gehou.

Henrietta Gryffenberg, een van vanjaar se mentors en beoordelaars, glo Covid-19 het gedreig om Tienertoneel 'n nekslag toe te dien.

"Maar die gemak waarmee die deelnemers die nuwe medium (om kort monoloë te skryf en dan te verfilm) omarm het, het nie net uitstekende toneelwerk opgelewer nie, dit het ook bewys hoe vindingryk jong mense met verandering kan omgaan." ›

# Dis lewensveranderend!

Vir Nichola Viviers (18), 'n matriekleerder aan die Hoër Meisieskool Bloemhof in Stellenbosch en wenner van vanjaar se kompetisie, was die proses moeilik, maar het sy nog nooit so baie oor haarself geleer nie.

"Ek was regtig opgewonde toe ek hoor Tienertoneel gaan vanjaar na 'n digitale platform oorskakel. Ek het voor my rekenaar ingeskuif en skielik was daar niks. Skrywersblok. Dit wat ek wel geskryf het, het vir my sleg en gemiddeld gevoel.

"In hierdie stadium was ek ook besig om aansoek te doen vir universiteit, drama spesifiek." 'n Innerlike stryd het gewoed. "Ek wil drama gaan studeer, maar ek kan nie 'n eenvoudige monoloog skryf nie. Uiteindelik het ek 'n teks, *Bonuspunt*, geskryf."

Jeanne-Marie Koekemoer (16) van die Hoërskool Stellenbosch se selfgeskrewe *Val* is as die naaswenner aangewys.

"Ek dink een van die mees feestelike dinge wat hieruit gekom het, was om te weet iemand sien jou werk (op hierdie ouderdom en binne hierdie klein konteks waarin jy 'n baie klein bydrae maak) en kon iets daaroor dink en iets daaroor voel."

Die sewe mentors, Amalia Uys, Jacques Bessenger, Waldemar Schultz, Ira Blanckenberg, Wilhelm van der Walt, dr. André Gerber en Henrietta Gryffenberg, het deur die inskrywings gesif.



Vanjaar se Tienertoneelwenners spog met 'n unieke trofee. Nichola Vivier kan steeds nie glo sy het gewen nie.



Merwe van Gent gaan volgende jaar drama aan die Universiteit Stellenbosch studeer.



Jeanne-Marie Koekemoer glo die proses van Tienertoneel was haar grootste beloning.

Al 223 deelnemers wat ingeskryf het, het benewens hul toekennings vir prysenswaardige prestasie in die eerste ronde, persoonlike stemnotas van twee mentors op die paneel ontvang wat hulle kon gebruik om aan hul werk te skaaf of as inspirasie te dien om aan te hou skryf en speel.

Die Top 20 is in September aangewys en het die geleentheid gehad om aan hul werk te skaaf na gelang van terugvoering deur die ATKV-Tienertoneelmentors. Hierdie aangepaste inskrywings is deur die paneel tydens die semi-finale ronde beoordeel en die SUPER 12 het met hul laaste aangepaste weergawe geskitter tydens die finaal. Dié finaal is op die ATKV se sosialemediaplatforms uitgesaai.

Vir Merwe, wat ook as die kykerskeusewenner aangewys is, was vanjaar 'n grootse ervaring.

"Ek is so dankbaar en dis 'n ongelooflike voorreg. Ek het nou die dag vir my ouers gesê as ek vir myself in graad 8 gesê het, 'hoor hier, jy gaan derde in Suid-Afrika wees met Tienertoneel', sou ek dit eenvoudig nie kon glo nie.

"Ek het in gr. 8 en gr. 9 ongelooflik opgekyk na die kinders wat aan Tienertoneel deelgeneem het. Hulle was vir my soos *celebrities*. Ek is ook nou een van hulle."

Praat 'n mens met hierdie drie, staan een ding soos 'n paal bo water uit. ATKV-Tienertoneel het vir ewig die trajek van hul lewe verander.

"Tienertoneel bied goeie *validation* om voort te gaan met drama en kuns. Dis nie 'n maklike bedryf nie en so baie mense trek jou besluit om 'n loopbaan van drama te maak in twyfel. Tienertoneel gee vir jou die geleentheid. Dit gee vir jou *power*", vertel Nichola.

Jeanne-Marie glo die erkenning wat Tienertoneel gee, word "soos 'n baken op jou pad wat vir jou fluister om koers en kop bo water te hou". "Dit moedig jou aan om alles om jou te vier en te weet jy is oukei en jy doen oukei ... Jy is meer as net oukei."

Merwe se liefde vir toneel en Tienertoneel het sommer vroeg-vroeg begin. "My ma het my altyd Aardklop toe gevat en dan het ons die Tienertoneel gaan kyk. Ons het Tienertoneel gekyk dat dit wit sit.

"Tienertoneel was 'n groot deel van my hoërskoolloopbaan. Ek het geleer oor verhoogbestuur, hoe om kritiek te hanteer. Dit was die venster waardeur ek kon kyk hoe dinge werk. Ek is baie dankbaar."

**EK DINK EEN VAN DIE MEES FEESTELIKE DINGE WAT HIERUIT GEKOM HET, WAS OM TE WEET IEMAND SIEN JOU WERK ... KON IETS DAAROOR DINK EN IETS DAAROOR VOEL."**

# Tyd vir nuutskeppings

Benewens die splinternuwe platform vir vanjaar se kompetisie, spog Tienertoneel ook vanjaar met 'n digitale monoloogbundel.

Volgens JJ van Niekerk, projekorganiseerder van ATKV-Tienertoneel, was daar in 2020 geen kortpaaie om reeds bestaande werk af te stof en lewe daarin te blaas nie.

Die ATKV wou die grense met sy toneelkompetisie verskuif deur nuut te skep in 'n tyd van inperking.

"Ons wou sien wat dink en voel tieners en daarom moes deelnemers slegs nuutgeskrewe monoloë uit 'n voorgeskrewe temawolk skep en voordra.

48 tekste het 'n gemiddeld van meer as 80% behaal en vandaar het hierdie digitale bundel die lig gesien. Die bundel is gratis beskikbaar en kan by https://bit.ly/3oHci02 afgelaai word. Nichola en Jeanne-Marie het albei self hul tekste geskryf. Ilne Fourie en Merwe het saam koppe bymekaar gesit om sy teks *Ingeperk* lewe te gee.

Nodeloos om te sê, glo die drie "superhelde" dat toneel 'n moet is vir elkeen.

"Toneel is van onskatbare waarde. Dit doen jou goed op alle vlakke van die lewe. En een groot bonuspunt is die mense wat jy ontmoet. Die mense vir wie ek die liefste is, het ek op hierdie pad ontmoet," eindig Jeanne-Marie haar stemnota aan my af.

"Dit het my lewe handomkeer verander. Ek het myself gevind," voeg Nichola by.

Volgens Merwe is drama nie iets wat jy halfhartig moet aanpak nie. Ek herhaal Ilne se raad aan my: "Jy moet drama om te lewe en lewe om te drama. As jy weet waar jou hart lê, is dit baie maklik. Gee jou alles!

"Die eerste keer wat ek in die kollig ingekyk het, het ek geweet ek hoort op die verhoog. Ek is gebore hiervoor!"


*ATKV-Tienertoneel gaan volgende jaar in sy formaat van ouds voort. ATKV-DigiToneel is 'n splinternuwe projek waar tieners hul nuutgeskrewe monoloë op kamera kan voordra. Meer inligting is op www.atkv.org.za beskikbaar. **T**

**DEUR REZA CLIFFORD**

# HALLO, APP!

## KOEBAAI, WOORDEBOEK

Wat maak dit vir jou moontlik om stemsoektogte in Afrikaans op jou foon te doen of aanlyn na die korrekte spelling van Afrikaanse woorde te soek?



Baie werk moes agter die skerms gedoen word om Afrikaans te digitaliseer ...

Soek jy na iets in Afrikaans? Daar's 'n app (of selfs 'n toep) daarvoor! Van stemsoektogte tot taaladviesplatforms en speltoetsers – Afrikaans is 'n taal wat ten volle digitaal is. Jy kan google en Facebook in Afrikaans, jy kan woorde opsoek en deel wees van 'n aanlyn taalgemeenskap wat bydra tot die ontwikkeling van nuwe woorde en reëls, selfs al is jy nie 'n taalkundige nie.

Maar die pad na digitalisering was 'n lang en dikwels moeilike een. Jare se navorsing moes eers gedoen word. Een van die baanbrekers is Gerhard van Huyssteen, taalprofessor en voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

## Taal en tegnologie

Volgens Gerhard het die verwantskap tussen taal en tegnologie sowat sewe dekades gelede ontstaan, gedryf deur mense soos die Britse rekenaarwetenskaplike Alan Turing.

"In die 1950's het die idee al ontstaan om 'n masjien te ontwerp wat vertalings kan doen," sê Gerhard, maar dinge het nie veel gevorder nie weens verskeie redes; tot die koms van die persoonlike rekenaar in die 1980's.

"Dis toe digitale inligting uiteindelik binne die bereik van navorsers – en ook gewone mense – gekom het. En teen die 1990's is taaldata internasionaal gebruik om nuttige produkte te skep. Teen die draai van die eeu, deels weens die opkoms van empirisme, was dit duidelik: Jy moet korpusse [groot versamelings taaldata] versamel, jy moet iets daarmee doen en jy moet iets nuttigs daarmee maak."

Die opkoms van *computational linguistics* het Gerhard se belangstelling geprikkel en hy is in die vroeë 2000's Europa toe om meer daaroor te gaan uitvind. Dit het gelei tot die ontwikkeling van die eerste kommersiële taaltegnologieproduk vir Afrikaans – 'n speltoetser – in 2002.

Gerhard sê leerinstellings het in die 2000's toenemend begin om navorsing en inligting met mekaar te deel, wat baie bygedra het tot die ontwikkeling van produkte soos die speltoetser, 'n grammatikatoetser, 'n woordafbreker, 'n tesourus en masjienvertaalstelsels.

"Dit is alles produkte gemik op die eindverbruiker. En dis die lekker ding daarvan, want ons almal gebruik taal. Dit maak taal die natuurlikste koppelvlak tussen mense en dit maak dit maklik om aan soveel produkte te dink waar jy taal kan gebruik."

Die ontwikkeling van digitale produkte vir Afrikaans, soos die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en sy uitvloeisels, is voorafgegaan deur 'n lang (en soms vervelige en frustrerende) navorsingsproses, sê Gerhard. "Dit was uiteindelik die boublokkies van wat ons vandag het. Dit was 'n tipiese geval van kruip, loop, hardloop."

Dié proses het tot 2012 geduur. "Daarna kon ons hierdie boublokkies begin inspan om eindgebruikersprodukte te maak. VivA was die logiese uitvloeisel van tien jaar se navorsing en insameling van inligting."

Gerhard sê Google en Microsoft is twee van die grootste beleggers in die ontwikkeling van digitale platforms vir Afrikaans en ander inheemse tale. "Dit is hoekom jy vandag stemsoektogte kan doen in Afrikaans op jou Android-selfoon."

Terselfdertyd het die regering ook geld beskikbaar gestel vir die ontwikkeling van alle inheemse tale, insluitende Afrikaans. Volgens Gerhard het digitalisering en die ontwikkeling van sosiale media 'n verreikende invloed op Afrikaans gehad. "Skielik het jy toegang tot stemme waartoe jy nooit voorheen toegang gehad het nie. Dit het wêrelde oopgemaak en vir ons toegang gegee tot twee goed: werklike taalgebruiksdata, asook mense se menings.

"Toe ons VivA opgerig het, het ons baie marknavorsing gedoen en dit was baie goedkoop, want ons het sosiale media tot ons beskikking gehad. Ons kon baie maklik en vinnig op markbehoeftes reageer. Die gewone taalgebruiker word só dan ook deel van die besluitnemingsproses."

## Kennis vir almal

Sophia Kapp, VivA se taalraadgewer, sê die belangstelling en deelname deur gewone taalgebruikers was merkwaardig. "Om 42 000 volgelinge te hê wat belangstel in taalreëls is verstommend. Daar is mense wat ons platforms elke dag besoek en terugvoering gee.

"VivA se leuse is 'Afrikaans digitaal'. Dit is ons hele oogmerk – om Afrikaans deel van 'n digitale wêreld te maak en ook om hulpbronne beskikbaar te stel aan mense wat andersins nie toegang daartoe gehad het nie. Die era van flappende togas en wysgeërs met dissipels – kennis is gedemokratiseer. In 'n digitale wêreld kan ons ongelykhede uitskakel. Wanneer jy kennis gedigitaliseer het, is dit daar vir almal."

Sophia sê sy het benewens taalnavrae al 'n hele paar vreemde vrae ontvang. "Iemand het al vir my gevra: 'Tannie, hoe vind 'n mens ware liefde?' Daar is natuurlik ook so handjievol tienerseuns wat dink dis snaaks om vir my vloekwoorde te stuur en te vra wat dit beteken. Maar die oorwig van navrae is baie hoflik en dankbaar en ons kry baie positiewe terugvoering."

Volgens Sophia was VivA se demografie by sy ontstaan vyf jaar gelede 45 jaar en ouer. "So twee jaar later was dit 35 en ons het onlangs die tienermark begin betree." En die interaksie met gebruikers op digitale platforms het reeds 'n groot invloed gehad op die ontwikkeling van Afrikaans, meen sy. "Die feit dat ons 'n digitale korpus het waaruit ons kan werk, het reeds 'n invloed gehad op wat die Taalkommissie as Standaardafrikaans beskou."

Maar, te midde van vooruitgang is daar altyd iets wat in die slag bly. Digitale publikasies vervang koerante en tydskrifte, stroming vervang CD's en digitale taalbronne vervang woordeboeke.

## Totsiens woordeboek

Jana Luther, mederedakteur by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT), sê woordeboeke is wêreldwyd besig om uit te sterf. Jana was betrokke by die aanvanklike pogings om Afrikaanse woordeboeke op digitale platforms beskikbaar te stel. "Skrikwekkend en kommerwekkend min mense gebruik woordeboeke aanlyn," sê sy.

Een van die probleme is dat ouer sowel as nuwer weergawes van Afrikaanse woordeboeke op dieselfde platform beskikbaar is en verwarring kan veroorsaak. Mense wend hulle ook eerder tot sosiale media, waar hulle met ander kan skakel, sê Jana.

"In Suid-Afrika word daar eintlik nog net aan skoolwoordeboeke gewerk. Werk aan al die groot Afrikaanse handwoordeboeke is reeds deur uitgewers gestaak. Daar gaan byvoorbeeld nie weer 'n *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)* by Pearson gepubliseer word nie en ook nie meer aanlyn nie. Dieselfde geld die *Pharos Tweetalige Woordeboek* en die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*."

"Jy hou op om iets te maak as mense dit nie meer wil hê nie."

Sosiale media bied geleenthede aan woordeboekredigeerders om taalgebruik waar te neem, "maar daar is nie 'n wisselwerking nie". "Ons stel belang in wat mense aanlyn doen, maar hulle stel nie meer belang in wat ons [woordeboeke] kan bied nie." **T**

### VYF ALGEMEENSTE TAALNAVRAE OP VIVA

- ? Wanneer is dit "wie" en wanneer is dit "wat"?
- ? Een woord of twee woorde?
- ? Wanneer gebruik 'n mens hoofletters?
- ? Waar staan die komma in 'n sin?
- ? Voorsetsels. "Is dit op/met vakansie?" (Antwoord: albei)

**DEUR RIAAN GROBLER**

Vir die bekendstelling van VivA se Taalportaal en Taalonderrigportaal (VivA) deur prof. Gerhard van Huyssteen van die NWU gaan na youtu.be/QzfFQ2E2VZw

# GESOEK: GOGGA MAAK VIR 'BABA' BÁNG

Die koronavirus-pandemie het nie net volwassenes se lewe omvergewerp nie. Die inperking se impak op veral kleuters en hul ontwikkeling sal dalk nog jare met ons wees ...



Die meeste ouers hunker seker na die dag dat die maskers waai en kinders weer met oorgawe kan speel. Tot dan is die vraag steeds: Wat presies is die inperking se impak op ons kleuters?

Die koronavirus en sy nasleep gaan nog lank aan die kleinspan se lewe klou. Die inperking het – saam met ouderdom, ontwikkelingsfase en huisomstandighede – 'n groot uitwerking op hul ontwikkeling en skoolgereedheid gehad. Ouers se sukses daarmee om sekere vaardighede by hul

kinders in te oefen, sal in die volgende jaar of twee deurskemer.

Antonette Hodgkinson, gr. R-onderwyser en graadhoof by die Laerskool Kenmare in Krugersdorp, sê kleuters wat voorheen op koers was en wie se ouers die tyd kon insit om hulle met skoolwerk te help, sal nou skoolgereed wees. Die teenoorgestelde is dalk waar vir kinders, en ouers, wat voor die inperking reeds swaar getrek het. Wietske Boon, spesialisberader en spelterapeut van Centurion, sê: "Daar is spesifieke ontwikkelingsmylpale wat vir my skade ly as gevolg van wat gebeur het."

Om by nuwe omstandighede aan te pas is vir enigiemand traumaties, maar soveel te meer vir kleuters. Wietske sê die aanpassing van terugkeer skool toe is drie weke later eers werklik by kinders opgemerk. "Baie van die kinders is meer emosioneel; hulle huil makliker."

Antonette sê die maande by die huis het veroorsaak dat kinders nie meer gewoond is aan roetine en dissipline nie. Hulle het gefrustreerd geraak, omdat hulle in die pad gevoel het wanneer hul ouers moes werk.

By die skool is dit weer moeilik omdat hulle weens die veiligheidsreëls nie vrylik kan speel nie. Pophoekies en boublokke is taboe en verbeeldingspel word beperk.

## ELKE KIND ERVAAR DIT ANDERS

Kleuters moet weer van voor af leer deel, sê Wietske. "Sosiale vaardighede soos dié sal beslis weer 'n bietjie opgeskerp moet word."

Die dra van maskers beïnvloed ook sosiale ontwikkeling. Baie kinders wil die masker afhaal, want hulle kommunikeer makliker daarsonder.

**"EK IS BANG ONS KWEEK NOU 'N GENERASIE KINDERS WAT REGTIG GAAN BANG WEES VIR VUIL WORD; OM AAN ENIGIETS TE VAT; VIR ENIGE KIEM."**

Ander hou dit weer aan, want dit bied hulle 'n gevoel van veiligheid. Wietske sê sy moet kinders gereeld vra om iets te herhaal en dat hulle soms sukkel om haar mooi te hoor. 'n Sensitiewe kind kan moedeloos raak wanneer hy hom kort-kort moet herhaal en dit kan sy ontwikkeling beïnvloed.

Wietske meen kinders wat sosiaal angstig is, het tydens die inperking beter gevaar omdat dit nie nodig was om te sosialiseer nie. Dit kon vir hulle ook makliker gewees het om terug te keer skool toe, omdat die inperking hulle tyd gegee het om sosiaal te ontwikkel.

Of dit kon 'n groter aanpassing gewees het, omdat die veiligheid van die huisomgewing nou weer ontbreek.

Enkelkinders het dalk die swaarste gekry en selfs vereensaam, want hul ouers moes werk en hulle was op hulself aangewese.

Kinders se korona-ervaring verskil ingrypend. 'n Kind wat 'n familielid weens die virus verloor het, gaan met meer vrees rondloop as 'n kind wat slegs van Covid-19 gehoor het. Hul geaardheid en hoe die virus aan 'n kind verduidelik is, bepaal ook die vlak van hul angs. Kinders wat deurentyd daaraan herinner word om versigtig te wees, sal nie eens wil uitgaan nie.

"Ek is bang ons kweek nou 'n generasie kinders wat regtig gaan bang wees vir vuil word; om aan enigiets te vat; vir enige kiem," sê Wietske. Kinders móét vuil word om 'n gesonde immuunstelsel te kan opbou.

## PROBLEME LATER SIGBAAR

Ouers moes tydens die inperking hul lyf onderwyser hou, maar dit blyk veral kleuters het teen tuisonderrig geskop.

Omdat dié kleingoed leer deur spel sou werkkaarte nie werk nie. Antonette sê om konsepte by kleuters vas te lê moet hulle dit eers fisiek beleef en dan sien.

Dít was vir ouers en kleuters een van die grootste frustrasies, omdat ouers hul kinders op maniere wou besig hou wat die ouers in staat sou stel om terselfdertyd te kan werk.


Wietske sê kinders het verleer om te konsentreer en veral kleuters sukkel om weer by 'n vol skooldag aan te pas.

Antonette sê roetine is by vele ouerhuise agterweë gelaat en baie kinders is teen nege-uur reeds weer honger, omdat daar tuis geen vaste eetpatroon was nie.

Die gevolge van ouers se verdeelde aandag is ook duidelik sigbaar onder kleuters wat nie meer oogkontak maak nie.

As 'n kind se opvoedingsboustene tydens die inperking nie ouderdomsverwant en in die regte volgorde gelê is nie, kan hy of sy 'n agterstand hê. Probleme weens klanke wat op vyfjarige ouderdom nie reg geleer word nie, kan eers in gr. 1 deurskemer en daarom sal dit in die volgende jaar of twee eers duidelik blyk wat presies die agterstand weens die inperking is.

### DIE VIRUS IN DIE WOUD




Wietske Boon het tydens die inperking 'n boek, *Die virus in die woud*, geskryf wat die verhaal van die Covid-19-pandemie, soos ervaar deur dierekarakters in 'n woud, vertel. Dié sagtebandboek is in November gepubliseer en kan by kraal@kraaluitgewers.co.za bestel word.

## HOE NOU GEMAAK?

- Wees bewus dat die inperking 'n invloed op jou kind se ontwikkeling sou hê.
- Wees toegeeflik met jou kind en sy ontwikkeling.
- Onthou, jou kind is nie die enigste kind wat agter is nie.
- Pak ontwikkelingsmylpale aan wanneer jy sien jou kind is gereed.
- Kommunikeer met opvoeders en stap die pad saam.
- Vra kenners hoe jy jou kind kan help om in te haal; sonder om 'n berg van 'n molshoop te maak.
- Hou vol met die gewoonte van masker dra en hande was.
- Moenie oorbeskermend optree en te veel vrees oor die virus kweek nie.
- Roetine is belangrik. Hou daarby.
- Wees versigtig, maar onthou ook dat die lewe aangaan. Laat jou kind lééf.
- Indien jou kind nou tuisonderrig ontvang, is dit belangrik dat hy of sy steeds die geleentheid het om deel te neem aan buitemuurse aktiwiteite. **T**

**DEUR RENATE ENGELBRECHT**



# ’N GOUE WEEK VAN PRET EN PLESIER

Met ’n eiesoortige kuiergeleentheid vir vyftigplussers het ATKV-Buffelspoort gewys gevorderde jare kan met ’n positiewe benadering in van die beste dae van jou lewe omgetower word ...



hierdie jaar was vir seker 'n warrelwindjaar en vir 'n groot gedeelte van 2020 het mense se lewensbootjie maar in onstuimige water gevaar. Ten spyte van die uitdagings wat daarmee gepaardgegaan het, het ATKV-Buffelspoort nie op sy louere gerus nie en steeds die jaarlikse Plus 50 Kuierweek van 25 tot 30 Oktober aangebied.

Wat drie jaar gelede begin het as 'n blote konsep om senior burgers bymekaar te bring vir 'n lekker kuier om die braaivleisvuur, het ontwikkel in 'n week lange saamtrek vir vriende wat al soos familie geword het.

"Danksy Plus 50 Media, wat met ATKV-Buffelspoort hande gevat het om hierdie konsep moontlik te maak, is positiewe veroudering die hartslag wat van hierdie Kuierweek so 'n groot sukses maak," sê Reyno Wepener, ATKV-Buffelspoort se bemarker en vermaakkoördineerder.

*Plus 50* is 'n nasionale tydskrif gerig op die senior mark in Suid-Afrika wat sedert 2005 deur Plus 50 Media uitgegee word. Volgens dr. Karel Prinsloo, hoofredakteur, val hul fokus daarop om 'n wye spektrum kwessies te hanteer, onder meer aftreebeplanning, pensioen- en geldsake, emosionele en fisieke gesondheid, sport en persoonlike welstand.

Om dié rede het ATKV-Buffelspoort die innoverende benadering gevolg om die Kuierweek-program juis só aan te pas dat dit by *Plus 50* se fokus aansluit.

## 'N PROGRAM VOL SPORTS

Die program het begin met 'n kenmekaar-aktiwiteit om te verseker die gaste is eerstens op hul gemak met mekaar. Die week is verder gevul deur prettige bedrywighede soos langarmdans, 'n kunswerkswinkel, die geur van braaivleisvuur en 'n inspirerende praatjie deur Ina Wilken, nie-uitvoerende direkteur van die Finbond-groep.

Die sangeres Jennifer Zamudio het die rol van Plus 50 Kuierweek-ambassadeur en -beskermvrou vertolk, terwyl gaste met groot opwinding kon uitsien na optredes deur gaskunstenaars soos Sonja Herholdt, Touch of Class, David Muller en Armand van der Merwe.

Hierdie propvol program is volmaak afgerond deur 'n groot



**"NIE NET KAN ONS LIEFLIK KOM UITSPAN BY DIE OORD NIE, MAAR DIE PROGRAM VERSEKER DAT DAAR NOOIT 'N VERVELIGE OOMBLIK IS NIE."**

verrassing dat die seniors se week lange manewales deur Riaan Cruywagen se kykNET-program *Met 'n huppel in die stap* opgeneem is op kykNET uitgesaai is.

Hoewel Covid-19 aanvanklik die Plus 50 Kuierweek-planne effens deurmekaargekrap het, het dit allermins die gaste se gees geblus. Ongeag daarvan dat daar vanjaar minder gaste as in die verlede was, het die bok-vir-sports-gees behoue gebly. Volgens die getroue Kuierweek-bywoners tant' Mollie van Rooyen en tant' Dollie Kinnear, albei afkomstig van Rietfontein in Pretoria, wat ook as "hoofmeisies" tydens die week aangewys is, was dit nogmaals 'n heerlike samekoms waar daar gelag, gespeel, gekuier en nuwe vriende gemaak is.

Ná die derde keer wat hulle hierdie geleentheid bygewoon het, is hulle vol lof vir Reyno as aanbieder en organiseerder van die program en het hom geprys vir sy aansteeklike entoesiasme.

Die oord het boonop die "voorreg" gehad om saam met Dollie die groot mylpaal van 70 jaar te vier. Dollie en Mollie is al die afgelope 33 jaar vriendinne.

Irene Maré, afkomstig van Pretoria, sê op haar beurt: "Ek is baie beïndruk met die klomp aktiwiteite wat aangebied word. Nie net kan ons lieflik kom uitspan by die oord nie, maar die program verseker dat daar nooit 'n vervelige oomblik is nie." Irene het hierdie jaar vir die tweede keer die Plus 50 Kuierweek bygewoon.



Veiligheid eerste by Plus 50 Kuierweek.


## MA-EN-DOGTER-MYLPAAL

Wat hierdie jaar se Kuierweek nog meer besonders gemaak het, is die feit dat ATKV-Buffelspoort die prys van oudste kuiergas aan Silvia Holtshauzen kon oorhandig. Op "net" 95-jarige ouderdom is sy nog jonk van lyf én gees. Tant' Silvia se wenresep is heel eenvoudig: Dis genade van Bo en die koestering van die kind in elkeen.

Haar 68-jarige dogter, Denise van Wyk, wat haar vergesel het, sê: "Vergeet van in 'n rondawel bly, my moeder span sommer uit in ATKV-Buffelspoort se woonwastaanplekke."

Voordat die gaste weer hul tassies gepak het, is hulle die kans gegun om alle aspekte van die Plus 50 Kuierweek te evalueer. Dit sluit die aankoms, verblyf, etes en vermaak in.

Hierdie evaluerings en aanbevelings dra daartoe by dat die nodige aanpassings gemaak kan word vir volgende jaar se



Tannie Silvia Holtshauzen word gekroon as oudste kuiergas by die Plus 50 Kuierweek.

Kuierweek – om te verseker daar word nogmaals 'n gehalte-geleentheid aangebied.

Pen solank die datum in jou dagboek neer: 31 Oktober tot 5 November 2021, want Plus 50 Kuierweek is hier om te bly! **T**

**DEUR THERIEN TALJAARD**


TARRYN WYNGAARD

# DIE HARMONIE ...



TARRYN WYNGAARD

# VAN UIT RITME WEES



Sy het al 'n verpleegster gespeel, 'n dowe meisie op rolskaatse en nou, 'n verkragtingslagoffer wat in 'n inrigting beland. Hierdie jong, Kaapse aktrise skrik nie vir uitdagende rolle nie …



Tarryn Wyngaard bring die glas vonkelwyn na haar mond en vat 'n teug. Die reën sif deur die takke van die bome by die koffiewinkel in Linden waar ons sit.

"Mimosas in die reën!" sê sy met 'n glimlag, en jy kan agterkom dié aktrise is teenwoordig in hierdie oomblik. Net soos sy met elke rol wat sy aanpak vir dáárdie oomblik lewe. 'n Paar minute waarin sy 'n ander siel, 'n ander dorp of 'n ander wêreld bewoon en lewe aan komplekse karakters gee.

Die 29-jarige Kapenaar is in Johannesburg vir 'n bemarkingsfotosessie vir haar jongste rol – in Showmax se oorspronklike reeks *Dam*. "Ek speel altyd uitdagende rolle," sê sy. "Dit is lekker. Vir daardie oomblik is dit vir my werklik, al is dit net tydelik."

*Dam* is 'n sielkundige riller wat in 'n dorpie in die Oos-Kaap afspeel. Lea Vivier speel die rol van Yola Fischer, wat van Chile terugkeer om haar pa te begrawe. Kort voor lank word sy deur geeste in die plaashuis geteister en sukkel weldra om tussen die werklikheid en haar verbeelding te kan onderskei. Tarryn speel die rol van Clara, 'n verkragtingslagoffer, wat met haar trauma probeer saamleef en in 'n inrigting beland het.

"Ek hoop dat ek lewe kon gee aan die karakter en al daardie pyn wat sy ervaar suksesvol kan oordra. Ek wil nie mal speel nie. Ek wil baie spesifiek wees oor my karakter se psigose. Ek het vir die rol verskriklik baie navorsing gedoen. Sy is byvoorbeeld op ketamien en ek het al die newe-effekte van dié dwelm op die liggaam gaan navors. Jy moet jou huiswerk doen."

## OBSESSIEF OOR HAAR KARAKTERS

Dit is nie die eerste keer dat Tarryn haar verdiep in die karakter wat sy vertolk nie. In die kykNET-reeks *Dwaalster* speel sy die rol van die dowe Gina, wat op rolskaatse rondbeweeg. Sy moes haar in 2018 binne 'n maand in die skoene, oftewel rolskaatse, van Gina verbeel.

"Ek doen verskriklik baie navorsing voordat ek 'n karakter vertolk," sê sy. Sy het voor die tyd kontak gemaak met 'n dowe persoon wat ook



**“JOU BREIN VERSTAAN DAT JY NIE DAARDIE PERSOON IS NIE, MAAR JOU LYF DRA DIE LETSELS.”**

handgebaarlesse gee. "Ek het nie gewag vir die produksie om dit te reël nie. Ek het my eie inisiatief geneem. Ek voel verantwoordelik as ek 'n sekere groep mense op die skerm verteenwoordig."

Daardie persoon het haar gebaretaal geleer en al kan sy dit nie vlot praat nie, kan sy die meeste daarvan verstaan. Sy moes ook vinnig leer om op rolskaatse oor die weg te kom. "Kan jy my op agt wiele sien?" sê sy al laggende. Sy het by die Cape Town Rollergirls aangeklop om te leer rolskaats. "Ek het elke dag twee uur van Seepunt na Mouillepunt gerolskaats. Nou kan ek met gemak rolskaats en ek het selfs vir my 'n paar rolskaatse uit Amerika bestel. Ek is nou 'n *pro*."

## EMOSIONALE LANDSKAP

Tarryn het aan die Hoërskool Westerford in Rondebosch gematrikuleer en sy het op skool reeds geweet sy wil voor mense optree. "Ek het musiek en ballet gedoen. Ek het nog altyd *perform*. Op skool was daar baie geleenthede om alles te doen en ek het probeer om alles te doen."

In matriek het sy 'n kruispad bereik, want sy moes tussen mikrobiologie en drama aan die Universiteit van Kaapstad kies. "Ek het vir die oudisie vir dramakeuring gegaan en toe ek dit kry, het ek dit as 'n teken gesien en drama gaan studeer."

Haar ma en pa is geskei toe sy nog jonk was en sy sê dit het ook in 'n mate daartoe bygedra dat sy in die kunste beland het.

"Ek dink ek is in die bedryf omdat ek op 'n jong ouderdom probeer verstaan het wat met my ma en pa aan die gang is. Dit het my 'n emosionele landskap gegee. Ek is eintlik baie dankbaar daarvoor; dit het my empatie geleer.

"Hulle was verskriklik lief vir mekaar, maar dit het ongelukkig nie gewerk nie."

Sy moes in daardie tyd ook sterk staan vir haar jonger suster. "Ek het probeer om die grapjas te wees. Om die *entertainer* te wees en haar te beskerm. Ek kon my hartseergesig verbloem en 'n gelukkige gesig opsit om haar beter te laat voel. Dit het grootliks bygedra tot wie ek vandag is. Daardie disintegrasie het bygedra tot mý karakter en hierdie rugsak vol goed gebruik ek om my karakters beter te verstaan."

Haar groot deurbraak het gekom toe sy 'n rol in die produksie *Liewer*, geskryf deur Tertius Kapp, losgeslaan het. Sy het in 2017 'n Fiësta vir haar spel daarin ontvang. Daarna het sy die rol van die stom Katrien in *Moeder Moed* op die jaarlikse



Suidoosterfees vertolk. Sy het ook vlugtig in *Arendsvlei* verskyn, maar gou agtergekom sepies is nie vir haar nie.

"Ek wou nie myself in die sepie-ritme vasvang nie. *Comfort breeds familiarity, breeds contempt, breeds idleness, breeds an inactive brain.*"

Haar rol in *Stam* is 'n hoogtepunt, sê Tarryn. Dié fliek vertel die verhaal van die verweefde lewe van vyf baie uiteenlopende karakters deur die loop van 'n paar uur in die middestad van Kaapstad. Tarryn vertolk die rol van die verpleegster Samiah. Sy het haar nogmaals verdiep in die karakter en tyd by 'n staatshospitaal deurgebring. "Ek het net daar gesit en notas geneem en die energie van die plek probeer absorbeer."

Al het Tarryn net ses dae op die stel deurgebring, sê sy die rol was so uitmergelend sy wou vir maande nie na die rolprent kyk nie. "Dit is 'n vreemde verhouding wat 'n mens met jou proses en jou werk het. Hoe dieper jy grawe hoe liewer raak jy daarvoor, maar hoe walgliker raak jy ook vir jouself," sê sy en vat nog 'n sluk van die vonkelwyn.

Om afstand te kan doen van 'n karakter of 'n projek moet sy iets fisiek doen.

"Jou brein verstaan dat jy nie daardie persoon is nie, maar jou lyf dra die letsels. Met my laaste rol [*Dam*] het ek net geslaap en van ander goed gedroom, maar ek hou ook daarvan om in die berge te gaan stap of 'n ander projek aan te pak.

"Ek dink jy verloor elke keer iets van jouself as jy 'n ander siel vertolk. Jy voel uit ritme met jou eie hartklop, maar ek dink dit raak beter namate jy ouer word." **T**

**Dam is van Februarie 2021 op Showmax te sien.*

**DEUR JACQUES MYBURGH**
**FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST/BLACKFRAME PHOTOGRAPHY**
**PRODUKSIE-ASSISTENTE: ALAN SAYERS EN KIRSTEN FERREIRA**
**GRIMERING: GERLIA GROENEWALD**
***ANDRE SKIET MET DIE FUJIFILM GFX 50R**





# ’N VIERING VAN KAMERADERIE

Ongeveer 20 000 deelnemers spring jaarliks weg om die Comrades-ultramarathon aan te durf. Net soos die man wie se geesteskind dié ikoniese wedloop is, is elkeen van hulle 'n soort "soldaat" ...

Die see van deelnemers wat wegspring, herinner aan 'n Keltiese oorlogsmag wat die vyand bestorm. Duisende lywe durf die "oorlogspad" aan om hulself as "waardig" te bewys.

Voor hulle lê 'n stryd van by die 90 km se berge en dale, maar die innerlike stryd is soms selfs moeiliker om te oorkom: "Sal ek kan, soos duisende voor my het?"

Sommige het vlerke aan hul voete, ander haal sukkel-sukkel die eindstreep. Dáár kry elke "soldaat" 'n helde-ontvangs, maar, soos in enige geveg, is daar ook dié wat nie klaarmaak nie.

## In die resies van die lewe

"Dít is die aantrekkingskrag van die Comrades-marathon," sê Roxanne Thomas, kurator van die Comrades-marathonmuseum in Pietermaritzburg. "Dis soos wat John Cameron-Dow in sy boek sê: 'Dis 'n wedloop wat jou terselfdertyd verlei en martel.'"

Die boek waarna sy verwys, is *Comrades Marathon: The Ultimate Human Race*. Dit handel oor die geskiedenis van dié ikoniese marathon en word deur die Comrades-marathonvereniging (CMA) onderskryf.

"Die eerste Comrades-deelnemers het 99 jaar gelede weggespring en meer as 300 000 mense het deur die jare oor die eindstreep gehardloop," sê Roxanne. "Tog weet net 'n handjievol mense wat die oorsprong van die Comrades-beweging is."

Die ultramarathon was die geesteskind van 'n Engelse soldaat wat die gruwel van oorlog eerstehands ervaar het. Vic Clapham is in 1886 in Londen gebore, maar het kort daarna saam met sy familie na Suid-Afrika ge-emigreer. Hy het in Kaapstad grootgeword en as jong seun daagliks 8 km skool toe gestap.

Op 13 reeds maak hy kennis met die verwoesting wat oorlog kan saai toe hy in die Anglo-Boereoorlog as draagbaardraer vir die Britse magte optree. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 was hy 'n treindrywer in Pietermaritzburg by die destydse Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hy het aangemeld om in Oos-Afrika te gaan veg.

"Die Eerste Wêreldoorlog het 'n verskriklike impak op hom gehad," sê Roxanne. "Nog nooit het die mensdom so 'n vlak van vernietiging gesien nie. Die geweld en verlies van lewens was ongehoord. Ná vier jaar is byna tien miljoen mense dood. Dit is meer as die gesamentlike totaal van slagoffers in al die oorloë in die eeu voor dit."

## Die gees van dapperheid

Clapham wou sy gevalle kamerade met 'n "lewende" gedenkteken vereer. Sy




Drawwers by die wegspringlyn in 1925. Draf vir oefening was gedurende dié tyd nie eens 'n opsie nie. Foto: Comrades-marathonvereniging (CMA).

huldeblyk moes "kon asemhaal", skryf Cameron-Dow; dit moes 'n gees van dapperheid en uithouvermoë weerspieël. Dit moes al die eienskappe uitbeeld wat hy in sy kamerade gesien het.

"Vic het gesien hoe gewone mense in dapper soldate verander," sê Roxanne. "Hulle moes strawwe afstande op harde terrein te voet aandurf. Vic het aangeteken dat hy tydens sy diens in Oos-Afrika oor die 1 700 myl – meer as 2 700 km – gestap het. Dít terwyl hy 'n rugsak van 60 kg gedra het!

"Onthou, hierdie ouens was nie beroepsoldate nie en hulle het bitter min militêre opleiding ontvang, indien enige. Gewone, alledaagse en onfikse mans was in staat daartoe om die genadelose pas te oorleef. Rantsoene was skaars. Hulle was siek met malaria en disenterie, maar hulle het die




Samuel Tshabalala was die eerste swart man wat die Comrades in 1989 gewen het.
Foto: Comrades-marathonvereniging (CMA).

pas volgehou."

In 1917 word Clapham weens mediese redes eervol ontslaan. Terug in Suid-Afrika nader hy die League of Comrades of the Great War om sy voorstel ter tafel te lê: 'n jaarlikse wedloop tussen Pietermaritzburg en Durban waarmee die bond se naam uitgedra word. Die kameraadskap wat op die slagveld gebore is, sou deur die wedloop lewendig gehou word. Hy het gesê dit sou 'n teken van hoop wees vir dié wat die oorlog oorleef het en ook 'n blik op swaarkry bied vir dié wat nie aan die front was nie. Almal wat betrokke was, sou as beter mense daar wegstap!

Die bond was nie oortuig nie, sê Roxanne "Sy idee was uitheems omdat padwedlope – buiten vir die Olimpiese Spele – tot in daardie stadium nog ongehoord was. Die afstand was ekstreem en die pad tussen die wegspringplek en die eindstreep was erg heuwelagtig en ook nie geteer nie."

Clapham het hom nie laat afskrik nie en die bond het uiteindelik ingestem tot 'n lening van een pond om die koste te dek. Die voorwaarde was hy moes dit terugbetaal. Clapham het uiteindelik genoeg geld ingesamel om die lening te kan terugbetaal én 'n klein medalje aan elke deelnemer te oorhandig wat die wedloop binne 12 uur voltooi.

Die afsitskoot in die eerste Comrades het op 24 Mei 1921 geklap. Uit 48 inskrywings het 32 hardlopers opgedaag. Nog twee deelnemers het hulle op die ingewing van die oomblik by die groepie aangesluit. Hulle het voor die stadsaal in Pietermaritzburg aangetree en die weg gebaan vir tienduisende deelnemers wat in hul spore sou volg.



## "HY HET GESÊ DIE WEDLOOP SOU 'N TEKEN VAN HOOP WEES VIR DIÉ WAT DIE OORLOG OORLEEF HET EN OOK 'N BLIK OP DIE SWAARKRY SOU BIED VIR DIÉ WAT NIE AAN DIE FRONT WAS NIE."



Die Comrades Marathon Huis is die hoofkwartier van die Comrades-marathonvereniging (CMA). Foto: Anja van den Berg





Links: Vic Clapham, die stigter van die Comrades-marathon. Regs: Die eerste vrouewenner, Betty Cavanagh, het die titel in 1975 op die ouderdom van 44 verower. Foto's: Comrades-marathonvereniging (CMA).

Die tydsgees het dikteer slegs wit mans mag deelneem. "Die wedloop het die gebruike van die tyd, maar veral die wetgewing van die tyd, weerspieël," sê Roxanne. "Maar die Comrades-gemeenskap was van die begin ontvanklik vir enigiemand wat wou deelneem."

Die eerste vrou wat die pad aangedurf het, het reeds in 1923 haar staal getoon. In 'n veld van 68 hardlopers het Francis Hayward, 'n tikster, die 28ste plek losgedraf. Die Comrades-vereniging het eers later haar nie-amptelike deelname as amptelik erken. In 1935 het Robert Mtshali in die geskiedenisboeke ingehardloop as die eerste swart man wat aan die wedloop deelneem. Sy prestasie is in 2005 amptelik erken.

In 1975 verklaar die Comrades-vereniging dat albei geslagte, en alle rasse en kulture, welkom is om amptelik in te skryf en aan die wedloop deel te neem.

"Daar is soveel ongelooflike stories," sê Roxanne. "Dis byna of mense hul interne worstelings – hul innerlike oorloë – uitwoed en oorwin deur die Comrades aan te pak. Daardie dag van die wedloop maak dit nie saak watter werk jy het of waar jy bly nie. Of jy nou 'n huishulp of 'n fisikus is, daai 90 km is joune om te oorwin.

"Die Comrades-marathon bied aan gewone mense die geleentheid om op soveel vlakke iets buitengewoons te bereik."

**DEUR ANJA VAN DEN BERG**
**ILLUSTRASIES: LOUIS VAN DEN HEEVER**

# HET JY GEWEET?

**DIE COMRADES-ROETE IS EERS IN**

**1931**

**TEN VOLLE GETEER – 'N HELE TIEN JAAR NÁ DIE EERSTE WEDLOOP.**

## BRUCE FORDYCE

het van 1981 tot 1988 met die titel weggestap (agt keer agtereenvolgens) – en wéér in 1990. Hy kan met **30** Comrades-medaljes spog.

**MEDIESE GERIEWE IS VIR DIE EERSTE KEER IN 1977 BESKIKBAAR GEMAAK EN IS SOMMER IN DIE KLEEDKAMERS BY DIE EINDSTREEP INGERIG. DEESDAE IS DIE MEDIESE TENT DIE GROOTSTE TYDELIKE MEDIESE GERIEF TER WÊRELD (BUITEN VIR OORLOGSONES).**

Prysgeld vir die wenners is in 1995 ingestel.

**GERDA STEYN** (GEBORE IN 1990) IS DIE EERSTE VROU WAT DIE MARATHON IN MINDER AS SES UUR VOLTOOI HET. IN 2019 STEL SY 'N REKORD OP MET HAAR TYD VAN 5:58:53 IN DIE OP-WEDLOOP (DURBAN NA PIETERMARITZBURG).




Rufus Photo (regs) het sedert 2012 al drie Comrades- goue medaljes gewen.




Elke jaar help duisende vrywilligers om van die wedloop 'n sukses te maak.




## Kyk hier na ongewone prestasies:

https://samilhistory.com/2017/04/15/comrades-legend-springbok-and-war-veteran-the-remarkable-bill-payn/

https://www.facebook.com/ComradesMarathon/photos/a.177465038984915/3550018968396155/



# DAAR KOM (EN GAAN) DIE ALABAMA

Die Alabama-geselskap se ryk geskiedenis strek oor 64 jaar, sedert die oorspronklike P.U.K. Alibama Boere-orkes in 1943 gestig is. Die groep se laaste optrede is in 2007 gehou ...




Of jy deel was van die Puk (deesdae die Noordwes-Universiteit) se studente-lewe of nie, daar is 'n goeie kans jy weet wie, of wat, die Alabama-studentegeselskap was. Die naam leef voort in Alabama Produksies, wat musiekspele by die universiteit op die planke bring en ook klank-, beligtings- en tegniese dienste lewer.

Aan die einde van 1942 – toe die Tweede Wêreldoorlog reeds drie jaar gewoed het – was voorraad skaars en die spanningsvlak hoog. Ongelukkigheid op die Puk-kampus het breekpunt bereik, omdat die studente nie meer tevrede was met "laas jaar se brood en volgende jaar se piesangs" nie.

Die koshuis-kelners het deurgeloop en moes "pêrevel ry". Komberse is deur 'n kring studente vasgehou en die slagoffer is etlike meter die lug ingeskiet. Al die inwoners van die betrokke koshuise is geskors en teen 1943 het die moraal onder studente 'n laagtepunt bereik. Die kapteins van die universiteit se eerste rugby-

# ALABAMA



















1. Johan en Louis Drummond van Rensburg agter die klawers. 2. Gerrit Schoonhoven regs. 3. Die geselskap maak gereed vir die Boatrace by die dinee. 4. Damesdag 1995. 5. Komediante Danie Niehaus en Frans Kruger. 6. 'n Veeltalige plakkaat.

krieketspanne en die leier van die ANS-studente-orkes het besluit om in te gryp. 'n Krieket-en-rugbytoer sou gereël en 'n orkes op die been gebring word – die P.U.K. Alibama Boere-orkes.

"Min mense weet dat die naam 'Alabama' 'n Indiaanse naam vir 'mense' is," vertel Chris de Bruyn, wat van 1987 tot 1989 as Alabama-voorsitter gedien het. Chris is die stigter en bestuurder van Artéma, die NWU se Instituut vir kunstebestuur en -ontwikkeling. "Die naam soos ons dit gebruik, is afkomstig van 'n Amerikaanse skip wat in 1863 in Saldanhabaai ingevaar het. Die uitspraak het as 'Alibama' in die volksmond ontstaan."

In haar boek *Puk Kunste: Die geheim agter die gordyn* skryf Lennie Gouws dat die boot se aankoms groot opwinding onder die boere van die omgewing veroorsaak en die Kapenaars se verbeelding aangegryp het. Vandaar die volksliedjie met die lirieke "daar kom die Alibama, die Alibama die kom oor die see".

## SKEPTICI WORD AANHANGERS

Daar was van die begin 'n ongeëwenaarde geesdrif oor die projek, sê Horst Bütow, Alabama-voorsitter in 1973 en 1974.

Horst het in 1980 die departement kultuur op die destydse Puk-kampus begin en 30 jaar as direkteur gedien. In 2010 is die departement herdoop na NWU-Puk Kunste.

"Dalk het dit iets te doen met die tikkie rebelsheid waarmee die groep die lewe ingeroep is. Dit was oorlogsjare en vele studenteleiers het gevoel dis nie gepas om 'n groep jolige studente op 'n toer te stuur nie," sê hy.

Boonop was van die groeplede voormalige inwoners van die "pêrevel"-koshuise.

Dit het ook gegons oor Walta Viljoen, rugbykaptein, wat as studenteraadslid die aansoek vir 'n lening van honderd pond by die studenteraad hanteer het.

In 1943 was hy boonop voorsitter van die "X-klub", wat dansgeleenthede vir die studente in die dorp gereël het. Dit het nie gehelp dat die X-klub sy tromstel aan die Alibama-orkes geskenk het nie.

Ondanks die teenkanting is goedkeuring vir die toer mettertyd verleen en, ná optredes in die destydse Wes-Transvaal, Noord-Kaap en die Vrystaat, het die orkes met 'n bruto inkomste van byna 500 pond gespog.

Dié sukses het die mening op kampus geswaai en in 1944 is die rektor as die orkes se beskermheer benoem.

## VAN ORKES TOT REVUE

Met die selfstandigwording van die universiteit in 1951 is die orkes se naam na die PU-Alabama Studente-Orkes verander. Die konsertprogram is in dié jaar die eerste keer in Engels vertaal en dit was een van die hoofredes hoekom "boere" in die titel vervang is.

In 1961 is die konsert se formaat van orkes tot operette verander en 'n jaar later staan die orkes as die Alabama-studentegeselskap bekend. Lennie meen Alabama, soos die groep in die volksmond bekend gestaan het, was teen daardie tyd een van die Puk se belangrikste ambassadeurs. Nog 'n groot verandering het in 1967 gekom toe die geselskap se revue-styl program ontwerp en deur Johan van Rensburg (van *Noot vir noot*-faam) in werking gestel is.

Dit was 'n waagskoot, skryf Lennie, omdat gehore destyds nog nie só iets op die planke gesien het nie. Aanvanklik was die konsertsale bra leeg, maar die oorgang van 1968 tot 1969 was "verstommend". Een van die redes, voer Lennie aan, is dat die eerste Alabama-plaat die lig gesien het en oor die radio gehoor is. 'n Snit op dié plaat was vir tien weke onoorwonne op die Suid-Afrikaanse treffersparade. 'n Rits pryse en borgskappe het gevolg, asook 'n toer in Taiwan in 1985 en optredes in die room van Suid-Afrika se teaters.

## DIE SKEMERVAART

Teen 2004 het dit duidelik geword Alabama se revueprogram is by 'n kruispad. 'n Nuwe konsep is in 2006 bekend gestel en die geselskap van 30 tot 12 sangers verklein. 'n Vierstuks-ritme-orkes het deel van die opvoering geword en die keuring- en bestuursprosesse het ook 'n nuwe baadjie aangetrek.

"Baie soortgelyke groepe het hul bes gedoen, maar nie een kon by Alabama kers vashou nie," sê Horst. "Dit was ure en ure se oefening en opoffering. Alabama het ongeëwenaarde professionaliteit vir 'n studentegeselskap getoon. Elke lid het daai dryf gehad."

Horst meen soos die jare aangestap het was die studente se toewyding nie meer op dieselfde vlak nie. "Dis byna of, soos studente se luukshede toegeneem het, hul toewyding ook minder geraak het."

Nog onoorkombare struikelblokke was stygende produksiekoste en mededingende produksies, wat ook internasionale aanbiedings ingesluit het. Nie net het die gehore se verwagtings verander nie, maar die studente kon nie meer die moordende pas van repetisies en vertonings – sáám met die akademiese druk – volhou nie.

Wat hy die meeste mis, sê Horst, is om te sien hoe groentjies ontwikkel tot selfstandige volwassenes en hulself kan uitleef. Chris voeg by: "By die 1993-reünie, toe Alabama 50 jaar bestaan het, was sewe geslagte De Bruyns op die verhoog." Hy, twee van sy ma se broers, albei sy ouers, sy suster, sy een tante en een van sy niggies is almal oudlede.

"Alabama sit in my elke oomblik van die dag; al my keuses in terme van beroep, my werk, my lewensvaardighede. Ek is wie ek is omdat ek in Alabama was." **T**

**DEUR ANJA VAN DEN BERG**

## INTERESSANTE FEITE

- Alabama het jaarliks sowat 60 vertonings aangebied. Ongeveer 80 000 mense het dié vertonings in 2006 en 2007 bygewoon.
- Sedert 1976 is Alabama 23 keer op televisie gesien. Die laaste keer was in 2002 en 2004 in onderskeidelik *Geraas* en *Pasella*.
- Alabama het 31 plate en 17 CD's uitgereik.
- Johan van Rensburg was in matriek toe hy die eerste keer saam met Alabama getoer het. Die gereelde trompetspeler het twee dae voor die toer skielik siek geword.
- Nog suksesvolle oudlede sluit in Rina Hugo, Karin Hougaard, Chanté Hinds, Helenè Bester, Anna Davel, Christa Steyn en Danie Niehaus. Pieter Mulder en Dirk Hermann was ook lede.

**Bykomende bronne:** *Alabama 50 Jaar: Gedenkalbum*

# 'N TUIN VIR AL DIE SINTUIE

By die Pionierskool vir siggestremdes in Worcester is daar 'n besonderse tuin waar jy al jou sintuie kan inspan – van aan die plante ruik en voel tot luister na poësie ...

'n Tienerdogter in maroen-en-grys skoolklere sit vredig op 'n tuinbankie. Om haar groei Weskus-suurvye, 'n rankaalwyn, sterjasmyn, wilderoosmaryn, duineboegoe en verskillende soorte salies en malvas in 'n tuin so groot soos 'n netbalbaan. 'n Halfmeter weg borrel 'n drievlak-tuinfonteintjie.

So, met haar hande gevou in haar skoot is die skoolmeisie wat na die tuingeluide luister 'n prentjie van saligheid. 'n End weg stap klasmaats by mekaar ingehaak; voor stap dié met die beste sig. Hulle loop vat-vat en ruik-ruik van een verhewe blombedding na die volgende.

## Tuinverse

"Dis Cleo. 'n Mens kry haar gereeld presies net daar sit," sê Suna Verhoef en knik in die rigting van die meisie op die bankie. "Dis haar plek dié."

Suna is 'n taalonderwyser by die Pionierskool en die dryfkrag agter 'n projek om 'n eens oorgroeide kruietuin op die byna 140 jaar oue skoolterrein in 'n "multisensoriese" tuin om te skep. Die tuin en terrein bied 'n verskeidenheid ervarings; van plantname in braille en buitelug-musiekinstrumente tot digitale tuinverse. Gehoor en aanraking word gestimuleer – belangrike sintuie vir diegene







met sigprobleme.

In 'n koerantberig ná die opening van die tuin in 2018 het dr. William Rowland, eertydse uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Raad vir Blindes en president van die Wêreldraad vir Blindes, gereken die projek is enig in sy soort. Hy het daarop gewys dat plante, poësie, bome, teks en klank in een ruimte saamgevoeg word waar mense met verskillende gestremdhede tuis kan voel.

Die projek het spanwerk en skenkings uit verskeie oorde gekos – selfs die destydse skoolhoof, Paul Greyling, het ingespring as skrynwerker. Sedertdien het die boegoeplante, kooigoed en vygies lyf gekry. Die jasmyn groei al meters ver in beddings, voortdurend op soek na vatplek sodat dit verder kan kronkel.

Die plantname word benewens braille in Engels, Afrikaans en Latyn gedruk. Op ander bordjies is daar die titel van 'n gedig saam met 'n QR-kode. Lees jou slimfoon dit vir jou kan jy kies om tuinverwante gedigte deur digters soos einste Rowland, Daniel Hugo, prof. Bernard Odendaal, Floris A. Brown en prof. Franci Greyling te lees of na te luister. Dis deel van die Byderhand-projek, 'n inisiatief van die Noordwes-Universiteit (NWU) se vakgroep skryfkuns waarin daar in die buitelug met plekspesifieke Afrikaanse literatuur geëksperimenteer word.

"My kollega Julie van Wyk bring gereeld haar Afrikaans-















**"DIE VELE FASETTE VAN DIE TUIN IS 'N IDEALE GELEENTHEID VIR SPONTANE LEER EN INSKERPING VAN VAARDIGHEDE."**

klasse hierheen om na die voorlees van gedigte te luister," sê Suna.

## Maak 'n lawaai

"Die vele fasette van die tuin is 'n ideale geleentheid vir spontane leer en inskerping van vaardighede," sê Franci. "Een van my kosbaarste herinneringe is van drie maats in die grondslagfase wat een pouse in die tuin gespeel en hul braillelees-vaardighede op die braillebordjies geoefen het."

Franci se span was drie jaar lank besig met die opneem van klankopnames, installasiewerk en webgedrewe inhoudsontwikkeling. In die proses, sê sy, het hulle waardevolle insig in die leefwêreld van mense met siggestremdheid gekry.

Marimbaklanke vul die lug wanneer twee skoolseuns 'n tuisgemaakte houtinstrument in die tuin begin bespeel. Digby is 'n stel blou tromme. 'n Reeks buisklokke van verskillende lengtes metaalpyp hang aan 'n gesweisde staalraamwerk. Franci het al meer as een keer opgelet dat kinders aan die begin van pouse gou-gou tuin toe gaan, 'n vinnige tromsessie deurwerk en dan verder pouse hou. "Energie-ontlading? Ritueel? Plesier? Sosialisering? Lekker lawaai?"

Oor die oorsprong van dié reeks buiteluginstrumente sê Suna: "Dis danksy die gesamentlike ATKV-Handevat-projek tussen ons skool en die Hoërskool Brackenfell. Hul leerders moes vir 'n tegnologietaak instrumente maak waarna die stewigste, wat in die buitelug kan hou, hierheen gebring is."

Sy is steeds dankbaar oor hoe dié Kaapse leerders menige Saterdag gehelp het om die tuin voor te berei vir die waterslim plante wat deur personeel van die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin in Worcester aangeplant is.

"Soms kou ek van die blare as ek verveeld is," verklap Cleo. Dis 'n heel veilige benutting van die tuin, want eetbaarheid is van

die eienskappe wat oorweeg is.

Wanneer die skoolklok lui, loop Cleo en haar maats klas toe.

Op die stil skoolterrein bly daar slegs 'n onderwyser oor wat 'n blinde laerskoolleerder touwys maak oor hoe sy haar weg al met die voetpaadjies langs kan vind. 'n Windvanger van 'n metaalkoekvurkie en -lepeltjie klingel saggies. Al wat kortkom is 'n bordjie met "Cleo se bankie" daarop, want haar naam beteken nie verniet "trots" in Grieks nie. Hierdie is immers 'n ruimte waaroor 'n mens maar só kan voel. **T**

**DEUR ENGELA DUVENAGE**



## HET JY GEWEET?

**10** tuin- en kinderverse kan gehoor of gelees word.

**122** WAS DIE GETAL LEERDERS IN 2020 BY DIE PIONIERSKOOL VIR SIGGESTREMDES.

**45** soorte inheemse plante is aanvanklik aangeplant.

***... en as die blomme oopgaan***
***en vrolik om ons lag***
***sal ek vir jou 'n blom bring –***
***as jy hier vir my wag.***

"Tuinmaak", Franci Greyling (2015)

## VYF INTERESSANTE FEITE

1. 'n Bloulugblou tweeverdieping-skoolmuur hou wag oor die tuin. Dis deur Afrikaans.com en die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans met musiekverwante idiome beskilder.
2. Nog bordjies en QR-kodes danksy die Byderhand-projek (www.byderhand.net) elders op die skoolterrein bied toegang tot vertellings deur oudleerders.
3. Die Byderhand-projek se plekspesifieke Afrikaanse literatuur (soms selfs met agtergrondmusiek daarby) kan ook ervaar word in Potchefstroom se botaniese tuin en die Breytenbachsentrum op Wellington.
4. Drie navorsingsartikels oor die Pionierskool Byderhand-projek het in Desember 2020 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn.
5. Om 'n besoek aan die multisensoriese tuin te reël kontak die skool se bemarker Elizma Berlyn by 078 575 2366.

# DEEL JOU MÔRES

Christine Barkhuizen le Roux, outeur van romans soos *Padmaker*, *Drieklawerblaar* en *Getuie*, skryf oor die versengende droogte in die Klein-Karoo en die dag toe die reën kom …

Die Suidwestelike Distrikte, en veral die Klein-Karoo, se droogte duur al jare. Die rivier op Kleindoornrivier het vyf jaar laas geloop. Die aarde huil; boervroue huil met trane; die boere huil in hul hart. Niemand wil werkers afdank nie, maar dit têre, soos ons mense sê.

## Môre – Deel 1

13 Januarie. Ons ry kerk toe. Die pad is poeierstof. Al wat aan die lewe bly is renosterbosse – die veld lyk swart. Die melkery is twee jaar terug al verkoop. Dis die droogste in 200 jaar, sê die boere wat in die anale nageslaan het.



Die appelkoos- en perskebome word gelos om te verdroog; daar is nie water in die damme nie. Daar is 'n boorgat, 'n genade, want die groentesaad oorleef daarop. Maar wanneer dit bewolk is, loop die boorgat nie; ook nie in die nag nie. Dit werk met sonkrag.

Vir die eerste keer in 36 jaar is ek bang. Die dominee bid en sê dankie vir die reën aan die ander kant van die dorp. By ons was daar 2 mm. Stofnat. Ek soek na 'n *tissue* in my handsak, probeer ongemerk my gesig droogvee.

Ons kyk na die "tekens". As die miere só loop kom reën dit, sê ons vir mekaar. Maar die reën steur hom niks aan miere nie. As die skilpaaie uit die berg veld toe loop, gaan dit definitief reën, het die oumense gesê. Maar daar is ook 'n kring om die maan – en dit beteken droogte. As die wolke smiddae karosmaak oor die Langeberg bly die reën lank weg. Só het die oumense ook gesê.

"Ons praat vandag daaroor om goeie dinge te doen in slegte tye," sê Dominee van die kansel af. Iewers vandaan skep ek 'n bietjie moed. Want dis nogal die klaagprofeet Jeremia wat 'n brief aan die Israeliete in Babilon skryf:

"Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange ... Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"

Ons ry terug plaas toe. Die kar gly in die uitgeryde sandpad. Ek onthou van ons kleinkind wat laas week 'n jaar geword het. Die grootste vreugde wat enige mens kan ervaar. Ek oordink die woorde van Jeremia "lê tuine aan" en ek wil boontoe roep: "Maar waarmee moet ons dit natmaak?" Want die


tuin en gras is verdor. Net die vetplanttuin hou uit. Die spekbosse blom pienk – spekbosse blom wanneer die droogte op sy ergste is.

Die drie veldloopperde se ribbebene steek uit. Daar's nie kos nie, daar's nie water nie, daar's nie meer droogtehulp vir die boere in die Klein-Karoo nie. Soms dink ek: God het ons vergeet. 'n Vriendin wat altyd 'n pragtige tuin het, het Oujaarsaand vir my 'n enkele geel roos gebring. "Verder het ek niks nie," sê sy.

Ons braai Sondag laatmiddag 'n paar skaaptjoppies, "maar ek gaan maar die paar skapies moet slag en verkoop", sê my man. "Hier is niks meer wat hulle aan die lewe kan hou nie." Tussen die spekboompies groei 'n aantal tamatiestoele wat ons suinig water gee – opgekom uit die komposhoop se bydrae tot die spekboomsteggies se groei. So, ons het tamaties by die tjoppie. En ons het brood. Ek dink: Eintlik het ons baie. Selfs 'n glas wyn.

Maar teen skemeraand, toe ons tussen die verdorde appelkoosbome loop wat nooit weer sal dra nie, sien ek die groot bergskilpad; ek onthou die onvervulde beloftes.

Voordat ek aan die slaap raak, dink ek aan die goeie dinge wat ons in die slegte tye moet doen. Soos wat, wonder ek. Ons kan geen tuine







**"DIE MELKERY IS TWEE JAAR TERUG AL VERKOOP. DIS DIE DROOGSTE IN 200 JAAR, SÊ DIE BOERE WAT IN DIE ANALE NAGESLAAN HET."**





regtig aanlê nie; daar is geen manier waarop ons aan die woonhuis of die buitegeboue wat dreig om inmekaar te val herstelwerk kan doen nie. 'n Groot deel van die uie wat vir saad geplant is, is 'n mislukking. Dele van die wortelsaad lyk sleg. Hoe hou 'n mens kop bo water? En ek lag – want hoe is dit moontlik dat ons dáárdie uitdrukking van die Nederlanders net so oorgeneem het? By ons is dit koppe wat deur die stof beur.

Met die herinnering van bietou wat in goeie jare so geel langs die paaie en in die veld geblom het, probeer ek die droewe, dor gedagtes wegdruk.

In die nag word ek wakker vir iets "mensliks", soos Carmiggelt dit noem. Ek loop uit op die langstoep. Die maan is rond en donkergeel soos die dooier van 'n skrophoender se eier. Ek bly staan. Iewers hoor ek iets wat ek in baie maande nie gehoor het nie. By die rooidam se wal kwaak die kikvorse.

Dalk reën dit môre.

## Môre – deel 2

Datum: 10 Julie. Ek word wakker. Dit kletter op die sinkdak. My man kom die volgende oggend by die deur in: "26,3 mm." Die meeste in jare op een slag. 'n Sprankie hoop.

Twee weke daarna reën dit weer: 31,4 mm. Die bossies begin groen raak. 18 Augustus reën dit 21,5 mm. Die vinke dink die lente is al hier en kwinkeleer terwyl hulle neste bou. Die prieëlwingerd loop uit.

My hart sing. Daar is 'n dodelike virus en mense gaan dood, maar óns het hoop. Die boere se oë glimlag bo die maskers. Die inperkings word gelig; ons vier 'n boervrou-vriendin se verjaardag. Die gras is glinstergroen, die azaleas straal, die gesiggies dans pers en blou.

3 tot 4 Oktober is daar 14,5mm. Laas Sondag, 11 Oktober, kom wys my man 'n foto: Die water begin uit die berg oor die klippe loop. Dis te min om die rivier te haal – maar wanneer laas het ons dít gesien? Dit reën uit my oë van blydskap.

Die Kleindoornrivier loop nog nie en die damme is nog droog, maar die Brandrivier van die bure loop wel, en met die boor van nog 'n boorgat loop die water bo by die gat uit. 'n Fontein is raak geboor.

Al die veld is vygies. Bottergeel blom die bietou, blou in die blom. Môre is hiér.

*And let your best be for your friend*
*If he must know the ebb of your tide, let him know it's flood also.*
*For what is your friend that you should seek him with hours to kill?*
*Seek him always with hours to live*
*For it is his to fill your need, but not your emptiness.* **T**

**– Khalil Gibran**

* Christine Barkhuizen le Roux is November 2020 in die ouderdom van 61 oorlede. Rus in vrede.

# ANTI-SOSIALE MEDIA



In 'n hiper-'aangeskakelde' wêreld waarin iets nie 'gebeur' het tensy dit op Twitter of Facebook te sien is nie, moet gebruikers toenemend let op die onderliggende gevare, maan kenners …

Die meeste mense is dalk bewus van internetslenters, kuberboeliery en identiteitsdiefstal, maar daar is 'n nog donkerder sy van die internet en sosiale media. Dis wat na vore kom in die doku-drama *The Social Dilemma* op Netflix. Dié dokumentêre prent handel oor dit wat agter die skerms by sosialemedia-reuse soos Google gebeur.

Onderhoude word gevoer met van die grootste rolspelers wat voorheen by sulke maatskappye gewerk het. Skokkende onthullings word gemaak, soos oor die manier waarop dié maatskappye op mense spioeneer om persoonlike inligting te bekom. Elke klik, elke "like" en ook die hoeveelheid tyd wat elke persoon op onder meer Google en sosiale media deurbring, word gemonitor. Meer nog, die maatskappye fokus daarop om mense se aandag te kry én te behou.

Boonop word dié soort inligting aan adverteerders verkoop in 'n stelsel wat mense reduseer tot 'n kommoditeit. Bepaald 'n etiese dilemma, om nie eens van privaatheidskending te praat nie.

## Massa-manipulering

Prof. Basie von Solms van die Sentrum vir Kuberveiligheid aan die Universiteit van Johannesburg sê sosiale media is nie nét sleg nie. Verlore familielede word opgespoor, orgaanskenkers word gevind en geld word vir filantropiese projekte ingesamel. Die slegte dinge sluit ook fopnuus, kubermisdaad en "-oorloë" en politieke veldtogte in.

Die sakemodel waarop kubermaatskappye geskoei is, noem prof. Soshana Zuboff, sosiale sielkundige en skrywer, *surveillance capitalism* en dit is daarop gemik om mense se denke te "beheer" en gebruikers afhanklik te hou van tegnologie. *Growth hacking* – 'n bemarkingsterm vir die meeste groei moontlik met die laagste begroting – word gebruik om gebruikersgetalle 'n hupstoot te gee.

Basie sê persoonlike inligting word misbruik om die wêreld te beïnvloed en mense van sekere dinge te oortuig. "Idees en kennisgewings wat hoogs individueel is, word doelbewus op mense se profiele gepos."

Kenners soos Tristan Harris, 'n voormalige Google-werknemer wat sedertdien die Centre for Humane Technology gestig het en 'n kampvegter vir die etiese gebruik van tegnologie is, meen dit kan die samelewing polariseer en in uiterste gevalle tot botsings, anargie en selfs politieke onstabiliteit lei. Basie voeg by dit kan selfs 'n bedreiging vir die konsep van demokrasie inhou.

Daarby waarsku kenners dat die mens weens moderne tegnologie op 'n eksistensiële krisis afstuur. Dr. Jonathan Haidt, Amerikaanse sosiale sielkundige, vertel die neiging tot depressie, angs en selfmoord onder tieners het skerp toegeneem.

Volgens Tristan is dit byna of die mensdom onder die invloed van 'n soort toorspreuk verval het. Veral tieners sukkel om weg te kom van hul slimfoon en sommige kenners vergelyk sosiale media met 'n dwelmmiddel. Die Amerikaanse psigiater en kenner oor verslawing dr. Anna Lembke verduidelik sosiale media het selfs 'n uitwerking op die breinstam en dit beïnvloed die brein se dopamienvlak (wat 'n rol speel in hoe 'n mens plesier voel, dink en planne beraam).



**“TEGNOLOGIE IS VERONDERSTEL OM ’N NUTTIGE HULPMIDDEL TE WEES, MAAR DIT WORD EERDER AS ’N MANIPULASIEMIDDEL GEBRUIK. ETIEK MOET TERUGGESIT WORD IN TEGNOLOGIE.”**

Basie sê die terugvoering wat hy ontvang, bevestig dat mense se persoonlikheid en sosiale verbintenisse deur tegnologie beïnvloed word. “Mense skep 'n elektroniese identiteit en hulle is totaal verslaaf aan tegnologie.” Die ware uitwerking sal eers oor 50 jaar of meer duidelik wees, meen hy. “Dan gaan daar moontlik 'n hele geslag mense wees met afwykende gedrag weens tegnologieverslawing.”

## Kan die monster getem word?

Die uitvinder van die internet, Tim Berners-Lee, meen hy het 'n monster geskep. Voorste tegnologie-kenners soos Tristan glo daar moet 'n verskuiwing plaasvind en dat die tegnofirmas se sakemodel moet verander.

“Tegnologie is veronderstel om 'n nuttige hulpmiddel te wees, maar dit word eerder as 'n manipulasiemiddel gebruik,” sê hy. “Etiek moet teruggesit word in tegnologie. Die manier waarop tegnologie gebruik word, moet verander.”

Kenners stel onder meer voor dat wetgewing in plek gestel word. Mense se privaatheid moet beskerm en 'n belasting ingestel word ten opsigte van dataversameling- en verwerking. Basie meen 'n maatskappy soos Google het te veel mag. “Dis nodig dat regulasies in werking gestel word om monopolieë in dié verband te beheer.”

Rianette Leibowitz, stigter van die Johannesburgse maatskappy SaveTNet Cyber Safety en outeur van *Maak jou kind skermslim*, het 'n program bekend gestel om “kuberwelstand” te bevorder. Sy sê dis belangrik dat mense ingelig en bewus is van alles om die internet en sosiale media. “Verantwoordelike digitale burgerskap waarin mense 'n positiewe impak oor die internet en op sosiale media maak, is die antwoord.”

Aan die keersy meen mense soos Richard Seymour, Amerikaanse skrywer, dit wat in sosiale media gebeur, is bloot die spieëlbeeld van 'n siek samelewing. Daarby ontken maatskappye soos Facebook van die bewerings wat in *The Social Dilemma* gemaak word. Hul uitgangspunt is: Met verloop van tyd sal mense bloot leer om met tegnologie en sosiale media saam te leef. Kenners waarsku dit is 'n drogbeeld.

'n Doelbewuste en daadwerklike poging moet aangewend word om die situasie te verander en dit verg leierskap en 'n kollektiewe wil. **T**

**DEUR ANNE MARAIS**

# OP DIE VLAKTE VAN SAND KRAAI PANSLANER II KONING

**Johan Jack Smith** het vroeër die jaar nog by twee studentepelle geskimp hy wil saam Bull Run toe. Min het hy geweet hy gaan terugkom met 'n tand sonder 'n kroon, 'n bors wat stof hoes, 'n geswikte enkel en 'n nare sonbrand ...




Wouter de Wet en sy "Mini Mustang" maak amok op die panne.



Gerrit van der Spoel (links) en Pieter de Wet oorgehaal vir die Bull Run.

Ek het die Dinsdagoggend deurgery tot in Bloemfontein (min of meer halfpad tussen Johannesburg en Vanwyksvlei in die Karoo) om die volgende oggend die lang pad na Prieska aan te pak en van daar die laaste 120 km na Vanwyksvlei.

Dié Dinsdagaand moes ons span eers vergader om die laaste reëlings te tref, die laaste plakkers op die kar te plak en 'n heildronk op 'n suksesvolle "sending" te drink. Ek sou saam met Gerrit van der Spoel en Pieter de Wet, onderskeidelik 'n ginekoloog en 'n narkotiseur van Bloemfontein, ry in hul kar ("motor" klink net nie hier gepas nie) getiteld Blou Staal – 'n 1970-model Datsun. Ons span heet die Covid Busters (herdoop van verlede jaar se Myth Busters). Dié jaar het Gerrit se vrou, Sujanie, en haar vriendin, Anita, besluit hulle gaan deelneem as span Thelma en Louise in hul 1976-model Toyota Corolla.

Die reëls vir dié ou karre se deelname aan die jaarlikse Bull Run is eenvoudig: Hulle mag nie ná 1985 vervaardig wees nie en mag nie meer as R25 000 gekos het nie (teen vandag se pryse). Indien jy gekarring het aan die enjin om hom "warm" te maak, kry jy 'n *handicap*, wat teen jou in die tydrenne tel.

Wat my bekommer het, was die feit dat vrind Gerrit skielik geweier het om die twee karre



Die Visvoete van die Weskus het sommer bokkoms saamgebring indien die honger langs die pad knaag. Die kreef op die dak is egter van ou bande gemaak en is nie eetbaar nie.




Amper daar. Ek kan die stof en petrol al ruik.

op 'n sleepwa te laai; hy gaan ry na Vanwyksvlei. Wat kan skeefloop in versengende hitte en op grondpaaie met karre wat amper 50 jaar oud is? Dis mos "deel van die avontuur" ...

## GEKROONDE VRIENDSKAP

Woensdag-oggend nege-uur spring ons weg. Teen my wildste verwagtinge in vaar die Corolla en die Datsun heel goed. Ons stop by die Vanderkloofdam vir middagete, gooi (weer) petrol in as gevolg van die Datsun se klein tenk en stoot aan – skielik mis ek die lugreëling in my motor. Naby De Aar staan die sonpaneelplase die hele veld vol.

Net voor skemer stop ons in Prieska. Dis opvallend hoe groen die wêreld naby die Oranjerivier is – selfs die Hoërskool Prieska se lowergroen rugbyveld herinner aan 'n veld in Johannesburg. Dis tydens die volgende dag se trippie dat die droogte se uitwerking duidelik sigbaar is. Hoe verder wes ons ry hoe minder word die versamelvoëls se neste op die telefoonpale en hoe groter die verlatenheid.

Die wêreld is asvaal. Ná sowat 60 km op 'n sinkplaat-sandpad bereik ons Vanwyksvlei en die plaaslike kinders kom staan bakhand in vermaaklike Afrikaans kenmerkend van die Karoo. Die Bull Run moet vir seker die hoogtepunt van die jaar in dié stofverwaaide plek wees.

Die terrein is op Vanwyksvlei se skouterrein, net buite die dorp. Daar is reeds heelwat karre, maar nie 'n boom in sig nie. Ons kies dadelik koers na ons tente en slaan die *gazebo* op. Manne staan rond met glase in hul hand – want, hel, wat anders kan jy in dié hitte doen? Dis nie of jy gou 'n swem in die dorpswembad kan gaan vang nie.

Tot my verbasing is Sujanie en Anita nie die enigste vroue nie. Frikkie en Sue Marais, 'n egpaar van Hartbeespoortdam, het gearriveer in hul 1972-model Ford Grenada waaraan hulle drie maande gebou het. Hulle noem hom Frikkadel.


"Dis lekker om soveel ou karre bymekaar te sien en die gees is ongelooflik," sê Frik. Dit is hul eerste Bull Run.

Corne Pienaar en Andrew Graham het besluit hul wederhelftes, Cecilia Pienaar en Hannelie Graham, kom saam vir hul tweede Bull Run nadat hulle verlede jaar ook deelgeneem het.

"Ons is baie kompeterend en nadat ons gesien het dat die beamptes nie omkoopgeld aanvaar nie, sal ons die verversings 'n bietjie bêre om ons tye te verbeter," sê Corne. "Ons het verlede jaar 35ste in die ren gekom. Ons mik dié jaar vir die Top Tien."

Verlede jaar se Bull Run was nie sonder teëspoed nie vir die Mad Hatters, soos hul span bekend staan. "Verlede jaar het ons die 1974-Volla (Getrude) self gery tot hier, maar toe slaan sy by die hek aan die brand. Ons moes toe die hele nag werk om net deel te neem."

Wat vir hulle uitstaan van die Bull Run is die kameraadskap. "Verlede jaar het almal ingespring om ons te help om die Vollatjie weer op die pad te kry. Dit was merkwaardig," sê Andrew.



Tannie Grietjie en Martino het die deelnemers voor die toegangshek van die skouterrein vermaak.

Later die middag is dit tyd vir die *scrutineering.* Dis nou wanneer die deelnemers hul vuurwaens voor die beamptes moet gaan trek en 'n bietjie oor die motors vertel. Daar moet jy sommer 'n bietjie gees ook wys. Ek het die beamptes jammer gekry, want omtrent elke motor het 'n knertsie gehad wat hulle moes afsluk. Indien jy 'n "doughnut" wou gooi, kon jy R1 000 betaal wat aan die droogtefonds en die plaaslike gemeenskap geskenk word.

Later die aand word die vure aangesteek. Dis toe dat ek my een tand se kroon verloor. Nie lank nie of ál ons bure help na die stukkie porselein in die sand soek, maar vergeefs.



Frikkie en Sue Ferreira met Frikkadel – dit was hulle eerste Bull Run, al die pad van Hartebeespoortdam.



Die dames van span Tank Girl met hul Mazda 616 Deluxe het seker gemaak dis nie net die son wat die manne se temperatuur opjaag nie.

# STOFWOLKE EN PETROLDAMPE

Die Vrydag het die tydrenne begin. Die motors het almal in rye gestaan en op die skouterrein weggespring. Die kompetisie is meer as net bloot 'n gejaag van punt A na punt B op die plaaspaaie. Daar was verskeie uitdagings – van bokdrolspoeg tot veerpyltjies gooi – net om die deelnemers wat nie vinnige motors het nie 'n regverdige kans te gee. Die dag het geëindig op die panne met 'n resies van twee rondtes op een van die stofbane.

Die Saterdag het almal 'n bietjie later vertrek as wat die organiseerders gehoop het. Die spanne het op die sandpanne teen mekaar meegeding in verskillende uitdagings, van ovaalbaanrenne en versnelritte tot motorgimkana. Teen 12:00 het die termometer in ons motor 41 grade Celsius gewys. Om dinge te vererger steek die wind op en waai die stof so erg dat jy nie 10 m voor jou kan sien nie.

Al die deelnemers kon hul uitdagings voltooi behalwe vir Villiers van der Merwe en sy span, Die Roomysters, met Roomdroom, hul 1980-model Ford Cortina. Tydens die ovaalbaanren ruik die ouens brandstof. Net nadat hulle uitspring (hulle het darem tyd gehad om hul kosbaarste besittings, soos hul selfone en, natuurlik, hul koelboks te red), slaan die motor aan die brand. Nie lank nie toe slaan die brandstoftenk ook aan die brand en dit lyk kompleet soos 'n brandende olieput in die woestyn.

Die Roomysters moes toe saam met Thelma en Louise 'n saamrygeleentheid terugvind kamp toe. "Ons het 'n *spare* Cortina, volgende jaar is ons weer terug," het Villiers die beamptes verseker.

# TOTSIENS TOT VOLGENDE JAAR

Dié aand is die prysuitdeling gehou en almal het heerlik aan drie skaapvleispotte gesmul. Ek

is baie bly om te rapporteer die Mad Hatters het toe wel in die toptien geëindig. My span het in die negende posisie klaargemaak in die tydren wat die Vrydag plaasgevind het nadat hulle die vorige jaar in die dertigs was. Tewis Labuschagne se span, Some Say, met die Panslaner II (die Panslaner I, 'n Mercedes-Benz, is verruil vir 'n Ford Escort nadat die Merc te veel probleme begin gee het), het as wenner uit die stryd getree.

"Dit was hierdie jaar Tewis se agtste Bull Run," sê 'n trotse Gerrie van Eeden. Hy het in 2015 die leisels by Thys de Jager as organiseerder oorgeneem.

"Hoe hou jy die manne in toom?" vra ek.

"Die ouens gedra hulle oor die algemeen. Die veterane, wat al by meer as een Bull Run was, is die ouens waarmee ek geen probleme het nie, maar die groentjies is altyd die jong bulletjies wat hul spiere wil toets. Ek is eintlik nogal 'n verdraagsame mens, maar my geduld raak ook soms op en ek is seker 50 jaar ouer vandat ek begin help het."

Almal is die Sondag vroeg op (ondanks 'n hele paar hoofpyne en droë monde) om die pad huis toe aan te durf. In die truspieëltjie het ons Vanwyksvlei se stof agtergelaat met kindertjies wat op straathoeke vaarwel roep en met Gerrit se woorde: "Volgende jaar kan ons nog beter doen."

Die retoerrit het genoeg geleentheid vir nabetragting gebied, al moes ek kort-kort 'n kussingsloop teen die motorruit hang om die son weg te keer van my gebrande nek.

Ek het nie besef hoe nodig ek dié kort wegbreek gehad het nie. Ek het nooit onveilig gevoel nie. Dit was goed georganiseer. Dokters en *mechanics* kuier saam in die stof en son. Dit gaan oor die karre en die kuier.

Ek begin al dink watter van my vriende kan saam 'n kar koop vir volgende jaar en wat ons tema gaan wees. My tentbuurman, die renjaer en *mechanic* van Brakpan Andre Forget ("Forget soos die tennisspeler," sê hy), kan ons help soek vir 'n kar. Ek kan nie wag nie. Ten spyte van die sonbrand, 'n verlore kroon en 'n bors vol stof. **T**

**FOTO'S: JOHAN JACK SMITH**

## Het jy geweet?

- Dié jaar is die negende Bull Run gehou.
- Die eerste vier Bull Runs is op Vosburg gehou.
- Net Gerrie van Eeden en Martin van Staden was al by elke Bull Run.
- Die aanvanklike 2020-datum was aan die begin van Oktober, maar Gerrie-hulle het besluit om dit uit te stel om meer mense die kans te gee om effens te herstel nadat die ekonomie "oopgemaak" is, en om hulself meer kans te gee om hul reëlings te tref. Hulle het 'n kleiner Bull Run beplan, met minder mense en minder helpers, maar daar was steeds 100 karre.




Die Mad Hatters het heel goed gevaar ná verlede jaar se teëspoed en onder die Top Tien geëindig.

## Elke masjien kort 'n naam

Die Groen Ambulans (1973-model VW Variant)
Kalahari Ferrari (1980-model Datsun Laurel)
Piesang (1973-model Ford Taunus)
Die Ossemwa (1983-model Nissan Skyline)
Pienk Parra (1982-model Ford Cortina)

# ATKV-TAKNUUS IN BEELD

Die ATKV-takke het soos die res van die land 'n moeilike jaar agter die blad. Baie projekte en planne moes voor die Covid-19-pandemie die knie buig. Tog, het baie takke gewys dat hulle hulle nie gaan onderkry nie en het gewoeker en gewerskaf om #weesdieverskil waar te maak.







*Grendel-Giggel* is Ilne Fourie se eenvrouvertoning waarin sy die draak met die grendeltydperk steek. Ilne, in samewerking met die ATKV en die ATKV-tak Gemeenskapsteater van Bloemfontein, wil met hierdie inisiatief graag weer mense laat lag.




*Grendel Giggel*-vertonings is deur ATKV-takke op onder meer De Aar, Gariepdam, Somerset-Oos, Middelburg in die Oos-Kaap en Jan Kempdorp aangebied. Altesaam 14 vertonings is aangebied.

Van links is Anriëtte Potgieter (ATKV-streeksbestuurder), Ilne Fourie en Gertjan Holtzhauzen (ATKV-streeksbestuurder).

**Die Hoërskool Parel Vallei se ATKV-jeugtak het vir dié skool se getroue sekuriteitswag, Antonie, geld ingesamel om vir hom 'n bromponie te koop. Hier spog hy met sy nuwe wiele.**






Die ATKV-tak Kosmosrand in Secunda het as deel van 'n kankerbewusmakingsveldtog 'n gholfdag aangebied. Met behulp van pittige slagspreuke het hulle daarin geslaag om bewusmaking vir prostaatkanker te skep. Van links is Fanie Vos, Werdich Smit en Freddie Mentz.




**Die ATKV se #Weesdieverskil-veldtog het oor die afgelope jaar groot traksie onder ATKV-takke en hulle gemeenskappe gekry, maar nou is dié boodskap lewensgroot en sigbaar vir almal wat Middelburg, in die Oos-Kaap, binnery. Die ATKV-tak Rhenosterberg het onlangs met behulp van die plaaslike toerismeforum drie #Weesdieverskil-plakkaatborde laat maak. ATKV-takke kan gerus hul streeksbestuurder kontak indien hulle belangstel om een van dié borde in hulle dorp op te rig.**




Die skrywer Dana Snyman is vir sy jare lange bydrae met 'n ATKV-oorkonde vereer om die stories van mense met deernis en humor in Afrikaans te vertel. Dana is deur die ATKV-tak Kaapstad, die oudste tak in die land, vir hierdie eer benoem. Van links is prof. Marius Ungerer, ATKV-direksielid, dr. Marlene le Roux, voorsitter van die ATKV-direksie, Dana Snyman en Jodi Jantjies, wat die gaste vermaak het.

Die ATKV-tak Brandervolts in Jeffreysbaai se toneelstuk *Moer toe, maar moedig* steek die draak met die reëls en regulasies van die inperking. "Hoewel dit komies van aard is, wou ons hê mense moes besef daar is altyd hoop. Dit is die sentrale tema van die produksie," sê Menno Mostert, takvoorsitter. Van links is, voor: Tersia Strydom, Menno Mostert, Machteld Smit en Annamarie Serrao; agter: Donovan Yong en Petri van Blommestein. **T**



**Wanneer jy Cashback-begrafnisdekking by AVBOB uitneem, kry jy spesiale voordele wat *niemand anders* jou kan bied nie, soos:**

**GRATIS begrafnisvoordele ter waarde van *tot en met* R17 000* van AVBOB Begrafnisdiens**

Begrafnis ter waarde van **R12 000**
**R2 500** vooruitbetaling
**GRATIS** vervoer van die oorledene in Suid-Afrika

+

**GRATIS lidvoordele***

Aflegging
**GEEN** premiebetalings vir **SES** maande nie

+

**5de jaar se premies terug in kontant***

Eisvry
**VYF** agtereenvolgende jare
Premiebetaler

+

**Jou VOLLE POLISUITBETALING**

**AVBOB. *Ons is hier vir jou*®**. Vir meer inligting:

**SMS 30776 – GRATIS** + ons sal jou bel

**0861 28 26 21 #DieNommerOmTeHou** Standaardtariewe geld.

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

*Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. **AVBOB** is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek **www.AVBOB.co.za**

AVB-TAL-200812



# STIL, ALMAL,
## DAAR GAAN 'N DIGTER VERBY



Tydens die dertigerjare het daar in Suid-Afrika 'n groep digters na vore getree wat die Afrikaanse poësie na wêreldhoogtes wou neem en hul digterskap besonder ernstig opgeneem het ...

# HIER'S DIE DERTIGERS NOU

Ongeveer honderd jaar gelede het die Afrikaanse letterkunde aan die vooraand van vernuwing gestaan.

Die digters wat sentrale figure in die sogenaamde Beweging van Dertig sou word, was in dié tyd in hul vormingsjare. Mettertyd sou hulle 'n omvangryke literêre beweging vorm met die spesifieke doel voor oë om poësie in Afrikaans te skryf wat so goed is dat dit as deel van die wêreldletterkunde geag kon word. Daar was 'n ingrypende afwyking van hul voorgangers se werk nodig, het dié groep geglo.

Dit klink mos na revolusie. Tog word die Dertigers se naam tipies nie eerste genoem wanneer gepraat word oor vernuwing in die Afrikaanse letterkunde nie.

Wie was hulle en wat was hul dryfvere?

D.J. Opperman sonder in sy studie oor die Dertigers die volgende name uit as die vernaamste digters: I.D. du Plessis, C.M. van den Heever, N.P. van Wyk Louw, Uys Krige en W.E.G. Louw. Elisabeth Eybers word ook as prominente stem en "vroulike aanvulling" genoem. Eybers het belangrike werk gedoen om die ervaring van die vrou te verwoord in 'n andersins grootliks manstradisie. Sy het 'n groot aanhang in Nederland gehad en daarmee juis die strewe van die Dertigers – om in Afrikaans op internasionale vlak te kan kers vashou – verwesenlik.

Omdat hulle wou afwyk van die temas wat tot in daardie stadium in die Afrikaanse poësie gedek is en 'n hoër peil van digkuns wou bereik, was die Dertigers ontvankliker vir eksterne invloede, soos die filosofie en digkunsneigings van Europa. Weg met die patriotisme en die klem op die plaaslike belewenis wat hul voorgangers se werk gekenmerk het! Die Dertigers het daarna gestreef om die universele "skoonheid" raak te skryf; hulle het dit as hul roeping beskou.

Louw se debuutbundel, *Die ryke dwaas* (1934), lui die beweging in, gevolg deur die debuutbundels van Van Wyk Louw (*Alleenspraak*) en Krige (*Kentering*) in 1935 wat dit duidelik gemaak het daar is 'n nuwe stroming in die Afrikaanse poësie. In sy boek oor Afrikaans se literatuurgeskiedenis verwys J.C. Kannemeyer na "'n subtieler aanwending van die woord en 'n toespitsing op die individuele sielelewe" wat dié groep digters se werk kenmerk.

Teenoor die Sestigers, 'n los groepering van skrywers en digters wat in die 1960's vir

# "DAAR WAS BY DIE DERTIGERS 'N ERNS MET HUL KUNSTENAARSKAP EN HUL GROOTSE TAAK, WAARAAN DAAR IETS GODDELIKS TOEGESKRYF IS."

vernuwing gesorg het, het die Dertigers meer gestruktureerd te werk gegaan. Hulle het 'n tydskrif begin, verenigings gestig en manifeste geskryf (soos Louw se "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde").

Die digter se individuele belewenis was die groot fokuspunt, met intense, persoonlike verse wat daaruit vloei. "Alles, maar ook álles wat die moderne mens roer, wat sy vreugde of smart maak, moet ook in ons literatuur sy neerslag kry," skryf Louw.

## 'N GROOTSE TAAK

Op stilistiese vlak was hulle gesteld op streng vormgewing en verfyning van die verstegniek en word daarom beskou as nougesette vakmanne. Hulle streef deurentyd na die presiese, onvervangbare woord.

Om te dig is teen hierdie agtergrond nie 'n ligte taak of sommer 'n tydverdryf nie. Daar is by die Dertigers 'n erns met hul kunstenaarskap en hul grootse taak, waaraan daar iets goddeliks toegeskryf word.

"Ek kry 'n klein klein beiteltjie,
Ek tik hom en hy klink;
Toe slyp ek en ek slyp hom
Totdat hy klink en blink"

Só lui die eerste strofe van Van Wyk Louw se bekende "Die beiteltjie", waarin die spreker die grootse gevolge van 'n hou van dié klein beitel beskryf. Dit lei uiteindelik tot die oopbreek van die ganse sterrehemel, terwyl die spreker-digter toekyk.

Die Dertigers se fokus op die digter se ernstige taak en suiwer sielslewe bring 'n sekere ek-gerigtheid en intellektuele verhewenheid teweeg. Voeg daarby die feit dat hulle byna uitsluitlik wit mans was en dit is te verstane dat die Dertigers deur die jare sommige lesers en ander skrywers kon vervreem. Die idee van die kunstenaar wat hom profeetagtig van gewone mense afsonder om in heilige erns na geestelike helderheid en die juiste woord te soek, is nie verteenwoordigend van die groter Afrikaanse skryf-en-taalgemeenskap se werklikheid nie.

Adam Small reageer waarskynlik juis op hierdie beeld wanneer hy in sy gedig "Die poet, wie's hy?" skryf:

"Is hy rêrag soos djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems
dink?"

Sy antwoord daarop is:

"Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets [...]"

Small eien Jan en alleman as die een wat werklik bevoeg is om gedigte te skryf. 'n Erkenning van die sentrale rol wat die Dertigers in die vernuwing van die Afrikaanse poësie gespeel het, behoort dus nie ongekwalifiseerd te wees nie.

Nietemin is die leeueaandeel van dié groep digters nie te betwyfel nie. Dit is juis danksy hul toewyding en erns daarmee om 'n sekere peil te bereik dat digters daarná opnuut kon wegbreek. By nabetragting is hul nalatenkap juis dit wat Van Wyk Louw, hooffiguur van die Dertigers en een van Afrikaans se grootste digters, vir die Afrikaanse poësie gesien het: lewenskragtigheid en verskeidenheid. Die alternatief is volgens hom stilstand, stagnasie en doodsheid.

Laat die beitels klink en blink! **T**

**DEUR CATRINA WESSELS**
**ILLUSTRASIE: ENVATO ELEMENTS**

**Bronne:** *Kannemeyer, J.C. 2005. Die Afrikaanse literatuur, 1652-2004. Kaapstad: Human & Rousseau. Opperman, D.J. 1953. Digters van Dertig. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk*

Deur kuns buite die mure van 'n galery te plaas word van die toeskouer gevra om meer betrokke te raak; om nie net die kunswerk te ervaar nie, maar die hele ruimte waarbinne dit geplaas word intens te beleef ...

Liza Grobler was in 'n restaurant op Richmond in die Karoo toe sy die eerste keer die storie van Deelfontein, die hotel en die Rus hoor.

Elias Adamstein, 'n Russiese Jood, het brandarm in Suid-Afrika aangekom, maar later 'n fortuin uit die in- en uitvoer van volstruisvere gemaak. Hy en sy familie het hulle aanvanklik in die Karoo gevestig en 'n winkeltjie op Deelfontein bedryf. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Britse leër 'n baie groot en gevorderde tenthospitaal daar opgerig – die Imperial Yeomanry-hospitaal.

Teen die einde van die oorlog het Elias se seun Joseph 'n hotel op Deelfontein gebou. Sy hoop was dat die Deelfontein-hotel net so suksesvol soos die Lord Milner-hotel op Matjiesfontein sou wees. Deesdae is die gebou 'n murasie en Deelfontein 'n spookdorp. Die hotel se naam is later verander na The Yeomanry-hotel, soos 'n mens nog op die groot fasade kan lees.

"Dit is 'n storie van geskiedenis, van die hede en verlede en van stories wat in grafte lê," sê Liza. "Dit is 'n storie van gevalle soldate en van 'n gebroke gebou wat lankal besig is om in die landskap in te verkrummel."

# DIE SKEPPINGSDRANG IN ELKE DRUPPEL EN VLOKKIE

# LIZA SE BOUVAL

Liza, 'n kunstenaar van Kaapstad, het die dag nadat sy die storie gehoor het die grondpad na Deelfontein aangepak.

Kuns het 'n manier om op ongewone plekke te "verskyn" en is lankal nie meer tot galerye beperk nie. Toeskouers raak toenemend "deel" van kuns, veral op buitengewone plekke, want die werk vra van hulle om dit op 'n driedimensionele manier te ervaar.

Dit is presies wat Liza wou doen. Sy wou 'n wisselwerking tussen mens, tyd en ruimte skep. "Ek was bewus van die magiese Karoo-landskap, van dimensies wat laag op laag hul stories en geheime openbaar," sê sy.

"Ek het 'n interaktiewe werk geskep wat in dialoog met die landskap was. Al die objekte wat ek in die ruimte geplaas het, was gegrond op sigbare en onsigbare spore wat ek gevolg het. Van die handgeweefde katoen wat ek met wasgoedpennetjies aan 'n draadheining gehang het tot die tou-installasie in die murasie."

Die eindresultaat het 'n poëtiese ervaring gebied. Liza het kooigoed gebrand en ritme, ruimte en herinneringe op film vasgelê. Daarna het sy alles afgebreek.

"Ons teenwoordigheid, hetsy oorwinnings of verliese, is 'n splinter in die verloop van tyd; tog hang daar 'n oorskot van al ons interaksies soos skaduwees in spasies rond."


Terug in die Kaap het Liza haar beelde, objekte en 'n stukkie van Deelfontein met toeskouers "verbind". In 'n ou, leë gebou in Woodstock het sy 'n interaktiewe ontdekkingsreis geskep wat die gaste aan hul lyf kon voel.



*Liza Grobler en haar fliekspan voor die vervalle hotel op Deelfontein.*




*Handgeweefde katoen met borduurwerk van Afrikaanse volksliedjies.*



# STRIJDOM OP DIE BERG

Strijdom van der Merwe skep gereeld werke op vreemde plekke. Van geometriese vorms in 'n koringveld en rooi papierbote by die Taalmonument tot die delikate oopsny van boombas in 'n woud in Japan en ballonne in 'n tuin op Wellington. Sy werke kan nooit los van die landskap staan nie, sê hy, "en 'n kunswerk hoef nie permanent te wees nie". "Net soos tyd is dit vlietend; die vraag is hoe kan mense dit sien en ervaar?"

Sy werke en die natuur is nou verweef en vul mekaar aan, "daarom glo ek dat ons as kunstenaars die sensitiwiteit aan die dag moet lê om te besef dat ons nie net met 'n objek voor ons werk nie, maar met 'n landskap in sy geheel".

Die mees ongewone plek waar hy al 'n werk geskep het, was op 'n bergpunt in Åndalsnes in Noorweë. "Ek is een jaar genooi as feeskunstenaar vir die jaarlikse Norsk Fjellfestival, wat eintlik 'n bergklimfees is en nie 'n kunstefees nie." Daar is van Strijdom verwag om elke dag 'n 800m hoë berg uit te klim en 'n werk te skep van materiaal van die omgewing.

"'n Landskap openbaar gewoonlik wat ek moet doen," sê hy. "Hierdie landskap was wit, grys en blou en ek wou kontras skep. Ek het besluit om 'n groot stuk rots met modder te verf. Danksy die sneeu wat gesmelt het kon ek die modder wat in die bergpoele gevorm het as verf inspan. Met elke werk skep ek iets wat nog nooit deel van my verwysingsraamwerk was nie, en daarin lê die *magic*.

"Ek het elke dag, vir 'n week lank, doodmoeg en uitasem op die bergpiek beland. Dit het my omtrent twee uur gevat om te herstel voordat ek op my werk kon konsentreer. Maar nou, met nabetragting en my voete gemaklik op die stoel voor my, besef ek watter wonderlike en ongewone ervaring dit was. Die berge, die landskap, die bergstories ... Dit het 'n diep indruk op my gemaak."

Strijdom glo landkuns en installasiewerk buite 'n galery bied aan die toeskouer 'n verrykende ervaring; "iets wat beleef kan word". "In 'n galery staan en kyk jy na 'n skildery op 'n muur. Jy kry dalk hoendervel, maar dit is dit. Landkuns is baie omvattend. Dit hang af van watter tyd van die dag jy die werk ervaar. Skyn die son? Waai die wind? Is dit koud of warm? Watter geluide hoor jy? Wat ruik jy?"

Die mees minimalistiese landskappe bly sy

grootste uitdaging. "Jy hoef net een streep te trek en jy verander die omgewing. Die uitdaging is altyd, wáár trek jy daai streep?"


Die vreemdste plek waar Liza al 'n werk geskep het, was onder 'n brug oor die Aarerivier in Solothurn, Switserland. "Ek het 'n reusedruppel van 1 500 pypskoonmakers gemaak en dit onder die brug geïnstalleer. Ons was in 'n opblaasboot om die druppel na die brug te bring sodat dit opgehys kon word. Dit het ure geneem! En net nadat dit in plek was, het dit die Switserse polisie 'n halfuur geneem om dit af te breek."

# OP DIE DIGITALE ASHOOP

Is dit kuns op ongewone plekke? Of is dit ongewone kuns op gewone plekke? Of is dit dat ons nie verwag dat kuns op 'n gegewe plek voorkom nie, vra Stefan Hundt, kunshistorikus en kurator van Sanlam se kunsversameling.

Die kunstenaar word sedert die begin van die 20ste eeu gedaag om kuns te maak wat aanvaarbare idees en reëls bevraagteken, sê hy. "Die kunstenaar word gedaag om aan die 'kunsreëls' te knibbel, om dit te verander en, in die geval van dadaïsme en futurisme, het die 'kunsreëls' en die opvatting dat kuns sekere etiese norme moet nakom, heeltemal by die venster uitgewaai."

Francois Knoetze skep rommelfigure wat oor die wêreld heen op vreemde plekke ronddwaal. Vir sy werk *Core Dump* het Francois vier kreature geskep wat datastorting simboliseer en "lewe kry" uit 'n verbruikershel van digitale verslawing. Sy robotagtige skeppings, wat in die strate, winkels en fabrieke van Dakar, Kinshasa, Shenzhen en New York kriewel, lewer kommentaar op die programmatuurreuse se vergrype en verken 'n reis



*Core Dump – Dakar (2018) deur Francois Knoetze met Bamba Diangne in die hoofrol.. Produksiestilbeeld deur Anton Scholtz.*

van dekolonisasie na digitalisasie.

Francois het die wisselwerking tussen sy figure en die publiek op film vasgevang. "Die eindproduk was vier kortprente wat wys hoe pretensie en egtheid teen mekaar skreeu en die vraag vra: Hoe is die mens verbind aan die digitale wêreld?

"Die interaksie tussen mens en kunswerk wat voorheen tot vier mure op toeganklike plekke beperk was, word deur kuns op ongewone plekke, of ongewone kuns op gewone plekke, omvergewerp," sê Stefan. "Die interaksie tussen toeskouer en kunswerk verander van 'n passiewe deelname tot 'n aktiewe belewenis.

"Sulke werke koppel kuns aan die alledaagse lewe en bied 'n sensoriese ervaring aan die toeskouer en dít sal altyd 'n noodsaaklikheid bly." **T**

**DEUR MELANIE TAIT**
**FOTO'S: VERSKAF**

*Bykomende bron: Yeomen of the Karoo*

# EN NOU, BROERS EN SUSTERS ...



# DIE E-VANGELIE

## Die kerkdeure was dalk gesluit en gelowiges kon nie bymekaarkom nie, maar dit het nie beteken daar was geen kerk nie. Inteendeel, daar is nuwe (elektroniese) maniere gevind om dinge te doen ...

Die konsep van kerkwees het met die koms van Covid-19 en die inperking verander. Die regulasies het dit onmoontlik gemaak vir gemeentes om bymekaar te kom en met die beweeg na laer vlakke van inperking is slegs 'n bepaalde getal lidmate toegelaat.

Die kerk en sy gemeenskap van gelowiges is 'n steunpilaar in talle mense se lewe. Daarom het talle gemeentes planne beraam en goed soos "aanlyn eredienste" bekend gestel.

Ds. PC Pretorius van die NG gemeente Moreletapark in Pretoria sê alles wat voorheen "lewendig" gedoen is, moet nou opgeneem word. "Dit was veral die geval tydens vlak 5 van die inperking toe byeenkomste nie moontlik was nie."

Gemeentes moes kreatief te werk gaan om gemeentelede te bereik. Ds. Hettie Wessels van die NG gemeente Weltevreden in Roodepoort sê hulle moes "100% aanlyn gaan".

"Sondae word daar drie eredienste via 'n aanlyn platform uitgesaai – 'n Afrikaanse diens, 'n kinderdiens en 'n Engelse diens. Ons het besluit om Engelse dienste aan te bied omdat talle van ons lidmate wat geëmigreer het daarvoor gevra het. Dit is omdat hulle Engelse vriende het wat ook daarna wil kyk.

"Daar is ook 'n daaglikse 'dagstukkie' wat via WhatsApp uitgestuur word, asook 'n oordenking, wat elke Woensdag gebeeldsend word. Sommige Bybelstudiegroepe het via Zoom vergader en ons het selfs 'n kerkraadsvergadering met Zoom gehou. Die reaksie op hierdie inisiatiewe van die gemeente se kant was baie positief."

# Aanpas is die wagwoord

PC sê dié skuif is nodig omdat die kerk 'n opdrag het om die evangelie te verkondig, al lyk die wêreldomstandighede ook hóé. "Mense het in die grootste tye van nood troos nodig. Dit moet digitaal versprei word as mense nie in persoon by mekaar uitkom nie."

Hettie sê dis belangrik dat gelowiges nooit sonder die bediening van die evangelie en gemeentesorg is nie. PC sê geen uitdaging of wêreldramp kan die stem van die evangelie stilmaak nie. "Hierdie is die ideale geleentheid vir die kerk om sy plek vol te staan sodat die kerk prominent is tydens die Covid-19-pandemie."

Hettie vertel hulle moes nie net die tegnologie baasraak nie, maar ook die manier van prediking verander. "Daar is baie minder gemeente-inhoud in die elektroniee dienste ingebou en slegs gelukwensing van bejaardes ouer as 80 is by die preke ingesluit.

"Dit was ook 'n aanpassing om te preek sonder 'n gehoor. Onder normale omstandighede is daar tydens 'n preek 'n mate van interaksie met die gemeente. Nou sien 'n mens nie jou gehoor nie. Die diens moet ook op só 'n manier aangebied word om mense se aandag te behou.

"Wat isolasie betref, het veral ons ouer lidmate wat alleen woon, swaargekry. Juis daarom het ons vrywilligers in die gemeente betrek wat elkeen tien mense per week via WhatsApp of 'n telefoonoproep gekontak het om te hoor hoe dit gaan. Ons het ook 'n maatskaplike werker in die gemeente wat danksy 'n permit by bejaardes kon besoek aflê. Begrafnisse is steeds 'n uitdaging, omdat mense ver van mekaar moet sit en mekaar nie kan troos nie."

Een van die grootste uitdagings is die feit dat nie alle gemeentes toegang tot tegnologie het nie. Volgens PC is die oplossing dat gelowiges van verskillende kerke saamstaan en saamwerk. "Nie alle kerke het hulpbronne tot hul beskikking om aanlyn te bedien nie, daarom het ons in die grendeltyd saam met kerke van oor Suid-Afrika heen The Great Collaboration gestig. Dit bestaan al uit 77 kerke wat saamwerk om vir die jeug te bedien."

Hy meen dis belangrik dat kerke kreatief dink en ontvanklik vir verandering is. "Daar is baie hulp beskikbaar. Daar is hulpbronne aanlyn wat kan help met praktiese wenke om beter video's en produksies te vervaardig."

Hettie meen weer dis belangrik om ordentlike terugvoering te kry om uit te vind wat werk en wat nié. "Besluit ook wie jou gehoor is en wie jy wil bereik. Is dit slegs jou gemeente of is dit 'n breër gehoor? Ons het ook van borgskap op Facebook gebruik gemaak om die hele konsep van aanlyn kerk finansieel lewensvatbaar te maak."

Maar, sê PC, die hoofdoel van aanlyn kerk moet steeds wees om God te verheerlik, die Bybel suiwer te verkondig en om mense 'n ontmoeting te laat ervaar met die Heilige Gees.

**"HIERDIE IS DIE IDEALE GELEENTHEID VIR DIE KERK OM SY PLEK VOL TE STAAN SODAT HY PROMINENT IS TYDENS DIE COVID-19-PANDEMIE."**

## GELOOF EN GEESTES-GESONDHEID

Navorsing toon dat geloof en betrokkenheid by godsdiens voordelig kan wees vir geestes-gesondheid. Mense wat toegewyde gelowiges is, is minder geneig tot depressie en angs. Hulle het ook beter hanteringsmeganismes vir stres en spanning. Sekere godsdienspraktyke blyk ook die struktuur van die brein te verander op 'n manier wat geestesgesondheid bevorder.

Veral meditasie en gebed het 'n positiewe uitwerking op die frontale lobbe in die brein en dit verminder spanning. Dis belangrik om daarop te let dat mense wat God sien as kwaai, onbetroubaar en bestraffend die teenoorgestelde ervaar. Lees meer by https://www.livescience.com/52197-religion-mental-health-brain.html. **T**

**DEUR ANNE MARAIS**

# G'N RAAISEL OOR WAT HÁÁR EERSTE LIEFDE IS

Hoewel Troula Goosen as kind reeds gedroom het van skrywer wees, het sy laat in haar lewe eers met erns begin skryf. Deesdae hou sy jong lesers op 'n lekkerlees-manier aan die raai ...

'n Voormalige ATKV-Woordveertjie-wenner sê die kind in haar is die rede waarom sy op 'n later ouderdom begin skryf het. Troula Goosen (72) van Bettysbaai is die skrywer van die *Raaisel*-reeks, wat *Raaiselklip*, *Raaiselster* en *Raaiselsee* insluit.

"My ma kom nog uit 'n tyd waar vroue vir tien dae na 'n kraaminrigting moes gaan om geboorte te gee," sê Troula. "In daai tyd het my pa vir my ma briewe geskryf. Skryf was nog altyd deel van my pa se lewe, ook toe hy 'n onderwyser was, en dit het natuurlik my gemotiveer om ook te skryf."

Sy het in verskeie dorpe grootgeword, onder meer Bredasdorp, die Paarl, Villiersdorp en Ceres, en as kind gereeld vakansie in Stanford gehou. Dis ook dié dorpe wat soms die beginpunt in haar stories is.

"Ek het eintlik begin skryf toe ek nog 'n jong kind was. Ek en my pa het begin met 'n storie. My pa het destyds nog geskiedenisboeke vir die skool geskryf en hy sou my help om my boeke voor te lê, maar toe gebeur die lewe en my pa is oorlede. Ek het baie verpligtinge gehad, want my man, Chris, was in daardie stadium nog 'n predikant, so ek het net nooit tyd gehad om te skryf nie."

Later, toe sy en haar man in Riversdal gewoon het, moes sy 'n opleidingsboek vir die personeel van 'n onderneming skryf waarvan sy die bestuurder was. "Dis tóé dat ek agtergekom het dat ek van skryf hou."

Chris het op sestig uit die bediening getree om 'n ander beroep te volg en dit het Troula genoodsaak om iets te doen om haarself besig te hou.

"In 2008 was dit resessietyd en ek wou 'n sakeonderneming begin, maar ek was te bang om ons geld te verloor. Ek het iewers gelees as 'n mens 'n

tweede of derde beroep wil volg, moet jy iets doen wat jy wou doen toe jy 'n kind was en ek onthou toe van my begeerte om 'n skrywer te wees."

## Stories sal sy skryf

Dit was nie net maanskyn en rosegeur nie. So 40 000 woorde in haar eerste storie in besef sy dat sy geen idee het wat sy doen nie. "Toe woon ek een van Janie Oosthuysen [vertaler van onder meer die Harry Potter-reeks] se skrywerskursusse by. Dié kursus het my baie tegnieke geleer en Janie was 'n kritiese leermeester."

In 2012 skryf sy haar eerste novelle vir die ouer jeugmark – *Lakadiga: Die geheim van die verlore stad*. "Dit was my eerste boek, maar ek het nog nie by 'n hoofstroomuitgewer ingekom nie; dis toe dat ek my eerste groot boek met die naam *Spooksoene* geskryf het. Dit is deur heelwat uitgewers afgekeur. Ek stuur dit toe vir 'n vriend en vra hy moet na die storie kyk.

Hy stuur dit toe aan vir Protea Boekhuis, hulle publiseer die boek en die jaar daarna wen dit 'n ATKV-Woordveertjie."

Kort daarna publiseer Tafelberg nog 'n boek van haar, *Maanlig-meermin*.

"Hierna het ek saam met Mariana Brand aan 'n projek gewerk waar ek gekies is om saam met 'n groep skrywers 'n paar gotiese stories te skryf wat in die 19de eeu in die Kaap sou afspeel. Uiteindelik het hulle net mý boek vir die projek aanvaar en dis tóé dat NB-Uitgewers besluit het om die *Raaisel*-reeks uit te gee."



*Troula Goosen*

**"EK HET IEWERS GELEES AS 'N MENS 'N TWEEDE OF DERDE BEROEP WIL VOLG, MOET JY IETS DOEN WAT JY WOU DOEN TOE JY 'N KIND WAS."**

Elkeen van dié boeke het die een of ander raaisel wat die leser moet oplos. "My boeke, wat gemik is op die jeugmark van tien tot 14 jaar, hanteer ook kwessies soos boelies – iets wat op 'n daaglikse basis menige kind by die skool raak."

In *Raaiselster* gee sy ook nuwe lewe aan die ou tolhuis op die Mitchellspas, net buite Ceres. "In die jare 70 het my pa kort voor sy dood hom beywer om dié tolhuisie as 'n nasionale monument te verklaar en vandag is dit [Jan Mostert se pad-en-tolhuis] een van Ceres se enigste historiese geboue wat nog staan."

Sy maan mense wat die begeerte het om te skryf om dadelik te begin. "Dis nooit te vroeg of te laat om te begin skryf nie. Moenie wag nie. 'n Mens word soms afgekeur; dit het al menigmaal met my gebeur, maar dit beteken nie altyd dat jou storie nie reg is nie. Soms soek die uitgewers net vir iets anders."

Troula het in die grendeltyd aan 'n nuwe boek begin werk. "Ek is besig met 'n idee vir 'n avontuurreeks vir meisies tussen 12 en 14 jaar wat handel oor bendes. Ek is reeds te laat vir volgende jaar se publikasielys, so ek hoef nie te jaag nie en hoef dit eers klaar te hê teen Maart 2021." **T**

**FOTO EN TEKS DEUR RICK MARAIS**

# ’N VEERTJIE VIR DIÉ WENWOORDE

Die ATKV-Woordveertjies het weer vanjaar uitsonderlike bydraes rondom die Afrikaanse woord bekroon.


Die ATKV-Woordveertjies, wat reeds vir meer as ’n dekade uitmuntende skrywers, digters en dramaturge bekroon, het vanjaar ’n splinternuwe baadjie aangetrek met die aanlyn bekendmaking van die wenners.

Sonél Brits, besturende direkteur van die ATKV-MSW, sê vanjaar – te midde van die Covid-19-pandemie – het die waarde van lees weer opnuut na vore gekom en onderstreep dat lees die ideale manier is om jou wêrelde te verbreed.

**Die wenners van die ATKV-Kinderboektoekennings, ’n kategorie waar die leerders self vir hulle gunstelingboeke en -illustrasies stem, is soos volg:**


- **Voorleeskategorie: Graad RR – 1**
  **Skrywer:** Jaco Jacobs (LAPA Uitgewers)
  – *Sasha word stil*
  **Illustreerder:** Angela Banks (LAPA Uitgewers)
  – *Sasha word stil*
- **Selfleeskategorie: Graad 2 – 3**
  **Skrywer:** Jaco Jacobs (LAPA Uitgewers)
  – *Monsterpizza*
  **Illustreerder:** Yolandi Prins (LAPA Uitgewers)
  – *Monsterpizza*
- **Selfleeskategorie: Graad 4 – 5**
  **Skrywer:** Fanie Viljoen (LAPA Uitgewers)
  – *Aksieheld Austin: Onheil op Skedelbaai*
  **Illustreerder:** Fanie Viljoen (LAPA Uitgewers)
  – *Aksieheld Austin: Onheil op Skedelbaai*
- **Selfleeskategorie: Graad 6 – 7**
  **Skrywer:** Annabel Allers (LAPA Uitgewers)
  – *’n Ou soos jy*
- **Selfleeskategorie: Graad 8 – 10**
  **Skrywer:** Nanette van Rooyen (LAPA Uitgewers)
  – *Die 17de veer*

















Foto deur Joanne Olivier

Harry Kalmer word vir *In ’n land sonder voëls* (Penguin Random House) postuum vereer met die ATKV-Prosaprys. Die beoordelaars in die kategorie was Elmari Rautenbach, Riana Scheepers en Kirby van der Merwe.

**Die Toekenning vir Leesbevordering gaan vanjaar aan die Uyavula Lees- en Skryfprojek.**

Die Uyavula Lees- en Skryfprojek wil 'n liefde vir stories en boeke by kinders kweek.

Die projek bedien kleuters tot 13-jarige kinders in Macassar, Chris Nissen Park en Onverwacht (wat die gemeenskappe van Nomzamo, Zola en Lwandle bedien) deur middel van leesklubs en voorleesgeleenthede in Grondslagfase-klasse of individuele kinders. Tydens 2019 het 119 vrywilligers ongeveer 2093 kinders bereik in vyf skole, 52 klasse en vier leesklubs.

Malinda Kruger, hoof van Altena Primêre Skool, som Uyavula se inset so op: "To all the classes the visits were the highlight of the week. Readers put great effort into the choice of books, questions they asked and discussions about the stories afterwards. A love for reading, stories and books were created. The learners started behaving better and some were even removed from the list of learners with behaviour barriers. We cannot imagine teaching and learning anymore without the support of Uyavula readers. May they forever be part of the Altena family."

Keer op keer staan ons in verwondering oor die wyse waarop iets so maklik, eenvoudig en boonop "lekker", gebruik word om 'n betekenisvolle verskil te maak op soveel vlakke en in vele harte.





Die Woordwys-toekenning vir woordeboeke en taalgidse is beoordeel deur Wannie Carstens, Ernst Kotzé en Elsabé Taljard en is aan *Legal terminology: English, Xhosa, Afrikaans/ Regsterminologie: Engels, Xhosa, Afrikaans* (2019) toegeken. Dit is saamgestel deur die Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale. Uitgegee deur JUTA. (Verkorte titel).





Die kategorie vir Prys vir Liefdesroman se beoordelaars was Shireen Crotz, Roela Hattingh en Ilse Salzwedel met die wenner: ***Lira* – Chanette Paul** (LAPA Uitgewers).





Die Prys vir Romanses is deur Carol-Ann Alexander, Naomi Bruwer en Riette Rust eoordeel met die wenner: ***Halsoorkop verlief* – Dina Botha** (Romanza).





Die Prys vir Niefiksie is deur Jean Meiring, Herman Wasserman en Bettina Wyngaard beoordeel met die wenner: ***Kansvatter: Die rustelose lewe van Ben Viljoen* – *Carel van der Merwe*** (Protea Boekhuis).




Diana Ferrus, Charl-Pierre Naudé en Bernard Odendaal het die Prys vir Poësie beoordeel met die wenner: ***Grondwater* – Marlise Joubert** (Protea Boekhuis).



Marina Griebenow, Theo Kemp en Ilse Oppelt was die beoordelaars vir die Prys vir Dramateks en die prys gaan vanjaar aan ***Opdrifsel* – Philip Rademeyer.**




Die Prys vir Spannings-lektuur se beoordelaars was Phyllis Green, Thys Human en Valda Jansen met die wenner: ***Anderman se vrou* – *Chris Karsten*** (Human & Rousseau). **T**



# MET 'N ROLPRENTKAMERA IN DIE TOORWOUD




**Dit het dalk sewe jaar geneem om eindelik haar vollengte fliek van Dalene Matthee se laaste bosroman te maak, maar vir René van Rooyen het dit juis die sukses van die eindproduk soveel soeter gemaak ...**

Dalene Matthee se *Toorbos* – die laaste boek in haar reeks van vier bosromans wat in 2005 uitgereik is – het op 13 November as vollengte fliek in teaters begin draai. Die vrou agter hierdie projek, wat sewe jaar geduur het, is René van Rooyen. Sy het die draaiboek geskryf én was die regisseur.

*Toorbos* was verlede jaar die



afsluitingsfliek op die jaarlikse kykNET Silwerskermfees – een van ses vollengte flieks wat in die kategorie vir beste vollengte rolprent vertoon is.

René en haar man, Corné, het as eienaars van Red Letter Day Pictures ook die bekroonde fliek *Vaselinetjie*, gegrond op Anoeschka von Meck se gelyknamige jeugboek, gemaak en hulle was medeskrywers en -vervaardigers van *Hollywood in my huis* (wat drie Silwerskerm-pryse gekry het). René was draaiboekskrywer en regisseur van *Mooirivier* (2015) en Corné regisseur van *Sy klink soos lente* (2016). Hulle is ook die baasbreine agter *Alles Malan,* die kykNET-familiedrama.

## Baie navorsing en vasbyt

*Toorbos* se verhaal speel in die 1930's in die Knysnawoud af. Karoliena Kapp is 'n alleenkind. Haar pa is vroeg-vroeg deur 'n weerligstraal doodgeslaan en sy het die bos as haar oermoeder aanvaar. Nog voor haar 20ste verjaardag trou sy met Johannes Stander en moet sy haar plek as dorpsvrou volstaan. Maar sy gebruik die eerste kans om weg te loop.

Elani Dekker speel die rol van Karoliena en Stiaan Smith dié van Johannes.

René het die boek in 2012 gelees kort ná daardie jaar se Silwerskermfees – waar sy 'n kortprentprys gewen het vir *Nantes* – en teen die laaste bladsy vir Corné gesê dis die projek waaroor sy haar eerste vollengte fliek wil maak.

"Ek is ontroer deur Dalene se eerlike vertelling van 'n jong meisie wat verskeur is tussen haar ideale en haar liefde vir haar man. Die boek gee ook ruimte vir 'n atmosferiese agtergrond, met pragtige bostonele wat ek

**"EK IS ONTROER DEUR DALENE SE EERLIKE VERTELLING VAN 'N JONG MEISIE WAT VERSKEUR IS TUSSEN HAAR IDEALE EN HAAR LIEFDE VIR HAAR MAN."**

gevoel het op 'n magiese manier ontgin kon word."

Dit neem toe sewe jaar voordat dit fliek word. "Dit is nie dat niemand my 'n kans wou gee nie," sê René, "maar meer 'n

geval van tyd en plek".

Om die boek in 'n draaiboek te verwerk het sy die parallel getrek tussen Karoliena en haar verhouding met Johannes en die verhouding tussen mens en natuur. René het twee jaar voor die verfilming reeds met navorsing begin.

Die beginpunt was om onderhoude te voer met die mense met wie Matthee destyds in die Knysna-omgewing gepraat het. Daarna het sy inligting ingesamel oor daardie tydperk sodat sy onder meer kon verseker die karakters praat in die regte dialek.

René glo sterk in die oudisieproses en die régte akteurs.

"Boonop is die rol van Karoliena ingewikkeld. Dit speel oor agt jaar af en die aktrise moes 'n jong meisie se onskuld vasvang, maar ook 'n ouer vrou speel en groot emosionele tonele bemeester. Elani was dinamies, hardwerkend en kon die vele vlakke betree."

## 'n Bos-ervaring

Kwessies soos die armblanke-uitdaging net voor die koms van apartheid en die mens se invloed op natuurerfenis staan sentraal tot die boek se temas en René sê dis ook in die fliek se sentrale storielyn ingeweef.

"As 'n kyker kan jy die eenvoud daarvan geniet; 'n arm bosmeisie in 'n liefdesdriehoek met die bos en 'n ryk dorpsman. Of jy kan kies om verder te kyk en self dieper te delf in die betekenis van die verhaal en hoe dit op ons moderne samelewing inspeel."

Hulle het vir vier weke in die Knysnabos geskiet en 'n week op McGregor vir die dorpstonele. "Om so diep in die bos te skiet het die fliek 'n spesiale, organiese karakter gegee," sê René. "Dit is vir my belangrik dat die gehoor die omgewing kan 'voel' en daarheen weggevoer word.

"Ons het in die vroeë oggendure in die donker met die kameras deur die bos gestap om *locations* te vind. Waldemar Coetsee, die produksie-ontwerper, het volle dorpies en huise in die bos gebou. Ou karre moes ingesleep word. Donkies. Ekstras!

"Ons het vir weke nie selfoon-ontvangs gehad nie en is werklik weggevoer na die Knysna van die 1930's."

'n Mens wonder hoe René ná sewe jaar haar droom doeltreffend aan ander kon oordra toe daar eers met die produksie begin is. In haar geval aan die kinematograaf, Brendan Barnes, en die vervaardigers, André en Dries Scholtz.

"Dit was 'n groot kreatiewe belewenis," sê sy.

"Om aan 'n Dalene Matthee-projek te werk is vir ons almal 'n loopbaanhoogtepunt. André en sy hele familie het terugvoering gegee. Dries het 'n ongelooflike ruimte geskep sodat ons ons as span soveel moontlik kon bemagtig.

"Ek het al tydens die teksfase 'n baie sterk idee van die musiek ontwikkel wat Andries Smit van Pressure Cooker in 'n unieke klankbaan omgeskep het."

Daarby is die klankontwerp behartig deur Workroom, wat tot dusver slegs aan internasionale flieks en reekse, soos *The Crown*, gewerk het.

"Workroom het in baie detail ingegaan om deur middel van *surround sound* die bos vir die gehoor lewendig te maak." **T**

**DEUR MARYKE ROBERTS**



## LOF VIR RENÉ

*Toorbos* is een van vyf flieks wat in 2018 deur die Cape Town International Film Market and Festival gekies is om deel te vorm van sy Works in Progress-program. Die jurie het onder meer gesê: "Hoewel *Toorbos* 'n periodedrama is, is die vaardigheid en stem van hierdie fliekmaker ongelooflik en onteenseglik vars."

# ONBLUSBARE KULTUURLIEFDE

As taalman is Sakkie Kotze (71) van Centurion geen vreemdeling as dit by die uitbou van Afrikaans kom nie. Dit is geen geheim dat Sakkie in die laaste twee dekades diep spore in die ATKV getrap het nie. Daarom het dié organisasie besluit om hom met erelidmaatskap te vereer op 'n geleentheid wat by die Helpmekaar-kollege in Johannesburg gehou is.

"Ek is baie trots op my jare lange lidmaatskap van die ATKV," sê Sakkie, wat aan die stuur van sake by die ATKV-tak Centurion was. "Die erelidmaatskap is vir my 'n baie groot eer. Ek het 'n onblusbare taal- en kultuurliefde en geniet elke oomblik by die ATKV.

"Ek het nooit gedink aan erkenning vir die harde werk wat ek doen nie. Ek het maar net my passie uitgeleef, maar dit is 'n wonderlike gevoel as jou werk waardeer en raakgesien word."

## PROJEKTE OM OP TROTS TE WEES

Sakkie het in 1993 lid van die ATKV geword en in 1997 takvoorsitter van die ATKV-tak Centurion geword. Hy is in dieselfde jaar op die algemene jaarvergadering in Hartenbos tot direksielid van die ATKV verkies.

"Ons het as gesin geboer by die ATKV se oorde. Ek het ook nog altyd 'n liefde vir die Afrikaanse taal en kultuur gehad. Dit was 'n logiese stap om lid te word."

Sakkie is getroud met Beatrice (73) en hulle het twee kinders, Gerard (39) en Johanel (38).

As voorsitter van die Centurion-tak het Sakkie en sy lede met 'n groot verskeidenheid projekte gewoeker. In Ons Musiekforum nooi hulle sangers en musikante



Sakkie saam met sy vrou, Beatrice, en sy dogter, Johanel.

**"EK HET 'N ONBLUSBARE TAAL- EN KULTUUR-LIEFDE EN GENIET ELKE OOMBLIK BY DIE ATKV."**

om by hul takbyeenkomste, by die ATKV-oorde, die Voortrekkermonument en op die KKNK op te tree. Die tak se Vlam vir Afrikaans-projek "brand" ná vyf jaar steeds hoog by die Erfenissentrum van die Voortrekkermonument.

"Dr. Mimi Coertse het dit vir ons aangesteek en die gedenkplaat onthul. Toppresteerders in Afrikaans word genooi om hul skool se 'groeteboodskap aan Afrikaans' langs die vlamstaander te kom plaas sodat besoekers dit ook kan lees," sê Sakkie. "Gedenkplate vir die eerste Bybel in Afrikaans, eerste radio- en eerste televisie-uitsending is ook daar aangebring."

Dan is Sakkie ook trots op die Prestige Prestasie-skouerbande van Mnr. Afrikaans en Mej. Afrikaans wat die tak aan die Afrikaans-toppresteerders by skole in die streek oorhandig.

Hy sê die ATKV het in sy tyd as lid en takvoorsitter deur 'n groot transformasie gegaan.

"Vroeër jare was die indruk geskep dat Afrikaans slegs vir wit mense is. Deesdae is die ATKV en sy projekte inklusief. Daar is baie swart en bruin skole wat woeker in ons taal en wat aan die ATKV se projekte deelneem."

Sakkie wil voortbou op die huidige projekte wat hy bestuur en sal graag die tak se musiekforum wil sien nuwe hoogtes bereik.

"So lank as wat ek kan, sal ek die taal bevorder en projekte tot die beste van my vermoë aanpak."




Schalk Cilliers; besturende direkteur ATKV-Sake, Sakkie Kotze en Sonél Brits; besturende direkteur ATKV-MSW.

Wat is sy boodskap aan ander liefhebbers van die Afrikaanse taal?

"Ons taal is so mooi en ons kultuurskatte so ryk dat ons nie taalaktiviste nodig het nie. Afrikaans het soos elke ander taal sy eie uniekheid om voort te bestaan. Solank daar mense is wat met trots hul Afrikaanse taal en kultuur uitleef, dit praat, bid en glo, dink en droom, lees en sing, sal ons taal vir ewig bly voortbestaan." **T**

**DEUR JACQUES MYBURGH**
**FOTO'S: JOHAN JACK SMITH**



# ’N VVV OP MY KAROO-STOEP!

Dis iets wat ’n mens nie elke dag in ’n Afrikaanse fliekteater sien nie: ’n Wetenskapsfiksie-riller in die genre wat van *The Blair Witch Project* ’n wêreldfenomeen gemaak het ...

hier’s die uitgangspunt: ’n Kameraversamelaar kom op ’n boks af vol 8 mm- en 16 mm-filmrolle en oudiobande wat van 1967 dateer. Wanneer hy daarna kyk, kom hy op skokkende beeldmateriaal af van ’n dorre Karoolandskap waar alles beslis nie pluis is nie.

Die beeldmateriaal wys hoe vier intelligensie-agente van die sogenaamde Suid-Afrikaanse Republiek in Desember 1967 ondersoek instel nadat ’n vreemde vlieënde voorwerp op ’n boer se plaas geland het.

## Flousfoefie

Die fliek heet *Wesens* en hy pas netjies in die “gevinde beeldmateriaal”-genre wat in 1999 deur die lokettreffer *The Blair Witch Project* gevestig is. Daarin verdwaal ’n groep vriende in ’n onheilspellende woud wanneer hulle die bangmaakstories oor ’n heks ondersoek. In 2008 volg nog ’n baanbreker in dié genre, *Cloverfield*, waarin ’n yslike monster Manhattan in puin lê.

Resensente was gaande oor dié nuwe rolprent.

Laetitia Pople skryf op Netwerk24 dat *Wesens* “druis heeltemal in teen hierdie visueel geletterde generasie se flink lees en verteer van beelde. Hier kyk jy stadiger”.

Die resensent Leon van Nierop het die volgende oor die rolprent te sê gehad: “*Wesens* is soos niks wat jy nog in Afrikaans gesien het nie. Dit dwing jou uit jou springmieliesone en gee nuwe moed aan mense wat dink Afrikaanse rolprente is besig om uit te sterf.”

’n Groot deel van dié soort flieks se trefkrag lê in die feit dat kwansuise amateurbeeldmateriaal as die ware jakob aangebied word. So suksesvol was die bemarkingsveldtog om *The Blair Witch Project* dat miljoene goedgelowiges oor die wêreld heen dit vir soetkoek opgevreet het.

“*The Blair Witch Project* was definitief ’n groot inspirasie vir my,” sê Derick Muller, vervaardiger en regisseur van *Wesens*. “Maar, wanneer mense die fliek kyk, sal hulle vinnig besef dit is iets heeltemal anders. Wat *Wesens* anders maak as tradisionele

*found footage*-flieks is dat daar geen *jump scares* en gogga-maak-vir-baba-bang-tonele is nie."

Volgens Derick het hy eerder dié benadering benut om die emosionele reis van die protagonis (gespeel deur Pietie Beyers) te ondersoek deur die lens van Suid-Afrika in die 1960's. Benewens Pietie, bekend om sy rol in *Skemerson* en *Die boekklub*, is nog bekendes in die fliek Albert Maritz (*Griekwastad*, *Trackers*) en Morné Visser (*Dis ek, Anna* en *The Harvesters*) te sien.

## 'n Anderster storie

Derick vertel hy't die idee vir *Wesens* kry toe hy 'n ou 16 mm-kamera by 'n pandjieswinkel in Ceres gekoop het. "In die boks saam met die kamera was daar ou filmrolle wat ek nie kon kyk nie, omdat ons nie 'n projektor by die huis het nie. Ek het toe begin dink, verbeel jou daar is iets op hierdie filmrolle wat niemand nog gesien het nie, iets wat nooit gesien móés wees nie."





Hy sê die temas wat in *Wesens* ondersoek word, het begin vorm aanneem soos hy navorsing vir die rolprent gedoen het. "Ek het grootliks op die navorsing oor die evolusie van die mens en die oorlewering in die San-kultuur staatgemaak."

Hy wil egter nie te veel oor die volksverhale uitwei nie omdat dit moontlik te veel van *Wesens* se storielyn sal verklap.

Daarby wou hy die storie ook op 'n ánder manier vertel. Daar is byvoorbeeld tonele wat uit lang stukke dialoog bestaan en nog lang skote waarmee hy die tempo wou bepaal waarin die kyker die inhoud verteer. "In kort, die fliek bied kykers presies die teenoorgestelde as die oombliklike bevrediging van sosiale media."

Dít op sigself was 'n groot uitdaging. "Ek werk in die reklamewêreld waar 'n skoot wat meer as drie sekondes in 'n televisie-advertensie is as 'n ewigheid gesien word.

"Die produksie en na-produksie was natuurlik baie meer werk, maar om groot, komplekse temas te distilleer in 'n draaiboek van 90 minute was 'n groot uitdaging."

Minder van 'n uitdaging was die keuse van 'n ligging vir die gebeure. Derick sê dit sou altyd die Karoo wees. "Die Karoo bied hierdie ongelooflike aardse landskap. Daar is iets oers en magies aan die Karoo waarvan ek en Karin Muller – wat saam met my die fliek vervaardig het – baie hou. Ons albei is versot op die Karoo.


Die rolprent is tussen Montagu en Touwsrivier verfilm.

"Die Karoo en wetenskapsfiksie is ook strydige konsepte. Die oud en die modern wat in 'n tipe estetiese simbiose saamwerk."

Die gedagte was nooit om 'n tradisionele rolprent aan Afrikaanse fliekgangers op te dis nie, sê hy. "Die fliek is 'n *found footage*-raaisel wat jou sal boei tot die laaste oomblik, maar moenie die volgende *Fast & Furious* verwag nie."

Die rolprent het op 23 Oktober landwyd in teaters gewys, maar sal begin 2021 op DStv se Boxoffice beskikbaar wees. **T**

**DEUR JACQUES MYBURGH**



# OM WEER VAN NUL AF TE TEL

**DEUR**
**KOOS KOMBUIS**

In die geskiedenisboeke – as daar in die toekoms nog iets soos geskiedenisboeke gaan wees, as ons ganse beskawing en selfs ons digitale erfenis nie oornag uitgewis gaan word deur die een of ander natuurramp, internet-ineenstorting, oorlog of 'n volgende pandemie nie – sal die jaar 2020 hoofsaaklik onthou word as die jaar van die koronavirus.

Tydens die ergste van die grendeltyd was ek baie besig. Ek kon nie skryf waarvoor ek lus was nie.

Weens die geldtekort moes ek woeker om ongewone dinge te doen, dinge buite my gewone bestaan van reis, optree en sing.

Ek het feitlik al my tyd aan my aanlyn kunssake bestee. Eers nou die dag kon ek asemskep, rustig voor my rekenaar gaan sit, deur my lêers gaan en dink: "Waar was ek nou weer laas?"

Daar was 'n klomp halfklaar tekste op my hardeskyf – romans en kortverhale en stories en gedagtes waarmee ek besig was vroeg in 2020, toe ek laas so iets soos 'n "normale" roetine gehad het.

Dit was die vreemdste gevoel, want ek kon amper niks van die werk onthou nie. Ook was ek, hoe verder ek gelees het, toenemend deur afgryse vervul.

Daar was stories wat heel oukei was, maar in retrospek het dit hol en betekenisloos voorgekom.

Dis toe dat ek besef – en dis 'n besef wat die laaste paar dae tot 'n skokwete gegroei het – dat hierdie pandemie inderdaad álles verander het.

Ek het besef ek moet nuwe goed skryf. Outentieke goed. Goed wat die post-pandemie-kultuur in ag neem; probeer perspektief gee op 'n nuwe wêreld met nuwe reëls en nuwe vrese.

Trompie is dood. Die ou karakters is almal tweedimensioneel. Die vorige intrige het nêrens heen gelei nie.

2020 was die jaar toe die Ou Gryses nog verbete probeer vasklou het aan die verstarde tradisies van vergange se dae.

Mense soos Donald Trump het desperaat probeer, en probeer steeds, om die wêreld terug te trek na die donker tye van patriargie, ekonomiese doodloopstrate en uitgediende patrone van doen. Teenoor hulle staan die jeug: Wanordelik, vreesbevange, semi-outisties, maar akuut bewus van die gevare en van hul verantwoordelikheid; anargisties en meedoënloos in hul dors na verandering.

Niks kan ooit weer dieselfde wees nie. Ek kan nie meer dieselfde tipe boeke skryf nie. Ek kan nie dieselfde liedjies sing nie.

Ek moet opstaan van my rekenaar, na die naaste spieël stap en myself afvra: Wie is ek nou?

As ons, die mensdom, nie die moed het om ander paradigmas te skep uit die chaos van hierdie traumatiese winter nie, is ons gedoem tot uitwissing. **T**

RUBRIEK



# OM TE DOOP MET OORGAWE

DEUR
FOURIE ROSSOUW

“dominee, hoekom doop jy so suutjiespoep? Die kind se kop was skaars nat!” sê-vra die oom toe hy my by die trappies van die preekstoel voorkeer. Ek wou nog noem dat die doopbak te vlak is om 'n behoorlike handvol te kan skep toe word ons in die rede geval deur 'n tannie wat wil weet hoekom ons so min verse van elke lied sing. “En waar is die blomme dan vandag?” sê sy in dieselfde asem.

Ek probeer verduidelik dis 'n gewone Sondag en wat die verse betref, in grendeltyd moet 'n mens maar die tyd dophou. “Wat meen jy gewoon?” kap die tannie terug. “Hier is dan gedoop, gebid en gepreek! Nee, Dominee, g'n Sondag is sommer maar net nie.”

Daardie einste aand, nadat ek 'n vriend vertel het van die terugvoering op my dooptegniek, stuur hy vir my 'n YouTube-skakel van 'n Grieks-Ortodokse priester wat 'n kind doop of hy die erfsonde met seep probeer afwas. Die baba word herhaaldelik, met kop en boude om die beurt, in 'n diep doopbak onderdompel.

“Horses for courses,” mompel ek, maar in my hart het ek geweet ek sal moet terug na die tekenbord. Dit was nie net my dooptegniek waaraan daar geskaaf moes word nie, maar my uitkyk op alles wat kerk betref. Ek is skaam om dit te erken, maar ek het een van daardie opdaag-en-preek-dominees geword wat die trefkrag van kuns, skoonheid, musiek en simboliek verruil het vir slimpraatjies en flou grappies.

Daardie dag het die oom en die tannie by die preekstoel se trappies my uit 'n eng gereformeerde groef kom pluk. Ek het vergeet my taak is nie die bediening van woorde nie, maar die bediening van die Woord, wat vlees word en onder ons kom woon.

En die Een wat onder ons kom woon, is allermins gewoon. Waar Hy tuisgekom het, word kerkwater verander in pryswennerwyn, bly mandjies vol vis en brood agter, hang die reuk van duur parfuum vir weke in die lug, verander uitspattige dade van gasvryheid 'n boomklimmende taksman in iemand met burgemeesterpotensiaal en kry vreesbevange dissipels vatkans aan sy wonde wat vrede bring. Die tannie was reg, niks van Hom is sommer maar net nie. So, waarom sal ek dan bid sonder kerse, preek sonder blomme, sing sonder verse of doop sonder dat die kind se kop behoorlik nat word?


Die ander Maandag kom ek by die kerkkantoor aan. Ek stap deur die konsistorie en af in die gang, verby die lang ry van oorlede leraars in swart en wit geklee en netjies geraam. Jare se stoere gereformeerdheid hou 'n wakende oog oor elke nuwe dominee wat moedig poog om verandering te bring. By die liturgiese ruimte vind ek die koster met 'n lap en 'n bottel politoer.

Hy poleer die doopvont verwoed, terwyl hy onderlangs mompel. Ek vra hom wat is fout en hy wys my die wit vlekke op die mooi houtafwerking.

“Dominee moet tog versigtiger doop,” sê hy. “Dis elke Maandag 'n vreeslike gesukkel om die doopvont weer te laat blink. En kyk hoe het die kerse op die mat gemors.”

Stert tussen die bene stap ek terug na my kantoor. Die oorlede dominees gluur my vir oulaas aan terwyl ek die konsistoriedeur agter my toemaak. Terug by my rekenaar kom die een e-pos ná die ander deur. Elkeen sê dieselfde ding: “Dankie vir gister se diens.” **T**

# BLOKRAAI Voltooi & wen




E-pos die antwoord van die leidraad, jou naam, van, fisieke adres, posadres en selfoonnommer na taalgenoot@atkv.org.za. Maak seker dat "Taalgenoot Blokraai" in jou onderwerplyn is. Die kompetisie sluit 28 Februarie 2021. Drie lesers staan die kans om 'n *Pharos Blokraaiantwoorde* te wen. Hierdie is die vierde hersiene uitgawe van die gewilde naslaanbron vir liefhebbers van Afrikaanse blokraaisels. Dié splinternuwe gids is omvattend bygewerk en uitgebrei, en verskaf al die antwoorde om jou Afrikaanse blokraaisel suksesvol te voltooi. *Pharos Blokraaiantwoorde* dek sewe temas: Algemene kennis, Bybelkennis, geografie, kunste en vermaak, politiek, skoonhede en sport.

**Ontsyfer die letters in die sirkels om die volgende te kry: afdeling van die dierkunde waarin voëls bestudeer word.**



ATKV

AUTO & GENERAL MOTOR- EN HUISINHOUDVERSEKERING

auto & general

motor | huis | besigheid | lewensversekering

# SKAKEL 0860 28 28 69



# DIE SOMER IS HIER!

Na 'n lang koue winter, as daar niks lekkerder as heerlike warm dae in die buitelug nie. Onthou net, of jy tuis braai of die pad vat vir 'n somersdag in die vlaktes, om seker te maak dat jy met Auto & General Motor- en Huisversekering gedek is, sodat jy nie in die warm water beland as dinge skeefloop nie.

- Motordekking, ingeval die vinnig-kafee-toe-ry-vir-nog-koeldrank 'n ongelukkige uiteinde het;
- Dekking vir draagbare besittings, ingeval iemand jou selfoon gaps terwyl jy buite kuier;
- Dekking vir jou huisinhoud, ingeval jou peperduur TV voete kry terwyl jy en jou gesin braai.

**MOENIE TOELAAT DAT BEKOMMERNIS JOU PRET AAN BANDE LÊ NIE – SKAKEL ONS SOMMER VANDAG NOG VIR 'N KWOTASIE.**

human.kind/35209

Motor- en Huisinhoudversekering deur die ATKV is 'n produk van Auto & General, 'n gemagtigde versekeraar en finansiële-diensverskaffer (FDV-lisensienommer 16354). Bepalings en voorwaardes aanlyn.

# TAALGENOOT

